2009/6/2 Charlie Els <el55@mweb.co.za>

>
>
> Ariel,
>
> Dalk is sy:
>
> Judith Magdalena *15.11.1843 + c.1899 d.v. Dirk Cornelis (Vaal Dirk)
> *"Kapkamma", dist. Heidelberg Kp 4.5.1814 ~25.9.1814 + 1.10.1895 x
> Swellendam 8.2.1835 Judith Magdalena UYS * 26.9.1818 d.v. Matthys Johannes
> Uys en Judith Magdalena Moolman (SAG Vol 13 bl 506).
>
> Groete,

>
> CHARLIE
>
>
> -----Original Message-----
> From: SAGenealogie@yahoogroups.com
<SAGenealogie%40yahoogroups.com>[mailto:
> SAGenealogie@yahoogroups.com <SAGenealogie%40yahoogroups.com>]On
> Behalf Of Ariel Rudolph
> Sent: 02 June 2009 07:43 AM
> To: sagenealogie
> Subject: [SA-Gen] Judith Magdalena UYS
>
> Groete Almal,
> Ek is op soek na enige inligting oor Judith Magdalena UYS gebore c.
1843
> Sy het getrou met Johannes Cornelius Izaak RUDOLPH en is oorlede op
> Kareebosch, Standerton, Transvaal.
> Enige help sal waardeer word.
>
> n.s. Daar sal miskien gegewens bevat word in SAG
>
> Groete
> Ariel
> Israel

7. NAUDE, Amelia Regina
Posted by: "Hugenote Museum" hugenoot@museum.co.za
Tue Jun 2, 2009 3:30 pm (PDT)

Beste Faan,

Baie dankie vir die moeite wat jy gedoen het om die huweliksdatum van Amelia Regina Naude en George William Breakspear op te soek, ek waardeer dit.

Vriendelike groete,

Juna Malherbe
FRANSCHHOEK

8. LE ROUX, Willem Johannes
Posted by: "Hugenote Museum" hugenoot@museum.co.za
Tue Jun 2, 2009 3:30 pm (PDT)

Beste Louisa,

Weet jy min of meer wanneer Willem Johannes LE ROUX gebore is ?

Vriendelike groete,

Juna Malherbe
FRANSCHHOEK

9a. Nuweling
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com jorgeestreux
Tue Jun 2, 2009 10:58 pm (PDT)

More almal,
n Nuwe aankomeling in die familie.
Bianca Le Roux.*2 Junie 2009.
Ouers: Jacques Francois Le Roux en Elsie Maria Elizabeth Esterhuizen.
Groot-ouers: Barend Daniel Esterhuizen en Susanna Hendrina Elizabeth Pieterse, en Ewald Johann Le Roux en Anna Jacomina Cronje.

Gert

9b. Re: Nuweling
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Wed Jun 3, 2009 7:21 am (PDT)

Hallo Gert, is dit jou sus se kleinkind?

Baie geluk aan almal met hierdie klein wonderwerkie. Mag sy vir julle almal
baie vreugde bring.

Annatjie

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Gert Esterhuizen
Sent: Wednesday, June 03, 2009 7:59 AM
To: SAGen
Subject: [SA-Gen] Nuweling

More almal,
n Nuwe aankomeling in die familie.
Bianca Le Roux.*2 Junie 2009.
Ouers: Jacques Francois Le Roux en Elsie Maria Elizabeth Esterhuizen.

Groot-ouers: Barend Daniel Esterhuizen en Susanna Hendrina Elizabeth
Pieterse, en Ewald Johann Le Roux en Anna Jacomina Cronje.

Gert

[

9c. Re: Nuweling
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com   jorgeestreux
Wed Jun 3, 2009 7:24 am (PDT)

Annatjie,
Baie dankie!! Is my ouboet se enigste dogter se eersteling!!!

Gert

2009/6/3 Ann Tiran <anntiran@polka.co.za>

>
>
> Hallo Gert, is dit jou sus se kleinkind?
>
> Baie geluk aan almal met hierdie klein wonderwerkie. Mag sy vir julle
almal
> baie vreugde bring.
>
> Annatjie
>
> ______
>
> From: SAGenealogie@yahoogroups.com
<SAGenealogie%40yahoogroups.com>[mailto:
> SAGenealogie@yahoogroups.com <SAGenealogie%40yahoogroups.com>] On
> Behalf Of Gert Esterhuizen
> Sent: Wednesday, June 03, 2009 7:59 AM
> To: SAGen
> Subject: [SA-Gen] Nuweling
>
>
> More almal,
> n Nuwe aankomeling in die familie.
> Bianca Le Roux.*2 Junie 2009.
> Ouers: Jacques Francois Le Roux en Elsie Maria Elizabeth Esterhuizen.
> Groot-ouers: Barend Daniel Esterhuizen en Susanna Hendrina Elizabeth
> Pieterse, en Ewald Johann Le Roux en Anna Jacomina Cronje.
>
> Gert
>
> [
>

>
>
>

10a. ARIKAANS name wat in my CHURCH stamboom verskyn
Posted by: "Willy Mowlam" wm30@mweb.co.za
Wed Jun 3, 2009 12:48 am (PDT)

James Luke CHURCH en Elizabeth GREENACRE was Britse Setlaars van 1820 - verseker het 'n paar van sy nasate met Afrikaaners getrou - ek soek nou vir die families.
Sir Benjamin Wesley GREENACRE, die een wat saam me T. Harvey die besigheid Harvey & Greenacre in Durban (gestig?) het, was van die familie van Elizabeth.

Dogters van kleinseun James Matthew CHURCH x RiebeeckKasteel, Jacoba Johanna Aletta DU PREEZ,

SLABBER pn. trou met Anne Isabella CHURCH, sy was 'n wed. toe haar Pa dood gaan in 1937.

MARe John, trou met Sophia Johanna CHURCH. ditto

LOUBSER, Michiel Pieter Marais trou met Helena Johanna CHURCH, haar twede huwelik
LATEGAN, Willem Hendrik

Van Breda KOTZE, Kenne Nicolaas x Kaapstad, Jacoba Johanna CHURCH + Germiston 194
hulle seuns:
Kennith Nicolaas van Breda KOTZE
Charles Loxton(?) KOTZE
James Matthew KOTZE
hulle dogters:
BRITZ, Jacobus Hermanus * Heidelberg KP, 1909 x Germiston + 1975 trou met Helena Anna KOTZE
Gey VAN PITTIUS, Nicolaas Claudius trou met Isabella Daphne KOTZE gesky 1975

Enige bydrae is welkom.
Dorothy Mowlam

10b. Re: ARIKAANS name wat in my CHURCH stamboom verskyn
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com jorgeestreux
Wed Jun 3, 2009 1:32 am (PDT)

Dorothy,
Die lyn van my skoonma:
1) George CHURCH X Mary HAWKINS
2) Luke CHURCH X Anne JEYES
3)James Luke CHURCH X Elizabeth GREENACRE
4) Frederick Christopher CHURCH X Johanna Sophia DE VILLIERS
5) Jacob De Villiers CHURCH X Florence ROSE
6) Christopher John CHURCH X Ann TAYLOR
7) Janet Margaret CHURCH X arnot Frank GOLDING

Gert

2009/6/3 Willy Mowlam <wm30@mweb.co.za>

>
>
>
> James Luke CHURCH en Elizabeth GREENACRE was Britse Setlaars van 1820
-
> verseker het 'n paar van sy nasate met Afrikaaners getrou - ek soek
nou vir
> die families.
> Sir Benjamin Wesley GREENACRE, die een wat saam me T. Harvey die
besigheid
> Harvey & Greenacre in Durban (gestig?) het, was van die familie van
> Elizabeth.
>
> Dogters van kleinseun James Matthew CHURCH x RiebeeckKasteel, Jacoba
> Johanna Aletta DU PREEZ,
>
> SLABBER pn. trou met Anne Isabella CHURCH, sy was 'n wed. toe haar Pa
dood
> gaan in 1937.
>
> MARe John, trou met Sophia Johanna CHURCH. ditto
>
> LOUBSER, Michiel Pieter Marais trou met Helena Johanna CHURCH, haar
twede
> huwelik
> LATEGAN, Willem Hendrik
>
> Van Breda KOTZE, Kenne Nicolaas x Kaapstad, Jacoba Johanna CHURCH +
> Germiston 194
> hulle seuns:
> Kennith Nicolaas van Breda KOTZE
> Charles Loxton(?) KOTZE
> James Matthew KOTZE
> hulle dogters:
> BRITZ, Jacobus Hermanus * Heidelberg KP, 1909 x Germiston + 1975 trou
met
> Helena Anna KOTZE
> Gey VAN PITTIUS, Nicolaas Claudius trou met Isabella Daphne KOTZE
gesky
> 1975
>

> Enige bydrae is welkom.
> Dorothy Mowlam
>

>
>
>

10c. Re: ARIKAANS name wat in my CHURCH stamboom verskyn
Posted by: "Willy Mowlam" wm30@mweb.co.za
Wed Jun 3, 2009 5:10 am (PDT)

Ja Gert, ek weet, ek is die een wat vir jou die informasie gegee het :
)

----- Original Message -----
From: "Gert Esterhuizen" <murdeira74@gmail.com>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Wednesday, June 03, 2009 10:31 AM
Subject: Re: [SA-Gen] ARIKAANS name wat in my CHURCH stamboom verskyn

Dorothy,
Die lyn van my skoonma:
1) George CHURCH X Mary HAWKINS
2) Luke CHURCH X Anne JEYES
3)James Luke CHURCH X Elizabeth GREENACRE
4) Frederick Christopher CHURCH X Johanna Sophia DE VILLIERS
5) Jacob De Villiers CHURCH X Florence ROSE
6) Christopher John CHURCH X Ann TAYLOR
7) Janet Margaret CHURCH X arnot Frank GOLDING

Gert

2009/6/3 Willy Mowlam <wm30@mweb.co.za>

>
>
>
> James Luke CHURCH en Elizabeth GREENACRE was Britse Setlaars van 1820
-
> verseker het 'n paar van sy nasate met Afrikaaners getrou - ek soek
nou
> vir
> die families.
> Sir Benjamin Wesley GREENACRE, die een wat saam me T. Harvey die
besigheid
> Harvey & Greenacre in Durban (gestig?) het, was van die familie van
> Elizabeth.
>
> Dogters van kleinseun James Matthew CHURCH x RiebeeckKasteel, Jacoba
> Johanna Aletta DU PREEZ,

>
> SLABBER pn. trou met Anne Isabella CHURCH, sy was 'n wed. toe haar Pa dood
> gaan in 1937.
>
> MARe John, trou met Sophia Johanna CHURCH. ditto
>
> LOUBSER, Michiel Pieter Marais trou met Helena Johanna CHURCH, haar twede
> huwelik
> LATEGAN, Willem Hendrik
>
> Van Breda KOTZE, Kenne Nicolaas x Kaapstad, Jacoba Johanna CHURCH +
> Germiston 194
> hulle seuns:
> Kennith Nicolaas van Breda KOTZE
> Charles Loxton(?) KOTZE
> James Matthew KOTZE
> hulle dogters:
> BRITZ, Jacobus Hermanus * Heidelberg KP, 1909 x Germiston + 1975 trou met
> Helena Anna KOTZE
> Gey VAN PITTIUS, Nicolaas Claudius trou met Isabella Daphne KOTZE gesky
> 1975
>
> Enige bydrae is welkom.
> Dorothy Mowlam
>

>
>
>

------------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

11. Roy Sydow
Posted by: "bonnie sydow" bsydow@vodamail.co.za aaosydow
Wed Jun 3, 2009 1:28 am (PDT)

Hallo mede-geners

Na 2 weke se afwesigheid is ek nou weer aanlyn & wel by my suster in Leeupoort.

Ek wil almal bedank vir hul briewe & telefoonoproepe ivm die heengaan van my seun Roy.

Die begrafnisdiens was gehou op 23.5,2009 te NG Kerk Stellenberg en is bygewoon deur meer as 200 familie & vriende.

Wat sy dood nog meer ironies maak is dat hy heeltemaal kleur of ras blind was,wat bevestig is omdat omtrent die helfte sy vriende,

wie die diens bygewoon het, bruin, swart, joods, moslem, esm. was.

Ds Bremer Gericke het vir Roy geken vanaf 1983 en het ons getroos met sy boodskap aan ons.

Die SAP van Vredendal & die Weskus het binne 2 dae die verdagtes in hegtenis geneem & ook Roy se motor gevind. Meer leidrade word nog opgevolg.

Met n seer hart groet ek julle maar weet dat ons mettertyd vertroosting sal kry.

Bonnie

Andrew (Bonnie) Sydow

Katzenellenbogen singel 6

Stellenberg, Bellville 7530

Tel 021 919 2951

Sel 082 619 2713

e-pos: bsydow@vodamail.co.za

NAVORSER van GRUNDLING, RHEEDER, STRYDOM & SYDOW

12a. Geboorte Sert.
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Wed Jun 3, 2009 6:51 am (PDT)

Hi Lyslede.
Kan iemand my help met 'n skakel om geboorte sertifikate in Engeland te kan bekom?. By voorbaat dankie.

Groete.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

12b. Re: Geboorte Sert.
Posted by: "Dennis Pretorius (Office)" krugersdorp@pixie.co.za
dennis_pretorius
Wed Jun 3, 2009 7:27 am (PDT)

Hallo Louis

Gaan eers na:
http://www.freebmd.org.uk/
om die GRO se verwysingsnommer op te soek en dan na:

https://www.gro.gov.uk/gro/content/certificates/login.asp

om die sertifikaat te bestel

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: Louis Hurn
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Wednesday, June 03, 2009 3:46 PM
Subject: [SA-Gen] Geboorte Sert.

Hi Lyslede.
Kan iemand my help met 'n skakel om geboorte sertifikate in Engeland te kan bekom?. By voorbaat dankie.

Groete.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

13a. [KOERANT]BEELD- LAPPE VERTEL
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 7:26 am (PDT)

Lappe Laubscher: Struwelinkie oor wie s'n monument nou eintlik is
May 19 2009 02:45:47:563PM - (SA)

Nou die ander dag daag daar 'n klomp manne by die Voortrekkermonument op. Hulle was bitter ongelukkig. Soos ek die ding verstaan, sien die mense die monument as Afrikaner-eiendom en die gebou self as die kerk wat die Voortrekkers destyds, toe hulle in die knyp voor die slag van Bloedrivier was, beloof het dat hulle vir God sou bou.

Teen die agtergrond was die manne nie min ongelukkig dat die geskenkwinkel by die monument ook artikels soos kondome verkoop het nie. Van die ander ware van die winkel het ook die klomp se nekhare laat rys.

As daar egter sonder emosie na die feite rakende die monument gekyk word, kom 'n interessante prentjie na vore.

Eerstens behoort die grond waarop die monument staan aan die staat - met ander woorde dis grond waarop elke Suid-Afrikaner gelyke reg het.

Die boukoste van die monument het ongeveer R720 000 beloop. In 1931 is daar begin om geld in te samel vir die bou van die monument. Spesiale posseëls is deur die staat uitgereik. Van die sigwaarde van die posseëls is 'n derde in die boufonds vir die monument gestort.

Vier jaar ná daar begin is met die geldinsameling was daar nog net R7 600 in die kas. Hiervan was nie minder nie as R6 560 afkomstig uit die verkoop van posseëls. Afrikaner-instellings soos kerkrade, Dingaansfeeskomitees en skole het minder as R600 ingesamel.

Dit was dus baie vroeg duidelik dat terwyl die Afrikaner emosioneel sterk gevoel het vir die oprigting van 'n monument vir die

Voortrekkers, hulle nie so sterk daaroor gevoel het dat hulle bereid was om self daarvoor te betaal nie. Uiteindelik het die staat ingestaan vir die boukoste.

Hier kan daar as versagting genoem word dat die geldinsameling in die Depressiejare en net daarna plaasgevind het. Die teendeel is egter ook waar. Dit is nie eie aan die Afrikaner om skuld aan te gaan wat hy nie kan betaal nie.

Die argitek van die monument, Gerard Moerdyk, het self vertel dat hy by die ontwerp van die monument moes besluit wie almal onder die naam "Voortrekkers" gehuldig moes en kon word.

Hy het toe na vele navorsing besluit dat die wit trekkers, Engelse, Italianers en ook swart mense en spesifiek die lede van die Barolong onder die versamelnaam vereer behoort te word.

Die laaste aanspraak van die "beswaardes" was dat die monument ook die Geloftekerk van die Voortrekkers is. Die stelling is besonder interessant

14. [KOERANT]BEELD-ASPELING Betrus en Ruan [18]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 7:26 am (PDT)

Pa en seun (18) sterf saam in ongeluk
Jun 02 2009 10:23:02:757PM - (SA) Carla van Niekerk

'n Matriekleerling aan die Hoërskool Lichtenburg en sy pa het die naweek verongeluk.

Daar was twee ongelukke Sondagoggend buite Lichtenburg en benewens die pa en seun is nog vyf mense dood.

Mnr. Bertus Aspeling het vermoedelik om 'n draai op die Biesiesvlei-pad beheer oor hul voertuig verloor, het insp. Carina Fourie, polisiewoordvoerder, gister gesê.

Sy seun, Ruan (18), was 'n gr. 12-leerling aan die Hoërskool Lichtenburg.

Mnr. Leon Bantjes, skoolhoof, het gesê Ruan was in die skool se leerlingraad en was 'n "baie skrander" leerling. Hy het nasionale kleure in tweekamp behaal en die land verlede jaar op die wêreldkampioenskap in Italië verteenwoordig.

"Ruan was 'n baie geliefde kind in die gemeenskap en het 'n fyn humorsin gehad. Sy bynaam was Tolla. Dit is vir ons 'n groot skok."

Me. Bets Aspeling, Ruan se ouma, het gesê hy was 'n "aangename kind" met 'n groot vriendekring.

Haar seun, Bertus, was 27 jaar lank 'n tegnikus by Telkom. Hy laat sy vrou, Wilma, en twee kinders, Jacques (20) en Welmien (21), agter.

"Dit is verskriklik, maar onder die omstandighede gaan dit goed. Almal is goed vir ons."

Die twee word môre om 14:00 vanuit die NG moedergemeente (die Klipkerk) in Lichtenburg begrawe.

In die ander ongeluk omstreeks 02:30 Sondagoggend is vyf mense op slag dood in 'n botsing reg van voor tussen twee voertuie op die Verdwaal-pad No. 1 naby Itsoseng, het insp. Sam Tselanyane, polisiewoordvoerder, gesê.

Drie van die slagoffers, wat saam met me. Lerato Beauty Molosiwa (25) in 'n Toyota Tazz gery het, was businspekteurs van Sutlwagi Inspectorate wat kontrakwerk vir Atamaleng-busoperateurs in Mafikeng gedoen het.

Mnre. Phinda Nkuna (30), Benjamin Hegroes (30) en Obakeng Mochubele (26), was nie aan diens nie en het nie toestemming gehad om met die maatskappymotor te ry nie, het mnr. Andy Maseko, 'n opsigter by Sutlwagi Inspectorate, gesê.

Mnr. Sello Moses Sejaphala (35), bestuurder van die ander voertuig, 'n Volkswagen Jetta, is ook dood.

15. [KOERANT]BEELD-HEINE Erich [41]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 7:28 am (PDT)

SA man op rampvlug 'n briljante ingenieur
Jun 03 2009 05:40:26:243AM - (SA)

Elise Tempelhoff

'Ek is moeg gedink. Daar is nog geen nuus oor Erich nie. Ek het nou net op CNN gesien hulle het wrakstukke van die vliegtuig gekry. Ons bly hoop."

So het 'n verslae me. Alet Heine, vrou van die vermiste Suid-Afrikaanse ingenieur wat 'n passasier op die noodlottige Air France-vlug was, gistermiddag telefonies vanuit Rio de Janeiro aan Beeld gesê.

Sy, Heine (41) en hul drie dogters, Kirsten (6) en die tweeling Anja en Melissa (4), woon die afgelope jaar in dié Brasiliaanse stad, waar Heine vir die Duitse staalreus ThyssenKrupp werk.

Vlug 447, met 228 mense aan boord, het eergisteroggend vroeg oor die Atlantiese Oseaan verdwyn nadat dit van Rio na Parys, Frankryk, vertrek

het. Wrakstukke wat moontlik van die Airbus A330 afkomstig kan wees, is gister opgemerk deur Brasiliaanse vliegtuie wat aan die massiewe soektog deelneem. Sitplek-kussinkies, 'n reddingsbaadjie en tekens van brandstof op die wateroppervlak is sowat 680 km noord van die Brasiliaanse eiland Fernando de Noronha gesien.

Die Franse regering het gisteraand gesê hy stuur 'n navorsingskip met twee mini-duikbote na dié omgewing, waar die water sowat 4,7 km diep is.

Die nuus dat Heine op dié vlug was, het gister vroegoggend soos 'n veldbrand deur Vanderbijlpark getrek - onder meer deur 'n gimnasium waar hy vroeër geoefen het.

Vriende van Heine het geskok rondgestaan terwyl 'n voormalige kollega hulle die nuus meegedeel het.

"Hy is 'n amazing, talentvolle, dinamiese mens. Ek hoop en bid dat hy leef," het me. Ruzanne Janzen van Rensburg, 'n vriendin, gesê. Sy het in die vroeë 1990's saam met Heine by Iscor (nou ArcelorMittal) gewerk.

Janzen van Rensburg het hom as 'n "briljante ingenieur" beskryf. Nadat hy in 2006 by ThyssenKrupp in Duitsland begin werk het, het hy Duits in net drie weke leer praat, het sy gesê.

Haar man, Herman, het gistermiddag gesê hy en Heine was baie goeie vriende en het mekaar minstens een keer per week gebel en gereeld e-posse aan mekaar gestuur.

"Ek het hom gisteroggend gebel. Ek het 'n boodskap gelos dat hy my asseblief dadelik moet terugbel. Nou ja, ek het nog niks van hom gehoor nie."

Mnr. Janzen van Rensburg het gesê die mense het altyd na Heine verwys as " 'n ingenieur met persoonlikheid - hy het alles gehad: looks, die persoonlikheid en die verstand".

Mev. Janzen van Rensburg het gesê Heine is "mal" oor die natuur, veral oor Botswana en oor diere.

Me. Dalene Smith, wie se man, Hein, 'n kollega van Heine is en ook in Rio de Janeiro woon, het gesê mev. Heine bly tans by haar.

Erika Gibson berig Heine was een van twee werknemers van ThyssenKrupp Steel wat op die vermiste vliegtuig was. Mnr. Claus-Peter Hellhammer (28), 'n kollega van Heine, was tot vroeg vanjaar by die maatskappy se aanleg in Brasilië, waarna hy na Duisberg, Duitsland, verplaas is. Hy was in Brasilië op 'n private besoek.

16. [KOERANT]BEELD-PRETORIUS Jaco [42]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 7:28 am (PDT)

Buks Viljoen

'n Man van Lydenburg wat sy vrou in 2006 byna doodgeslaan het, het tronkstraf vrygespring - op sy slagoffer se versoek.

Mnr. Jaco Pretorius (42) is 18 maande korrektiewe toesig en vyf jaar tronkstraf opgelê weens poging tot moord op sy voormalige vrou, me. Annetjie Smit. Hy moes ook elke naweek van sy korrektiewe toesig vier uur gemeenskapsdiens by die plaaslike hospitaal doen. Die vonnis is vir vyf jaar opgeskort.

Pretorius, 'n voorman by 'n myn naby Lydenburg, is twee weke gelede skuldig bevind aan die moordpoging op 14 Augustus 2006. Smit is erg aangerand en vir dood in die egpaar se huis op dié dorp agtergelaat.

Haar kakebeen was op vyf plekke gebreek, haar regteroog het buite die oogkas gehang en sy het breinskade opgedoen. Die twee is intussen geskei.

Pretorius het daarna verdwyn, maar is later in Nelspruit in hegtenis geneem.

Smit moet steeds mediese en sielkundige behandeling kry. Sy het gister aan Beeld gesê sy het gedurende die twee jaar lange hofstryd volgehou Pretorius moet nie tronkstraf opgelê word nie.

"As gevolg van my mediese probleme is ek afhanklik van onderhoud van hom. As hy tronk toe gegaan het, sou hy sonder inkomste wees en sou ek dus nie versorg kon word nie."

Streeklanddros Andries Lamprecht het gesê Pretorius verdien wel tronkstraf, maar hy gee toe aan Smit se versoek omdat sy geldelike steun nodig het

17a. [KOERANT]MPUMALANGA BEELD-ERMELO
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 7:28 am (PDT)

'n Terugblik op die verlede
May 28 2009 11:55:54:613AM - (SA)
Arisja Jacobs
Ermelo. - Die plaaslike boeregemeenskap van Ermelo het verlede week hul lywe akteur gehou.

Selfs plaasdiere is onder die toesig van die Dierebeskermingsvereniging (DBV)ingespan om Suid-Afrika se geskiedenis aan Duitse televisie-kykers uit te beeld.

Gruppe 5 Film Production, in samewerking met Bruce Thackwell Associates het verlede week in Ermelo 'n gedeelte van 'n dokumentêre prent oor die land verfilm. Judith Voelker van Duitsland is die regisseur.

Die doel van dokumentêre prent is om Duitse sokkergeesdriftiges, wat volgende jaar die Wêreldbeker-sokkertoernooi wil bywoon, meer oor Suid-Afrika te leer en 'n beter begrip van die mense hier te gee.

Die Ermelo-verfilming het op die Anglo-Boere-oorlog gefokus.

Gideoni Huber, gebore Burhmann, het die geriewe, akteurs en diere vir die verfilming verskaf.

Huber se familieplaas, die geskiedkundige De Emigratie-plaas buite Ermelo, is reeds vier geslagte lank in die Burhmann-familie en spog met verskeie historiese geboue wat steeds vandag gebruik word.

Die DBV was van Maandag tot Donderdag op die stel om 'n oog oor die welstand van die diere in die produksie te hou.

Maandag is 'n lokval en skermutseling tussen Boere en Engelse soldate, gespeel deur plaaslike boere, teen 'n koppie uitgebeeld.

NJ Arnoldi (20) vertolk die hoofrol as Deneys Reitz.

Tonele is Dinsdag by die ou plaashuis geskiet. 'n Ou plaasgebou het die agtergrond geskep vir 'n oggendtoneel waar twee vriende teiken skiet en 'n middagtoneel waar beeste aangejaag word.

In 'n ander toneel het 'n jong Boer sy makkers in die omgewing van die Engelse soldate se aankoms vertel.

Ruh Burhmann is soos 'n boer van ouds opgemaak, lang baard en al, terwyl een van die plaaswerkers soos 'n veewagter aangetrek is.

Die rolprentspan het omstreeks 04:00 op die Woensdagoggend na die buurplaas van Timothy Hill vertrek. Insp. Jenneth Geel van die DBV het saamgegaan na die verfilming van 'n veewagter in tradisionele klere wat Nguni-beeste aanjaag. "Die arme man het swaar gekry, want daai diervelle is lankal nie meer so warm soos gewone langbroeke en truie nie," het Geel vertel.

Die span het Donderdag 'n ossewa, wat oor die horison beweeg, verfilm, en Richard Huber, Ronelda Wessels, Andrew Burhmann en Ruane Huber het 'n tipiese Boer-gesin uitgebeeld.

Die ossewa behoort aan oom JR Burhmann en sy neef oom Gideon Burhmann het dit versier. Die twee neefs boer al vir meer as 50 jaar op die plaas

18. [KOERANT]TSHWANE-BEELD-NG MORELETA
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie

Wed Jun 3, 2009 7:29 am (PDT)

NG Moreleta se nuwe bouprojek
May 26 2009 11:02:41:157AM - (SA)

Neels Jackson
Een gebou is klaar betaal, die ander verkoop en nou is die NG gemeente Moreletapark besig met sy volgende bouprojek.

Dit is 'n beknopte weergawe van die oorgangsfase waarin die NG Kerk se grootste gemeente nou is.

Ds. Dirkie van der Spuy sê die skuld van sowat R100 miljoen op hul megakerkgebou op hul Woodlandskampus is begin vanjaar afbetaal.

Nadat dié gebou in gebruik geneem is, is die ouditorium van hul ou gebou in Rubensteinrylaan op Sondagoggende verhuur aan Choose Life, 'n Engelse charismatiese gemeente.

Past. John Roebert van Choose Life sê hulle het in September 2005 in 'n rolprentteater begin voor hulle Moreleta se gebou begin huur het.

Intussen het hulle aangegroei tot 'n gemeente van 1 500 mense met vier pastore.

Choose Life het 'n suksesvolle aanbod aan Moreletapark gemaak om hul ou gebou vir R40 miljoen te koop.

Nou huur Moreletapark dié gebou terug terwyl hulle by hul Woodlandskerk bou om te vervang en uit te brei op dit wat hulle nou verkoop het.

Van der Spuy sê hulle bou nou vier lesinglokale, 'n groot gesellige kuierarea met 'n kafeteria, 'n kantoorblok, beradingsafdeling en ateljees vir klank en videoproduksies.

Hulle bou ook 'n groter stoor om voorraad wat lidmate skenk te berg en te orden voordat dit versprei word waar dit nodig is.

Hulle brei ook die kleuterafdeling agter die kerk uit.

Van der Spuy sê dié bouwerk moet onder meer voorsiening maak vir die kerk se 160 personeellede.

Dit gaan sowat R67 miljoen kos en behoort teen einde vanjaar klaar te wees.

Die ooreenkoms met Choose Life is dat hulle die geboue in Rubensteinrylaan teen einde Januarie 2010 sal oorgee.

Van der Spuy sê hulle werk ook aan planne om die verkeersvloei by hul Woodlands?kampus te verbeter.

19. NG KERK -MARIKANA
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 7:29 am (PDT)

Goeie Middag Almal,

Is julle bewus dat hulle die Kerk gesloop het ´n paar dae terug. Dankie Erick Pietersen dat jy die fotos met ons gedeel het. Daardie gebou kon vir iets anders gebruik geword het.

Groete
Elizabeth

20. [KOERANT]BEELD-DU TOIT Dirk [66]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 7:29 am (PDT)

Eks-adjunkminister Dirk du Toit sterf
Jun 02 2009 12:04:50:053AM - (SA) Pieter du Toit, Kaapstad

Adv. Dirk du Toit (66), voormalige adjunkminister van landbou en grondsake, is gisteroggend skielik by sy huis hier dood.

Volgens sy dogter, me. Adeleida Bingham, is haar pa se dood 'n groot skok. "Dit was onverwags. Die familie is baie hartseer en ons is net bly my ma, Niconette, was by hom.

"Sy het vir hom sy tweede koppie koffie in die bed gebring toe hy skielik siek begin voel het. Sy bene het ingegee toe hy uit die bed opgestaan het."

Volgens Bingham is dit nog onseker wat die rede vir Du Toit se dood is, maar 'n beroerte word vermoed.

Du Toit, wat ook in die nasionale raad van die eertydse Demokratiese Party (DP) gedien het, was hoof van die Universiteit van die Vrystaat se departement staatsreg en regsfilosofie voordat hy in 1994 as ANC-LP verkies is.

Hy was 'n lid van die grondwetlike komitee wat die finale grondwet opgestel het en het gedien as medevoorsitter van die subkomitee oor die drie regeringsvlakke.

Oudpres. Thabo Mbeki het hom in 1999 as adjunkminister van landbou en grondsake aangewys en in 2004 heraangestel. Hy het ná die verkiesing vroeër vanjaar uit die politiek getree.

Dr. Theo de Jager, adjunkpresident van AgriSA, het medelye met Du Toit se familie betoon, maar gesê daar was deurentyd spanning tussen

georganiseerde landbou en die adjunkminister. "Ons het ernstig gebots, maar ek moet sê onderhandelinge was altyd vriendelik en gemoedelik. Daar was min middelgrond tussen ons en spanning het die laaste ruk toegeneem toe die belange van kommersiële landbou teen dié van die ontwikkelingslandbou gestel is."

Die regering wou nie kommentaar oor Du Toit se afsterwe lewer nie, terwyl ANC-woordvoerders nie bereikbaar was nie.

Du Toit was 'n oud-Kovsie. Hy het ook aan die Universiteit van Leiden gestudeer.

Begrafnisreëlings is nog nie bevestig nie, maar volgens Bingham sal hy voorlopig Vrydag om 14:00 vanuit die Groote Kerk in die stad begrawe word.

Du Toit laat drie dogters - Bingham en mee. Marietjie Koortz en Dericka du Toit - asook sy vrou agter.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3836

Datum:  Wednesday, June 03, 2009

Daar is 1 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 28 Mei 2009 From: P Marx

1. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 28 Mei 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Wed Jun 3, 2009 7:43 am (PDT)

Sterfgevalle
BEZUIDENHOUT, Kerneels. +Maandag 25 Mei 2009. Eggenote, kinders, kleinkinders.
Roudiens Vrydag 29 Mei 2009 11:00 NG kerk Moedergemeente, Noordeinde. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 28/05/2009) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

EHLERS, Juan. +Sunday 25/05/2009. Wife Avril, children Sage & Machenta, mother Sannie,
brothers Dirk & Gerrie and family. (Die Burger Oos-Kaap 28/05/2009)

LANDMAN, Hilda. +Sondag 24 Mei 2009. Begrafnisdiens Vrydag 29 Mei 200914:00 AGS kerk,
Youngpark. Forest Hill-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 28/05/2009) Marie Steyn DOVES
Port Elizabeth 041 365 5399

VAN DYK, Jocelyn Gracie (Ouma Popeye). Begrafnisdiens Vrydag 29 Mei 2009 10:30
Volle Evangelie kerk, Sidwell (Port Elizabeth). (Die Burger Oos-Kaap 28/05/2009)

Hester Marx Loerie

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3837

Datum: Thursday, June 04, 2009

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 29 Mei 2009 From: P Marx
2. Kruger Navraag From: Elizabeth Oberholster
3a. Ensiklopedie van die ABO From: Charlie Els
3b. Re: Ensiklopedie van die ABO From: Ann Tiran
4. VANDAG IN DIE GESKIEDENIS: PIETER DU PREEZ EN DINGAAN From: Daniel Jacobs
5. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 30 Mei 2009 From: P Marx
6. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 01 Junie 2009 From: P Marx
7a. Rood(t) From: Pieter Hendrik
7b. Re: Rood(t) From: JJ Swanepoel
7c. Re: Rood(t) From: MeerkatB
8. Bossert kenners From: dues_ex_machina
9. (no subject) From: stoffel.willemse
10a. Re: NG KERK -MARIKANA From: paul.prinsloo
11. [Koerant] The Mercury Dinsdag 2 Junie 2009 From: aletta magrieta.quebbemann
12. [KOERANT]BEELD-VAN RENSBURG Eren [20] From: TEIR Elizabeth
13. [KOERANT]BEELD-HEINE Alet en wyle Erich From: TEIR Elizabeth
14. (Koerant) Beeld 03 Jun. 2009 From: Fanie Blignaut
15. [Koerant] The Mercury 3 Junie 2009 From: aletta magrieta.quebbemann
16a. Re: VAB-versoek From: Chris Hendriks
17. (Koerant) Beeld 04 Jun. 2009 From: Fanie Blignaut
18a. Re: (unknown) From: Dennis Pretorius (Laptop)
19. [Koerant] TygerBurger Woensdag 3 Junie 2009 From: Johan van Breda
20. [Koerant] BEREA Mail 5 Junie 2009 en The Mercury Woensdag 4 Junie 20 From: aletta magrieta.quebbemann
21. Dorsland Prinsloos.. From: paul.prinsloo
22. Tony de Buys A Walk through Time From: Adélle Jerling


1. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 29 Mei 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Wed Jun 3, 2009 8:18 am (PDT)

Sterfgevalle
CONRADIE, Leon. +28 Mei 2009. Suster Muriel, kinders en kleinkinders.
(Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009)

MBILINI, Letticia (Phumzi). + We will miss you Phumzi. Frontline, Port Elizabeth branch.
(Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009)

SCHEEPERS, Piet. +Dinsdag 26 Mei 2009 84 jaar. Kinders, kleinkinders. Begrafnisdiens Saterdag
30 Mei 2009 13:00 Kruisfontein Congregational Kerk, Humansdorp. Graslaagte-begraafplaas, Humansdorp.
(Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009) Ooskaap Begrafnisdienste 041 992 5704

THERON, Elsa. +Dinsdag 26 Mei 2009 83 jaar. Seuns Johan en Andy en hul gesinne. Privaat verassing.
(Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009)

VAN DER WATT, Johan Jacobus (Choppa). *01 Julie 1981. Tragies +Vrydag 22 Mei 2009 op Steytlerville.
Ouers, grootouers, broer, suster. Dankdiens Vrydag 29 Mei 2009 11:00 NG Kerk, Kwagga (Patensie).
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009) Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

WAIT, Isabella Elizabeth (Dolly). (née FOURIE). 06 Junie 1921 - 24 Mei 2009. Kinders, kleinkinders,
agterkleinkinders. Diens word gelei deur ds. Aubrey GOUWS Vrydag 29 Mei 2009 11:00 NG Moedergemeente,
Uitenhage. (Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009)

In Memoriam
JOUBERT, Pat. 29/05/1941 - 12/09/2007. Die 2de verjaarsdag wat jy nie meer met ons is nie. Betty,
kinders, kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009)

VAN DER BERG, Jimmy. 28/09/1992 - 29/05/2007. Mamma, Pappa, Hendrik, Ansie en HTS vriende.
(Die Burger Oos-Kaap 29/05/2009)

Hester Marx Loerie

2. Kruger Navraag
Posted by: "Elizabeth Oberholster" aperico@mweb.co.za   lizoberholster
Wed Jun 3, 2009 8:46 am (PDT)

Ai toggie vriende

Ek vermoed ek knoop myself, en nou wend ek my tot die slimmeres!

Ek het 'n Catharina Johanna Magdalena Kruger, geb ongeveer 1872 X Gilliaum
Johannes Oberholster, geb ongeveer 1860. Hulle trou 10 Mrt 1891 te Smithfield. Geen detail hoegenaamd oor die ouers van enige van die twee nie.

Dan het ek Catharina Johanna Magdalena Kruger, sterf Aug 1945, X Gilliam

Johannes Oberholster (datum van huwelik onbekend), geb 9 Nov 1836, sterf Okt
1938.

Die datums lyk nie asof dit dieselfde paartjie kan wees nie. Is daar regtig
2 x Catharina Johanna Magdalena Krugers wat met Guilliam Johannes Oberholsters trou?

Enige lig op hierdie mense, en veral die ouers van die Kruger dames, sal
opreg waardeer word. Terloops - ek kry niks op NAAIRS nie!

Beste groete

Liz

3a. Ensiklopedie van die ABO
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels
Wed Jun 3, 2009 8:48 am (PDT)

Ek plaas onderstaande graag met die goedkeuring van Dennis Pretorius, die
lyseienaar:

‘n Lywige ensiklopedie van die Anglo-Boereoorlog wat van groot waarde vir
genealoë kan wees, het pas by Scarecrow Press in die VSA verskyn. Die
skrywer daarvan is prof Fransjohan Pretorius van die Universiteit van
Pretoria, wat reeds verskeie werke oor die Anglo-Boereoorlog die lig laat
sien het. Die titel van hierdie boek is Historical Dictionary of the
Anglo-Boer War.

Die boek beslaan 640 bladsye, bevat onder meer ‘n goeie inleiding oor die
oorsake van die Anglo-Boereoorlog, die verloop en afloop daarvan, en lesse
vir die Britse leërleiding, gevolg deur die ensiklopedie self (510 bladsye)
met 613 inskrywings, waarvan 104 kruisverwysings is. Die boek word afgesluit
met ‘n baie nuttige bibliografie van 59 bladsye (tematies ingedeel) oor die
Anglo-Boereoorlog.

Direkte bestelling by die uitgewer op die internet is moontlik die beste
opsie. Tik net die titel op Google in. Die prys is $125. Of vra u
boekhandelaar om dit vir u te bestel.

Groete,

CHARLIE

3b. Re: Ensiklopedie van die ABO
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Wed Jun 3, 2009 9:53 am (PDT)

'n goeie boek is ook : The Anglo-Boere War A Chronology" van Pieter G. Cloete ISBN 0 7993 2632 1 Drukkers is JP van der Walt Pretoria.

4. VANDAG IN DIE GESKIEDENIS: PIETER DU PREEZ EN DINGAAN
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com danielmalanjacobs
Wed Jun 3, 2009 9:15 am (PDT)

Beste Vriende

Stephanus Hofmeyr is op 3 Junie 1839 gebore. Hy was die eerste buitelandse sendeling van die NG Kerk en het in die vroeë 1860's met sendingwerk begin in die Soutpansberg-gebied. Die groep onder wie hy gewerk het, het onder leiding gestaan van Michael Buys, een van die seuns van die bekende Coenrad Buys. In Hofmeyr se boek Twintig Jaren in Zoutpansberg, Kaapstad, 1890 staan die volgende: "In de blanke gemeente door mij bediend, is er een grijsaard, P. du Preez genaamd, die tydens den moord van Dingaan, bij eene terugkomst van de jagt, zijne vrouw en 7 kindeern op de wreedaardigste vermoord, geslagt en verminkt vond, behalve dat al wat hij toen nog bezeten had, geroofd of vernield was. Hoevelen zullen zoo iets vergeten; en toch ik heb zoo menigmaal, dien eerwaardigen ouden Vader, die jaren lang ouderling was bij ons - Kaffers met alle ernst hooren vermanen en aansporen, om, bij tijds, hunne toevlucht tot den Heiland te nemen."

Op bl. 340 van die publikasie SA Geslagsregisters, Deel 8 verskyn die volgende inligting:

Pieter Daniel Andries Salomon DU PREEZ * c. 1807 = 19.8.1809 + Weltevreden, dist Zoutpansberg (Pietersburg) 5.10.1889 X Graaff-Reinet 3.9.1826 Louisa Johanna Margaretha JACOBS XX Wilhelmina Petronella Christina PRETORIUS = 27.8.1809 (wed. v Jacobus J.P.P. HUGO wat saam met Retief vermoor is) d.v. Willem PRETORIUS en Petronella Christina BOTHA XXX Gertruida Aletta BOTHA * Beaufort-Wes 30.11.1823 + Weltevreden, dist. Zoutpansberg (Pietersburg) 5.10.1889 dv. Theunis

Johannes BOTHA en Gertruida Aletta Maria BRONKHORST

Sy kinders:

1 - Pieter Daniel Andries Salomon * 7.4.1827 = Graaff-Reinet +c. 1838, vermoor deur Zoeloes in Natal saam met sy moeder, susters en broers

2de en 3de - ? ook vermoor deur Zoeloes in c. 1838

4- Johanna Cecilia Hendrina * 17.2.1831 + ook vermoor deur Zoeloes in c.
1838

5 - Johannes Lodewicus  Philippus Hermanus * 3.10.1832 + ook vermoor deur
Zoeloes in c. 1838

6de en 7de -  ? ook vermoor deur Zoeloes in  c. 1838

8 Daniel Johannes Lodewicus Hermanus, wat die moord oorleef het deurdat sy
kleurlingoppaster met hom die bosse ingevulg het + Tvl. c. 1854 X Hester
Susanna Catharina Elizabeth VAN HEERDEN

Vriendelike groete

Daniel Jacobs
www.gendata.co.za

5. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 30 Mei 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Wed Jun 3, 2009 10:29 am (PDT)

Sterfgevalle
CONRADIE, Leon. (Conradie Vervoer en Conradie Eiendomme). +Donderdag 28 Mei 2009 72 jaar.
Eggenote Miriam, kinders Derek en Melinda, Leon en Theone, kleinkinders. Begrafnisdiens
Maandag 01 Junie 2009 15:00 NG Kerk Sydenham. Forest Hill-begraafplaas.
(Die Burger Oos-Kaap 30/05/2009) Marie Steyn DOVES Port Elizabeth 041 365 5399

FERREIRA, née TRUTER Anna Maria Magdalene. 15/03/1920 - 28/05/2009. In haar latere jare Matrone
van Huis Najaar, Despatch. Weduwee van wyle Hansie (JA Ferreira Kleremakers, Pro Ecclesia Uitrusters)
Kinders Andries en Dina, Miemie en Elbelina. Dankdiens (geen datum) 10:30 NG Kerk Da Gamaweg,
Jeffreysbaai. Jeffreysbaai-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 30/05/2009)

In Memoriam

CRONJÉ, Karlien. 08/04/1982 - 31/05/1999. Mamma. (Die Burger Oos-Kaap 30/05/2009)

OLIVIER, Francois (Didi). Jou eerste verjaarsdag in Jesus se tuin. (Die Burger Oos-Kaap 30/05/2009)

Hester Marx Loerie

6. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 01 Junie 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Wed Jun 3, 2009 10:38 am (PDT)

Sterfgevalle
NEL, Jan. +Woensdag 27 Mei 2009. Eggenote, kinders, kleinkinders, agterkleinkinders.
Roudiens Dinsdag 02 Junie 2009 14:00 Algoapark NGK, St. Leonardsweg. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 01/06/2009) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

TALJAARD, Pieter (Tallie). +Donderdag 28 Mei 2009. Eggenote, kinders. Roudiens Dinsdag
02 Junie 2009 12:00 Heideveld NGK, Rowallanpark. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 01/06/2009) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

Hester Marx Loerie

7a. Rood(t)
Posted by: "Pieter Hendrik" henry@nwbc.co.za zs6iix
Wed Jun 3, 2009 12:04 pm (PDT)

Hi almal
Ek gaan so n rukkie in die buiteland wees.
(Nigirie) sal weer aanteken as ek terug is.
Ek het My navoorsing oor die Rood(t) klomp op n webblad geplaas onder www.hrft.co.za as julle wil kan julle gaan kyk en kommentaar lewer sal baie waardeur word.
Groete Henry Rood

7b. Re: Rood(t)
Posted by: "JJ Swanepoel" jjs@carolina.rr.com swanepoels_usa

Wed Jun 3, 2009 12:13 pm (PDT)

Ek kom nie by die blad uit nie en kry slegs 'n fout boodskap.

Groete

JJ Swanepoel

"sapere aude"

Hi almal
Ek gaan so n rukkie in die buiteland wees.
(Nigirie) sal weer aanteken as ek terug is.
Ek het My navoorsing oor die Rood(t) klomp op n webblad geplaas onder
www.hrft.co.za as julle wil kan julle gaan kyk en kommentaar lewer sal baie
waardeur word.
Groete Henry Rood

7c. Re: Rood(t)
Posted by: "MeerkatB" meerkat@rogers.com meerkat2s
Wed Jun 3, 2009 12:17 pm (PDT)

Hallo uit Ontario, Kanada!
Ek was nou net op die bladsy, sonder enige probleme.
http://www.hrft.co.za/

Groete,
Marlene

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

----- Original Message ----
> From: JJ Swanepoel <jjs@carolina.rr.com>
> Ek kom nie by die blad uit nie en kry slegs 'n fout boodskap.
>>
>> Ek het My navoorsing oor die Rood(t) klomp op n webblad geplaas onder
>> www.hrft.co.za

8. Bossert kenners
Posted by: "dues_ex_machina" nnbusservice@intekom.co.za dues_ex_machina
Wed Jun 3, 2009 12:08 pm (PDT)
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Goeie dag,

Ek vermoed daar was voorheen 'n navraag gerig i.v.m. Bossert. Indien daar so iemand is kontak my asb van die lys af by nnbusservice@intekom.co.za.

Ek is opsoek na inligting i.v.m. met 'n Lizzie Pretorius (Elisabeth) wat met 'n Bossert getrou het in die Klerksdorp Distrik.

Sal meer besonderhede na die 13de hê.

Groete
Debbie Pretorius

9. (no subject)
Posted by: "stoffel.willemse" stoffel.willemse@gmail.com
stoffel.willemse
Wed Jun 3, 2009 12:50 pm (PDT)

WILLEMSE TAB SOEKE

10a. Re: NG KERK -MARIKANA
Posted by: "paul.prinsloo" paul@genview.co.za   paul.prinsloo
Wed Jun 3, 2009 2:04 pm (PDT)

hello
my ouers is gemeentelede daar.. en hulle het al hoe meer en meer probleme ondervind. Die area is besig om agteruit te gaan, geweldig baie lawaai tydens dienste, karre word by ingebreek ens ens.

Hulle het die banke, preekstoel ens alles uitgehaal, en sal weer op 'n ander plek 'n kerk bou.

groete

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "TEIR Elizabeth" <trcul.info@...> wrote:
>
> Goeie Middag Almal,
>
> Is julle bewus dat hulle die Kerk gesloop het ´n paar dae terug. Dankie Erick Pietersen dat jy die fotos met ons gedeel het. Daardie gebou kon vir iets anders gebruik geword het.
>
> Groete
> Elizabeth
>

>

11. [Koerant] The Mercury Dinsdag 2 Junie 2009
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za
alettaqea9fac
Wed Jun 3, 2009 9:50 pm (PDT)

Dag vriende,

QUICKQUIP:-" The world is governed more by appearances than realities,so that it is fully as necessary to seem to know something as go to know it. " Daniel WEBSTER.

GEBOORTES:- Geen.

VERJAARSDAG:- PAUL Rache Teresa. 10 Jaar vandag. Van ouers.

VERLOWINGS:- RALFE Robin & Liz se dogter Sarah aan Guy , seun van Peter & Toni en â€  Jennifer JUBBER.

RAMSDEN Roy Aston is verloof aan Stella Yvonne RIDGE van Durban Noord.

SMALLBONES Pieter & Margaret en Willem & Nella OETS se kinders Lindsay en Willem is verloof.

HERDEKINGS:- JARRETT Dave & Leanne .25 jaar getroud. Ouers van Bryce , Brandon en Chelsea.

DOOD:-ABBOTT Yvonne Mary Dogter van Patricia ABBOTT en suster van Brian ,Kevin en Michael. Begrafnis by Bluff Methodiste Kerk op 2 Junie 2009 om 10vm. Ingesit deur OAKLEIGH 031 2059959.

CUBITT Jessie Spring â€  28 Mei 2009 op 87 jaar. Ma van John , Bruce, Murray en familie.

GREGSON Peter x geen naam. Pa van Wendy, Louise, Nigel, Nick en Dennis en 9 kleinkinders. Memorial op 4 Junie 2009 om 3nm by Christ Church Mellor Rd Pinetown.

HARVEY Helena Ray â€  29 Mei 2009. Ma van Brian x Gaynor en ouma van Donovan en Kyle.

HOATSON Colin Douglas â€  31 Mei 2009 op ouderdom 72. Gemis deur dogters Caleigh en Debbie , suster Doreen en skoonseuns Justin en Graeme . Ouma van Carrah, Cade , Alex en Shannon. Tannie van Shelley , Frank, Ryan , Storm en Simone.

HUGHES Evan James 20 Okt 1980 ------30 Mei 2009 .Ons sal jou miss van Kim, Lauren en familie.

JORDAN Ronald (Ron) â€  26 Mei 2009 in UK.Broer van Carol x Michael en oom van Linda en Kevin. email vir familie in SA > nha@mweb,co,za < .

LOBELY voorheen DAHLKE gebore SCHOLZ Helga Ursula â€  30 Mei 2009 . x Jack .Ma van Eva en Gilbert. Stiefma van Victor en Clive. Ouma van Deborah aan Deborah en Johnny, Gary en Tamara. Oumagroot van Chezanne, Hayden en Kyle. Begrafnis by Stellawood Kapel op 5 Junie 2009 om 12 middag. Ingesit deur DOVES 0860025500.

LOUW Mien . Simpatie aan Koos, Wynand, Nadia, Oupa , Nicole en Clarice . Van Gert en Louis VOSSER.

McGOVAN Audry Joan â€  31 Mei 2009 .x Irvine. Ma van Malcolm, Robyn en Helen . Memorial by The Northdene Methodiste Kerk op 3 Junie 2009 om 2.30 nm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

MILLAR Dennis â€  31 Mei 2009 by Mothwa Haven. Pa van Sheenah en Richard . Geen Begrafnis soos gewens.

NAYLOR Linda . Ma en ouma van Toni, Tracey, Nicole, Christopher , Chy-Anne en Troy. Ingesit deur DOVES 0860025500.

NELSON Chad 1967---30 Mei 2009 tragies.Seun van Ken & â€  Pam en Esme.. Broer vir Craig en Nina en oom van Kamryn.

PAVID Serge . Susters/Broers kind van Annett en Olaf.

RIPHAGEN Philip â€  16 Mei 2009. Sal gemis word deur Ruth, AndrÃ© , Anne en Chris en die kleinkinders.

SCHWEGMANN Raymond â€  28 Mei 2009 in Knysna x Anne. Pa ,oupa en oupagroot.

STEVENSON Erica Crichton Ma van Terry-Anne.

WADE Dane . Begrafnis by Rhema Interfellowship Church Wentworth op 3 Junie 2009 na aanskouing van liggaam in 1nm. Daarna na Dudley Rd Begraafplaas. Ingesit deur ISIPINGO INC PAM'S.

WILLIAMS I I (Dhani) van Stanger. Begrafnis op 2 Junie 2009 by The Central Tabernacle Grey Ridge Drive Stanger om 12 middag dan na Stanger (ou Hindu) begraafplaas om 3nm. Ingesit deur RAMBOS Funerals 0325513150 .

YON Yvonne Cecelia (Lala) Suster van Sheila. "ouma" van Romaine & Rowaine.Begrafnis by St Michaels Katolieke Kerk Red Hill op 3 Junie 2009 om 10.30 vm.

MEMORIAM:- CRONJE Barbara Anne . Ons ma onthou deur Jeff, Wayne en Clare, Ryan en Vanessa, Dean , Jarred en Maddison.

DUNCAN Stanley William .36 jaar dood nou x Moira.

LEWIS Audrey 8 April 1944 ------2 Junie 2008 x Lewie .Ma van Debby, Nico ,Jade en Cera-Lee. Ma van Michele vir 44 jaar . Skoonma van Peter en ouma van Garth. Suster van Yvonne, Audrey en Valerie.

LOOTS Anton â€  6 Junie 2008 (tragies) Onthou deur Interstat Agencies.

PAUL .In herinnering aan ons ooms en groot ooms:-

Isiah â€  29 Jan 1963.
Joel â€  4 Feb 1982
Phillip â€  2 Junie 1996 . Ingesit deur Amy, Esme en Trevor POWYS.

Gegroet uit bewolkte Durban vanoggend
Rita Quebbemann

12. [KOERANT]BEELD-VAN RENSBURG Eren [20]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 10:57 pm (PDT)

Student ontvoer, vermoor, begrawe
Jun 03 2009 10:43:58:870PM - (SA) Verslagspan

'n Jong student van Stellenbosch is vermoedelik ontvoer, daarna vermoor en toe bo-op 'n sandduin begrawe.

Die lyk van me. Eren van Rensburg (20) is twee dae ná haar verdwyning in 'n "netjies toegemaakte" duingraf in Elandsbaai gevind.

'n 24-jarige man, wat Van Rensburg geken het, is eergistermiddag omstreeks 15:00 in Stellenbosch in hegtenis geneem in verband met die moord op Van Rensburg.

Hy sal vandag in die Stellenbosch-landdroshof op aanklagte van moord en menseroof verskyn. Die moontlikheid van verkragting word ook ondersoek.

Van Rensburg, 'n tweedejaar-B.Comm.-student aan die Universiteit van Stellenbosch (US), se vriend het haar Maandagmiddag by die polisie as vermis aangemeld. Sy is Maandagoggend laas in die dorp gesien.

Haar vriend se naam is nie bekend gemaak nie.

'n Spesiale soekspan onder leiding van sr.supt. Lesley Siegelaar van die Stellenbosch-polisie het deurnag eergisteraand na Van Rensburg gesoek.

Twee honde, onder meer 'n Belgiese herdershond wat gebruik word vir soekdoeleindes, is van Kimberley gekry om met die soektog te help.

Kapt. René Matthee, polisiewoordvoerder, het gesê die soekspan het omstreeks 08:10 op die "netjies toegemaakte" graf waarin Van Rensburg se lyk begrawe was, afgekom.

Geen besonderhede oor hoe sy vermoor is, is bekend gemaak nie. "Dit is 'n baie sensitiewe saak en nadere inligting oor haar dood sal ná die nadoodse ondersoek bekend gemaak word," het Matthee gesê.

Sy is in haar klere, 'n blou-grys top waarin sy laaste gesien is, in die graf gevind, het Matthee bygevoeg.

Gevra of sy dalk weggeloop het, het Matthee geantwoord: "Nee, sy het nie weggeloop nie. Haar besittings is nog in haar woonstel in die dorp."

Van Rensburg se ouers, mnr. Errol en mev. Helen van Rensburg, is albei parkopsigters van die woonwaparke De Bakke en Santos in Mosselbaai, berig Eugene Gunning.

Me. Marie Ferreira, burgemeester van Mosselbaai, het hulle gistermiddag besoek. "Mev. Van Rensburg is gebroke. Dit is 'n groot skok en 'n tragiese gebeurtenis," het sy gesê.

Volgens haar het mnr. Van Rensburg gisteraand Stellenbosch toe vertrek en sal sy vrou vandag volg.

13. [KOERANT]BEELD-HEINE Alet en wyle Erich
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Wed Jun 3, 2009 10:57 pm (PDT)

Erich se vrou begin nou sy dood aanvaar
Jun 03 2009 10:38:43:787PM - (SA)Elise Tempelhoff

'Alet is 'n baie sterk kind. Haar rol is nou om die drie dogtertjies te steun en vir hulle te probeer verduidelik wat gebeur het."

So het mnr. Eben Jansen van Rensburg, pa van mev. Alet Heine, weduwee van die Suid-Afrikaanse ingenieur mnr. Erich Heine, gisteraand per telefoon uit Rio de Janeiro aan Beeld gesê.

Heine was die enigste Suid-Afrikaner aan boord van Air France Vlug 447 wat eergister in die Atlantiese Oseaan neergestort het.

Heine, wat die afgelope jaar saam met sy gesin in Rio de Janeiro gewoon het, was 'n direksielid van die Duitse staalreus ThyssenKrupp Steel. Hy was Sondagaand (Suid-Afrikaanse tyd) van Rio de Janeiro op pad Duitsland toe vir 'n direksievergadering.

Jansen van Rensburg het gesê sy dogter aanvaar nou dat haar man dood is, maar hoop tog dat sy oorskot gevind sal word.

Hy het gesê die familie sal graag 'n gedenkdiens vir sy skoonseun in Suid-Afrika wil hou, maar dink nog nie sover nie omdat daar moontlik oorskot gevind sal word. In so 'n geval sal 'n begrafnis gereël word, het hy gesê.

"Dis nog problematies. Ons dink egter nog nie sover nie. Ons lewe nou maar van dag tot dag en tref reëlings soos wat dinge hul voordoen. Ons maak wel planne om Alet en die drie dogtertjies terug te bring Suid-Afrika toe.

"Sy sal tog nooit vrou alleen hier in die buiteland kan bly nie. Sy is een van vyf dogters in ons gesin en almal ondersteun haar."

Volgens Jansen van Rensburg het ThyssenKrupp Steel 'n sielkundige aangestel wat die gesin ondersteun.

"Die kleintjies word só gehelp om alles te verstaan."

> Ek het egter 'n ander vraag. Met die indeksering van 'n doop, word die
> ouers se tuisdorp gevra. Op my record is daar geen tuisdorp nie, maar wel
> die gemeente. In hierdie geval is die gemeente Kaapstad. Moet ek dan

> aanvaar, en dit so indekseer, dat die tuisdorp Kaapstad is? Of moet
ek
> daardie veld eerder "blank" maak?
>
> Hulp sal regtig waardeer word!
>
> Groetnis
>
> Liz
>
> Kan iemand dalk hier help. Is die indeksprogram "compatible" met
Vista? Ek
> het die program afgelaai, maar sodra ek dit oopmaak, begin dit aflaai
en
> dan
>
> kry ek die boodskap "stalled". Ek weet nie of ek iets verkeerd doen
en of
> dit Vista is nie.
>
> Lee Marais
> Posbus 73
> Clocolan
> 9735
> Sel: 082 870 2547
>

>
> NOTICE: This email message is for the sole use of the intended
recipient(s)
> and may contain confidential and privileged information. Any
unauthorized
> review, use, disclosure or distribution is prohibited. If you are not
the
> intended recipient, please contact the sender by reply email and
destroy all
> copies of the original message.
>

>
>
>

--
www.gendata.co.za

------------------------------------

SAGenealogie is ‘n poslys vir die bespreking van genealogiese en
genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die
voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/
Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese
aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar
dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme,
klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan:

SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

NOTICE: This email message is for the sole use of the intended recipient(s) and may contain confidential and privileged information. Any unauthorized review, use, disclosure or distribution is prohibited. If you are not the intended recipient, please contact the sender by reply email and destroy all copies of the original message.

2. Ou Bethalbegraafplaas
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000
Wed Jun 17, 2009 9:48 pm (PDT)

Hallo Mede-geners,

Ek en Manlief het die naweek in Bethal gekuier. Hy het op versoek `n graf in
die ou Bethalbegraafplaas gaan afneem.

Dit was so verblydend om te sien dat die HELE plek pragtig skoon gemaak is.

Nie net die deel waar die nuwerige grafte is nie. Onder die bome alles.

My tante sê dat die inwoners die munsipaliteit deur middel van die plaaslike
koerant gereeld aangevat het met hordes fotos en klagtes.

Plus die koerant het dit gepubliseer !!!

Groetnis

Annelie en Paul.

3a. Re: FW: South Africa, Cape Province Dutch Reformed Church - Indexing
Posted by: "Isebelle" kraussis@ldschurch.org iekrauss
Wed Jun 17, 2009 9:51 pm (PDT)

dankie nee ek is die vals alarm een het die hele fh bib netwerk te vroeg laat weet,,,
Ek het met Paula gesels,,,,ons sal maae met die velde soos nou die beste moet doen,,,hulle sal weer daarna kyk en die audit

regstel,,,,lekker werk ek tik by flitslig natal is sonder ligte en ons reis,kan dus niks doen
Isebelle
office 011 645 1606
Familysearch cell 083 272 1196
private cell 084 542 6048

home 011 954 6666

---

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Johannes Bosch [janbos2000@yahoo.com]
Sent: Wednesday, June 17, 2009 9:53 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Re: FW: South Africa, Cape Province Dutch Reformed Church - Indexing project now ready

Isebelle,
Lees mooi, ek het van vals alarm, nie vals belofte nie, gepraat (sien my oorspronlike pos vroeer vandag). Aanvaar asseblief my verskoning as my aanmerking jou dwars in die krop gesteek het; die FamilySearch en ander groepe en persone wat die indeksering op die web moontlik moes maak, verdien ons dank en nie kritiek nie.

Ek het reeds voet-by-stuk gesit en my eerste doopregisterstel afgelewer. Effens moeilik om die NG-kerkleer af te laai, maar die indeksering het flink verloop.

Woonplek van ouers (doopregister) is 'n verpligte veld en dit skep 'n probleem, soos ander reeds gemeld het. Ek stel voor dat daar twee velde moet wees: woon- en doopplek, maar dat net een verpligtend moet wees.

Johannes Bosch
Virginia, VSA

--- In
SAGenealogie@yahoogroups.com<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>, Isebelle <kraussis@...> wrote:
>
> Ek wonder .........vals beloftes, en alarms...
> as ons ook besef het heveel daar gedoen moet word aan alvorens enigiets op die web geplaas kan word, sou ek niks vir enigiemand vertel het nie....<knip>

NOTICE: This email message is for the sole use of the intended recipient(s) and may contain confidential and privileged information. Any unauthorized review, use, disclosure or distribution is prohibited. If you are not the intended recipient, please contact the sender by reply email and destroy all copies of the original message.

4a. Re: Krygsgevangenes 2de Vryheidsoorlog
Posted by: "Par Excellance" parexcel@iafrica.com   duplessislouw

Wed Jun 17, 2009 10:43 pm (PDT)

Mede Geners

Om hierby aan te sluit sal ek graag wil weet waar kan die dokument besigtig
word dat die krygsgevangenis wat spesifiek by St Helena was, "Die Eed van
Getrouheid"" agterna moes teken. Ek het by 'n familie lid verneem dat daar
blykbaar so n dokument was.

Groetnis

Louw du Plessis 011 888 3433

5. LDS/GSU Indeksering
Posted by: "Dennis Pretorius (Laptop)" krugersdorp@pixie.co.za dennis_pretorius
Wed Jun 17, 2009 11:19 pm (PDT)

Hallo Almal

Ek is bly dat ons nou met die indeksering kan begin - en dankie aan Isebelle en die GSU !

Net voor julle begin vra oor die Sterftekennisprojek - dit sal seker die volgende projek wees wat deur GSU aanlyn geplaas sal word sodat ons daaraan kan werk ! Dit is reeds deur almal goedgekeur en dit wag in die "queue" om verwerk te word. Ek sien regtig daarna uit om daarmee te begin !

As Isebelle terug is uit die duisternis van Natal sal ons weer bymekaarkom om te gesels oor die ander projekte waarmee ons besig is - veral om met Dr Duminy te vergader.

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
--

6. (Koerant) Beeld 17 Jun. 2009
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie

Thu Jun 18, 2009 12:48 am (PDT)

PIENAAR; Elise, in lewe van Pretoria. Gedenkdiens: NG Kerk,
Pretoria-Oosterlig, 18/06/2009, 14:00. Verassing. (Beeld - 17/06/2009)
AVBOB
Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3745.

VILJOEN; Elizabeth Hendrika, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: NG
Kerk,
Tuinrand, Pretoria, 19/06/2009, 09:30 # Zandfontein Begraafplaas.
(Beeld -
17/06/2009) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3745.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

7. (Koerant) Beeld 18 Jun. 2009
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Thu Jun 18, 2009 12:52 am (PDT)

JOUBERT; Gabriel Pieter Mattheus, in lewe van Pretoria. Grafdiens:
Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord, 19/06/2009, 13:00.
(Beeld - 18/06/2009) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-
4269.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

8. Aankondiging van geboorte: Andre Jean FOURIE
Posted by: "Richard Wheeler" rwheeler@woodlandsnet.co.za   wheelerrt123
Thu Jun 18, 2009 2:05 am (PDT)

AndrÃ© Jean Fourie, 3520 g & 52 cm, Kaapstad, 21-05-2009 s.v. Thomas
Berry (Tommy) FOURIE * Ermelo Hospitaal, Ermelo 14/12/1967 â‰ˆ R.C kerk

Ermelo x Presbiteriaanse kerk, Stellenbosch 28/07/2004 Rozni van der Westhuizen * Tsumeb Hospitaal, Tsumeb, Namibia 2/08/1974 â‰ˆ NG kerk, Moedergemeente, Mossel Bay Desember 1974

Denise Wheeler

9. Afsterwe van my niggie: Heleen (Lientjie) HOLMES nee ROSSOUW
Posted by: "Richard Wheeler" rwheeler@woodlandsnet.co.za   wheelerrt123
Thu Jun 18, 2009 2:08 am (PDT)

Dit is met weemoed vir ons familie om die afsterwe van my niggie aan te kondig. Heleen (Lientjie) HOLMES nee ROSSOUW â€  Upington, 18.30 Woensdag 17 Junie 2009 aan kanker d.v. Cornelis Albertus (Kerneels) ROSSOUW * â€œKrymekaarâ€ , Springbok 30/10/1905 â€  Kenhardt 16/06/1966 x Magdalena Elizabeth MOUTON(Girl) * Upington 8/11/1909 â‰ˆ Upington 09/01/1910 â€  Eversdal Ouetehuis, Durbanville, Kaapstad 05/12/2005 x Peter Rowland HOLMES * 03/01/1938 begrawe Upington Pioneer Cemetery â€ 31/07/1997 s. v. Anna-Marie HOLMES nee DANIELS * 17/02/1906 begrawe Upington Pioneer Cemetery â€  18/04/1974
Laat een seun agter, genaamd Justin

Denise Wheeler

10. FOURIE, Maria Magdalena
Posted by: "Hugenote Museum" hugenoot@museum.co.za
Thu Jun 18, 2009 2:37 am (PDT)

Beste Caren en Johann,

Wynand Johannes FOURIE 9a b20 c8 d4), gebore 2.8.1815, gedoop George 18.10.1815 was twee keer getroud. Hy x George 3.10.1836 met Christina Susanna STIEMIE, gebore 25.8.1818 (ek het nie 'n sterfdatum vir haar nie). Hulle het slegs een kind, Stephanus Petrus, gebore 19.8.1837, gedoop George 27.7.1838.

Hy xx (as wewenaar) op 9.10.1839 te George met Maria Magdalena NEL, gebore 1.12.1822, gedoop George 20.4.1823, oorlede Calitzdorp 14.12.1899. Maria Magdalena NEL xx met 'n Geyer en xxx met Gert Jacobus Pretorius. Sy was 'n dogter van Johannes Petrus Nel en Anna Petronella Botha.

Volgens die familie het Wynand Johannes FOURIE en Maria Magdalena NEL 11 dogters en 1 seun, Wynand Johannes gehad, maar ek het slegs 3 dogters se name, Isabella, Margaretha en Maria Magdalena. Die broer

Wynand Johannes is op 3.8.1851 in Oudtshoorn gebore, oorlede Brits 1939. Hy was getroud met Johanna Beatrix STRYDOM.

Ek sal ook aanvullende inligting waardeer.

Vriendelike groete,

Juna Malherbe
FRANSCHHOEK

11a. Begraafplase opgeteken
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Thu Jun 18, 2009 5:08 am (PDT)

Goeie more

Weet iemand miskien of die plaas begraafplase om Soekmekaar al opgeteken is.
Op 'n plaas wat aan GROBLER behoort het in die distrik is 'n klein familie
begraafplaas..daar is GROBLERS en VAN AARDTs daarop begrawe.

Dankie

Annatjie

11b. Re: Begraafplase opgeteken
Posted by: "Chris Hendriks" krisbloem@yahoo.com   krisbloem
Thu Jun 18, 2009 6:43 am (PDT)

Hallo Annatjie
Ek is nie 100 % seker nie, maar ek twyfel. My broer boer daarnaby en met my laaste besoek aan hom was ons op een van die plase waar daar grafte is , ek dink die plaas se naam is Lovedale en dan was daar ook grafte wat intussen opgegrawe is waaar die ou fort destyds was. Ek hoop iemand met sekere kennis in die Noord Gauteng of Limpopo streek reageer maar ek twyfel of dit opgeteken is.
Groete
Chris

---

From: Ann Tiran <anntiran@polka.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thursday, June 18, 2009 2:08:21 PM
Subject: [SA-Gen] Begraafplase opgeteken

Goeie more

Weet iemand miskien of die plaas begraafplase om Soekmekaar al
opgeteken is.
Op 'n plaas wat aan GROBLER behoort het in die distrik is 'n klein
familie
begraafplaas. .daar is GROBLERS en VAN AARDTs daarop begrawe.

Dankie

Annatjie

11c. Re: Begraafplase opgeteken
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Thu Jun 18, 2009 7:05 am (PDT)

Dankie Chris

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Chris Hendriks
Sent: 18 June 2009 15:43
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] Begraafplase opgeteken

Hallo Annatjie
Ek is nie 100 % seker nie, maar ek twyfel. My broer boer daarnaby en
met my
laaste besoek aan hom was ons op een van die plase waar daar grafte is
, ek
dink die plaas se naam is Lovedale en dan was daar ook grafte wat
intussen
opgegrawe is waaar die ou fort destyds was. Ek hoop iemand met sekere
kennis
in die Noord Gauteng of Limpopo streek reageer maar ek twyfel of dit
opgeteken is.
Groete
Chris

________________________________

.

<http://geo.yahoo.com/serv?s=97359714/grpId=11669473/grpspId=1705193928
/msgI
d=51178/stime=1245332628/nc1=1/nc2=2/nc3=3>

12a. Putfontein
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Thu Jun 18, 2009 7:00 am (PDT)

Dag lyslede.
Nou soek ek hulp, ek dink Francois sal my seker kan help. My Oupa Henry Robert Hurn was as Krygsgevangene op Putfontein gevang. Al die verwysings wat ek kry lei my daarna dat hierdie Putfontein by Benoni is, hierdie plek noem ook in hul geskiedenis dat die Lichtenburg Kommando lede daar gevang is. Toe ek as kind my oupa eendag gevra het waar die Engelse hom gevang het, het hy ongeduldig geantwoord "naby Lichtenburg" (hy het nie maklik daaroor gepraat nie). Nou sien ek in die volgende dokument;

http://www.greeff.info/tng01/Documents%20to%20link/Books/NonnieGreeff.pdf

dat Kommandant Kemp in daardie tydperk sy hoofkwartier op Putfontein gehad het (kyk bl. 93). Alles dui daarop dat hierdie Putfontein nie naby Benoni was nie, maar eerder in die distrik Marico. Nou wil ek graag weet watter een praat hulle van tydens die arrestasie?
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

12b. Re: Putfontein
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com   jorgeestreux
Thu Jun 18, 2009 7:26 am (PDT)

Louis,
Putfontein , Benoni le digby die swart woonbuurt Daveyton en oppad tussen
Petit en Springs. Dit bestaan net uit plotte. Daar is n skooltjie

(Putfontein-laerskool), n motor-hawe, n skrootwerf en twee Indieer-winkels..
dis al. Die kool Noorderlig is naby asook die nuwe begraafplaas (nie seker
van die naam nie). Ek betwyfel of die Lichtenburg-mense daar was. Daar moet
seker n ander Putfontein naby Lichtenburg gewees het.Ek kry net nog n
Putfontein naby Beaufort-wes!!
Gert

2009/6/18 Louis Hurn <louishurn@telkomsa.net>

>
>
> Dag lyslede.
> Nou soek ek hulp, ek dink Francois sal my seker kan help. My Oupa Henry
> Robert Hurn was as Krygsgevangene op Putfontein gevang. Al die verwysings
> wat ek kry lei my daarna dat hierdie Putfontein by Benoni is, hierdie plek
> noem ook in hul geskiedenis dat die Lichtenburg Kommando lede daar gevang
> is. Toe ek as kind my oupa eendag gevra het waar die Engelse hom gevang het,
> het hy ongeduldig geantwoord "naby Lichtenburg" (hy het nie maklik daaroor
> gepraat nie). Nou sien ek in die volgende dokument;
>
>
http://www.greeff.info/tng01/Documents%20to%20link/Books/NonnieGreeff.pdf
>
> dat Kommandant Kemp in daardie tydperk sy hoofkwartier op Putfontein gehad
> het (kyk bl. 93). Alles dui daarop dat hierdie Putfontein nie naby Benoni
> was nie, maar eerder in die distrik Marico. Nou wil ek graag weet watter een
> praat hulle van tydens die arrestasie?
> Louis Hurn
>
> Tel. : +2731 563-5443
> Cell. : +2773 150-1378
>
> Link to Hurn Family Website
>
>
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10
>
> ----------
>

> 17:55:00

>

>
>
>

12c. Re: Putfontein
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn
Thu Jun 18, 2009 9:04 am (PDT)

Dankie Paul.
Ek dink jy is reg. Die misverstand het gekom by 'n werf wat gereken het dat die Lichtenburgers gevang was in die area waar Charlize Theron grootgeword het, ook maar iemand wat bietjie aan sy geskiedenis borduurwerk
wou doen.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

13. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 17 Junie 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Thu Jun 18, 2009 7:01 am (PDT)

Sterfgevalle
MINNIE, Tinus. Tragies +Donderdag 11 Junie 2009. Eggenote, kinders, kleinkinders.
Begrafnisdiens Donderdag 18 Junie 2009 11:00 PE Noord-gemeente. Forest Hill-begraafplaas.
(Die Burger Oos-Kaap 17/06/2009) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

SWANEPOEL, Maria (Sus) (Grieta). +Sondag 14 Junie 2009. Kinders, kleinkinders,

agterkleinkind. Begrafnisdiens Donderdag 18 Junie 2009 14:00 Huisgenot Ouetehuis, Algoapark.
Aberdeen-begraafplaas op 19 Junie 2009. (Die Burger Oos-Kaap 17/06/2009)
Marie Steyn DOVES Port Elizabeth 041 365 5399

THERON, Andréas Francois (André). *26/02/1955. +Woensdag 10 Junie 2009 op Ladysmith.
Eggenote, kinders, kleinkinders, skoonvader, susters. Begrafnisdiens Donderdag 18 Junie 2009
11:00 NG Kerk Kompleks, Wavecrest, Jeffreysbaai. (Die Burger Oos-Kaap 17/06/2009)
Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

In Memoriam
DERBYSHIRE, Alroy, Erna, Roy en Larené. +17/06/1990 in motor-ongeluk. Renier en Drieka STRYDOM.
(Die Burger Oos-Kaap 17/06/2009)

FLORRIS, Lauren. 25/06/1994 - 17/06/2007. Gerty, Carol, Lamelle and Paul. (Die Burger Oos-Kaap 17/06/2009)

PHAROAH, Chrissie. 12/06/1933 - 17/06/2008. Sister Gerty & family. (Die Burger Oos-Kaap 17/06/2009)

VIVIERS, Sandra (née PRESTON). Vandag 7 jaar oorlede. Pa, Ma (Moeksie), Yolanda en Brian.
(Die Burger Oos-Kaap 17/06/2009)

Hester Marx Loerie

14. Fw: [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 18 Junie 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Thu Jun 18, 2009 7:43 am (PDT)

----- Original Message -----
From: P Marx
To: BUITENPOSTEN-L@rootsweb.com
Sent: Thursday, June 18, 2009 4:36 PM
Subject: [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 18 Junie 2009

Sterfgevalle
BARNARD, Johan. (van Swartkops). 23/09/1947 - 16/06/2009. Suster en familie.
(Die Burger Oos-Kaap 18/06/2009)

ERLANK, Thomas Francois Burger (Tommie). 19/01/1919 - 16/06/2009. Petro, Enriek,
Stephan, Lauretha, Arnold, Maretha, Francois, kleinkinders, agterkleinkinders.

Gedenkdiens Vrydag 19 Junie 2009 15:00 NG Kerk, Welgemoed, Diasstraat, Welgemoed.
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 18/06/2009) DOVES Bellville 021 948 5531

OLIVIER, Riaan. Tragies +Saterdag 13 Junie 2009. Begrafnisdiens Vrydag 19 Junie 2009
10:00 Volle Evangelie Kerk, Kabegapark. Forest Hill-begraafplaas. (Die Burger O-Kaap 18/06/2009)
Marie Steyn DOVES Port Elizabeth 041 365 5399

In Memoriam
STRYDOM, Marietjie. Vandag 3 jaar gelede is jy van ons weggeneem.
Suster Amanda en seuns.
(Die Burger Oos-Kaap 18/06/2009)

NN, Vissie. +17/06/2008. Tania en bekendes. (Die Burger Oos-Kaap 18/06/2009)

Hester Marx Loerie

15a. Pretorius kenners
Posted by: "anita slabbert" anita.slabbert@gmail.com
Thu Jun 18, 2009 7:47 am (PDT)

Dag mense
kan iemand dalk in die "familia" of erens net vir my kyk wie was Huibrecht Elizabeth geb Pretorius se ouers se name. Sy is gebore + - 1845 en oorlede 25 Aug 1922 in marico. sy was getroud met Petrus Jakobus Booysen.
Sal dit baie waardeer.
Dankie en groete vanuit 'n sonnige Melkbosstrand
Anita

16a. du Plessis
Posted by: "Gerda Du Plessis" gerda@trscon.co.za
Thu Jun 18, 2009 7:50 am (PDT)

Hallo

Ek het vandag aangesluit. Wil graag meer inligting oor die familie du Plessis he vandat Jean Prieur du Plessis in die Kaap aangekom het (2e keer).

Ek tel ons familie eers op van die 1800's en wil graag verder terug gaan.

As iemand dalk kan help?

Dankie
Gerda

16b. du Plessis
Posted by: "hennie.nel@webmail.co.za" hennie.nel@webmail.co.za
Thu Jun 18, 2009 10:13 am (PDT)

Hi Gerda
Ek sien jy soek Du Plessis inligting. Ek het my du Plessis familie gedoen en het 'n paar duisend du Plessis name in my data basis. Laat weet wat is jou voorgeslagte se name en as ek iets kry dan sal ek dit met graagte vir jou aanstuur

Groete

Hennie Nel

> Hallo
>
> Ek het vandag aangesluit. Wil graag meer inligting oor die familie du
> Plessis he vandat Jean Prieur du Plessis in die Kaap aangekom het (2e
> keer).
>
> Ek tel ons familie eers op van die 1800's en wil graag verder terug
gaan.
>
> As iemand dalk kan help?
>
> Dankie
> Gerda
>

>
>

-------------------------------------------
South Africas premier free email service - www.webmail.co.za
----------------------------------------------------------
For super low premiums, click here http://home.webmail.co.za/dd.pwm

16c. Re: du Plessis
Posted by: "Pieter du Venage" pieterdu@penta-net.co.za   pieterprofile
Thu Jun 18, 2009 11:12 am (PDT)

Hallo Hennie

Kan jy asb. kyk of my oumagrootjie du Plessis in jou databasis is?
Ek sal dit baie waardeer aangesien ek lankal soek na haar gegewens.

Sy was Johanna Magdalena du Plessis. Geboortedatum en ouers onbekend.
Haar man, my oupagrootjie, was Wilhelm Christiaan Theron (b4c5d10e13f5)
* 27 Jun 1867 ~ 15 Mar 1868 Oudtshoorn.
s.v. Barend Cornelis Theron en Jacoba Johanna Stander.

Baie dankie

Groete
Pieter du Venage

----- Original Message -----
From: hennie.nel@webmail.co.za
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thursday, June 18, 2009 7:12 PM
Subject: [SA-Gen] du Plessis

Hi Gerda
Ek sien jy soek Du Plessis inligting. Ek het my du Plessis familie
gedoen en het 'n paar duisend du Plessis name in my data basis.
Laat weet wat is jou voorgeslagte se name en as ek iets kry dan sal
ek dit met graagte vir jou aanstuur

Groete

Hennie Nel

> Hallo
>
> Ek het vandag aangesluit. Wil graag meer inligting oor die familie du
> Plessis he vandat Jean Prieur du Plessis in die Kaap aangekom het (2e
> keer).
>
> Ek tel ons familie eers op van die 1800's en wil graag verder terug
gaan.
>
> As iemand dalk kan help?
>
> Dankie
> Gerda
>

>
>

-------------------------------------------
South Africas premier free email service - www.webmail.co.za
----------------------------------------------------------
For super low premiums, click here http://home.webmail.co.za/dd.pwm

17a. Van Ghent x Strydom
Posted by: "bonnie sydow" bsydow@vodamail.co.za   aaosydow
Thu Jun 18, 2009 10:15 am (PDT)

Hallo Vriende

Ek verneem graag van enige van GHENT kenner of Davd George van G(H)ENT wie
die vader van die volgende kinders was verskillende persone is.

As dit dieselfde man is, was hy met al die STRYDOM vrouens getroud.

Ongelukkig het ek nie my SAG. 1-14 by my nie.

Groete

Bonnie

KIND NAAM

VAN

GEBORE

JANSENVILLE DOOP

VADER Name

MA NAME

Doop Getuies

Anna Johanna Maria Magdalena

v GENT

15.11.1858

1860.04.29

David Georg

Magdalena STRYDOM

Gerhardus Marthinus vd Merwe & Jacoba Dorothea Nel & Hendrik Bernardus v
Gent

Martha Susanna Elizabeth

v GHENT

13.05.1867

30.06.1867

David Georg

Magdalena Anna Catherina STRYDOM

Anna Keyser (Doopmoeder) & Johs. Dorfling

Elizabeth Gertruida

v GHENT

16.05.1871

26.05.1872

David Georg

Magdalena Anna Catherina STRYDOM

Helena Catharina

v GENT

11.11.1860

06.02.1861

David Georg

Helena Maria STRYDOM

Gerhardus Marthinus vd Merwe & Anna Johanna Maria vd Merwe - Riet Rivier

Johannes Petrus

v GENT

16.11.1859

22.01.1860

David Georg

Helena Catharina STRYDOM

Hendrik Bernardus v Gent & Helena Catharina Strydom

Danielina Jacoba Petronella

v GENT

29.03.1862

17.06.1862

David Georg

Helena Petronella Catherina STRYDOM

Klein Winterhoek - Willem Petrus v Gent & Maria Albertha v Loggerenberg

Daniel Jacobus

v GENT

03.09.1863

01.11.1863

David Georg

Helena Catherina STRYDOM

Klein Winterhoek - Jan Johannes Strydom & Helena Petronella Nel

Andrew (Bonnie) Sydow

Katzenellenbogen singel 6

Stellenberg, Bellville 7530

Tel 021 919 2951

Sel 082 619 2713

e-pos: bsydow@vodamail.co.za

NAVORSER van GRUNDLING, RHEEDER, STRYDOM & SYDOW

17b. Nuwe aankomeling
Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org   johann.hanekom
Thu Jun 18, 2009 12:11 pm (PDT)

Dit is genealogie, maar ook ‘n baie trotse oupa wat aankondig dat ek more
weer oupa geword het!

Nee ek het nie ‘n fout gemaak met my ‘tenses’ nie - my nuutste kleindogter,
Jessica Emily Hurrell, eerste dogter van my jongste dogter, Léana Hurrell,
nee Hanekom, en Wayne Gerald Hurrell, is om 01h00 op 19 Junie 2009 in
Christchurch, Nieu Seeland gebore.

Ma en dogter is albei gesond, dank die liewe Vader.

Johann

18. Oudstryders Monument, Cottesloe
Posted by: "Fanie Buys" sbbuys@mweb.co.za   fbuys1968
Thu Jun 18, 2009 11:18 am (PDT)

Hallo Lyslede

Weet iemand dalk hoe mens kan vasstel wie die mense is wie se name op die
Oudstryders Monument te Cottesloe is ?

Groete

Fanie Buys

Posbus 2924

Sasolburg

0829296695

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3854

Datum: Friday, June 19, 2009

Daar is 7 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Re: Pretorius kenners-vir Anita From: Louw van Deventer
2a. Re: Putfontein From: Geo van der Smit
2b. Re: Putfontein From: Louis Hurn
3a. Re: Nuwe aankomeling From: Swanepoel
4a. Re: FOURIE, Maria Magdalena From: Caren Louw
5a. Re: Van Ghent x Strydom From: Dennis Pretorius (home)
6a. Re: Pretorius kenners From: Dennis Pretorius (home)


1a. Re: Pretorius kenners-vir Anita
Posted by: "Louw van Deventer" louwmien@lantic.net louwmien2002
Thu Jun 18, 2009 12:24 pm (PDT)

Beste Anita

Hierdie twee mense is my vrou se oupa en oumagrootjie se ouers.Ek het ongelukkig nie die inligting van haar ouers nie maar gee vir jou hulle besonderhede.Petrus Jacobus BOOYSEN * 06-06-1835 + 09-09-1891 x Huibrecht Elizabeth PRETORIUS * 28-06-1845 + 23-08-1922.My vrou se suster dra nog die name Huibrecht Elizabeth (VAN DEVENTER * VAN DER WALT.)Hulle stam af van bogenoemde se seun Jan Gerhardus Lodewickus BOOYSEN * 27-12-1862 + 20-03-1914 x Maria Salome SNYMAN * 01-03-1869 + 28-04-1926.Hulle het op die plaas Kwaggafontein,Zeerust gewoon.

Ek sal kyk of ek verdere inligting kan kry.

Groete
Louw van Deventer
Klerksdorp

From: anita slabbert
Sent: Thursday, June 18, 2009 4:46 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Pretorius kenners

Dag mense
kan iemand dalk in die "familia" of erens net vir my kyk wie was Huibrecht Elizabeth geb Pretorius se ouers se name. Sy is gebore + - 1845 en oorlede 25 Aug 1922 in marico. sy was getroud met Petrus Jakobus Booysen.
Sal dit baie waardeer.
Dankie en groete vanuit 'n sonnige Melkbosstrand
Anita

__._,_.___Recent Activity
a.. 3New Members
Visit Your Group
Give Back
Yahoo! for Good

Get inspired

by a good cause.

Y! Toolbar
Get it Free!

easy 1-click access

to your groups.

Yahoo! Groups
Start a group

in 3 easy steps.

Connect with others.
.

2a. Re: Putfontein
Posted by: "Geo van der Smit" geovandersmit@yahoo.co.uk   geovandersmit
Thu Jun 18, 2009 12:25 pm (PDT)

Naand Almal,

Tussen Coligny (naby Lichtenburg) en Ventersdorp is daar ‘’n Putfontein as
ek reg onthou. Was seker 20 jaar terug in daai omgewing op ‘’n plaas. Dit is
‘’n redelike end noord van die hoofpad tussen die 2 dorpe.

Op Google sê hulle die koördinate is: Latitude. -26.25°, Longitude. 26.4833333°

Hoop dit help, want dis in die middel van nêrens.

Groete

Geo van der Smit

RSA Cellphone +27 83 287 1117

RSA Fixed Line +27 18 468 1603

Iraq +964 790 542 9644

geovandersmit@yahoo.co.uk

2b. Re: Putfontein
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Thu Jun 18, 2009 1:08 pm (PDT)

Hi Geo.
Baie dankie, dit is beslis die plek waarna ek gesoek het. Groete
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generat
ions=10

----------

3a. Re: Nuwe aankomeling
Posted by: "Swanepoel" jjs@carolina.rr.com   swanepoels_usa
Thu Jun 18, 2009 12:48 pm (PDT)

Dan se ek maar vooruit geluk op die toekomstige oupa-skap. Hier by ons
word dit nog later more.

Groete

JJ Swanepoel
Charlotte NC USA

4a. Re: FOURIE, Maria Magdalena
Posted by: "Caren Louw" carenlouw@telkomsa.net   caren.louw
Thu Jun 18, 2009 1:02 pm (PDT)

Beste Juna,

Baie dankie! Jy het so pas 'n groot gaping in my kwartierstaat help toemaak!

Ek het die Geyser GEDCOM van die GISA webwerf afgelaai en daarvolgens was Maria Magdalena NEL die tweede keer getroud met Johannes Jacobus Stephanus GEYSER (b6c4), s.v. Frederik GEYSER en Maryna Adriana STRYDOM. Ek kon 4 kinders vir die egpaar opspoor uit Calitzdorp Doop- en Lidmaatregisters: 1) Susanna Aletta Francina, * 22 Aug 1854; 2) Johannes Jacobus Stephanus, * 12 Aug 1856; 3) Marthinus Frederik, * 15 Jun 1858; 4) Casper Cornelis, * 22 Sep 1865. Dit beteken Maria Magdalena NEL moes haar 12 kinders by Wynand Johannes FOURIE in 'n bestek van ongeveer 14 jaar gehad het!
Volgens die Geyser GEDCOM was Johannes GEYSER se huwelik met Maria Magdalena ook sy derde:
x 7 Okt 1817, Magdalena Josina CALITZ; 4 seuns en 3 dogters uit hierdie huwelik gebore
xx 10 Apr 1848, Aletta Susanna VAN ZYL; 1 seun en 1 dogter uit hierdie huwelik gebore (Aletta Susanna se sterfdatum word gegee as 1877; dit wil dus voorkom of hierdie egpaar geskei is)
xxx Maria Magdalena NEL
Ek kon nie enige kinders opspoor vir Maria Magdalena NEL en Gert Jacobus
PRETORIUS nie.

Ek het al hierdie inligting oor Wynand Johannes FOURIE en Maria Magdalena NEL gehad omdat ek vermoed het dat hulle Maria Magdalena FOURIE se ouers was, maar kon dit nooit bevestig nie - tot nou toe.
Weereens, dankie.

Groete
Caren Louw

Hugenote Museum wrote:
>
>
> Beste Caren en Johann,
>
> Wynand Johannes FOURIE 9a b20 c8 d4), gebore 2.8.1815, gedoop George
> 18.10.1815 was twee keer getroud. Hy x George 3.10.1836 met Christina
> Susanna STIEMIE, gebore 25.8.1818 (ek het nie 'n sterfdatum vir haar
> nie). Hulle het slegs een kind, Stephanus Petrus, gebore 19.8.1837,
> gedoop George 27.7.1838.
>
> Hy xx (as wewenaar) op 9.10.1839 te George met Maria Magdalena NEL,
> gebore 1.12.1822, gedoop George 20.4.1823, oorlede Calitzdorp
> 14.12.1899. Maria Magdalena NEL xx met 'n Geyer en xxx met Gert
> Jacobus Pretorius. Sy was 'n dogter van Johannes Petrus Nel en Anna
> Petronella Botha.
>
> Volgens die familie het Wynand Johannes FOURIE en Maria Magdalena NEL
> 11 dogters en 1 seun, Wynand Johannes gehad, maar ek het slegs 3
> dogters se name, Isabella, Margaretha en Maria Magdalena. Die broer
> Wynand Johannes is op 3.8.1851 in Oudtshoorn gebore, oorlede Brits
> 1939. Hy was getroud met Johanna Beatrix STRYDOM.
>
> Ek sal ook aanvullende inligting waardeer.

>
> Vriendelike groete,
>
> Juna Malherbe
> FRANSCHHOEK
>

>
>
> ----------------------------------------------------------
>
>

>
>

5a. Re: Van Ghent x Strydom
Posted by: "Dennis Pretorius (home)" krugersdorp@pixie.co.za
dennis_pretorius
Thu Jun 18, 2009 1:46 pm (PDT)

Hallo Bonnie

Eksal jou Vrydag om 2 uur sien

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: bonnie sydow
To: SAGenealogie
Sent: Thursday, June 18, 2009 7:22 PM
Subject: [SA-Gen] Van Ghent x Strydom

Hallo Vriende

Ek verneem graag van enige van GHENT kenner of Davd George van G(H)ENT
wie
die vader van die volgende kinders was verskillende persone is.

As dit dieselfde man is, was hy met al die STRYDOM vrouens getroud.

Ongelukkig het ek nie my SAG. 1-14 by my nie.

Groete

Bonnie

KIND NAAM

VAN

GEBORE

JANSENVILLE DOOP

VADER Name

MA NAME

Doop Getuies

Anna Johanna Maria Magdalena

v GENT

15.11.1858

1860.04.29

David Georg

Magdalena STRYDOM

Gerhardus Marthinus vd Merwe & Jacoba Dorothea Nel & Hendrik Bernardus v
Gent

Martha Susanna Elizabeth

v GHENT

13.05.1867

30.06.1867

David Georg

Magdalena Anna Catherina STRYDOM

Anna Keyser (Doopmoeder) & Johs. Dorfling

Elizabeth Gertruida

v GHENT

16.05.1871

26.05.1872

David Georg

Magdalena Anna Catherina STRYDOM

Helena Catharina

v GENT

11.11.1860

06.02.1861

David Georg

Helena Maria STRYDOM

Gerhardus Marthinus vd Merwe & Anna Johanna Maria vd Merwe - Riet Rivier

Johannes Petrus

v GENT

16.11.1859

22.01.1860

David Georg

Helena Catharina STRYDOM

Hendrik Bernardus v Gent & Helena Catharina Strydom

Danielina Jacoba Petronella

v GENT

29.03.1862

17.06.1862

David Georg

Helena Petronella Catherina STRYDOM

Klein Winterhoek - Willem Petrus v Gent & Maria Albertha v Loggerenberg

Daniel Jacobus

v GENT

03.09.1863

01.11.1863

David Georg

Helena Catherina STRYDOM

Klein Winterhoek - Jan Johannes Strydom & Helena Petronella Nel

Andrew (Bonnie) Sydow

Katzenellenbogen singel 6

Stellenberg, Bellville 7530

Tel 021 919 2951

Sel 082 619 2713

e-pos: bsydow@vodamail.co.za

NAVORSER van GRUNDLING, RHEEDER, STRYDOM & SYDOW

------------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan: SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

6a. Re: Pretorius kenners
Posted by: "Dennis Pretorius (home)" krugersdorp@pixie.co.za dennis_pretorius
Thu Jun 18, 2009 1:47 pm (PDT)

Hallo Anita

Geskandeer en ge-OCR uit die Pretoriusboek - verskoon die "gebrekkige OCR

Groetnis

b3 JOHANNES = Kaapstad 22 September 1680 t c 1732 x HELENA VOSLOO * c 1698; t c 1731
b3cl JOHANNES; = Stellenbosch 21 Maart 1711, bekend as Jan; t in `Land van Waveren´, 4 Julie 1778; x Stellenbosch 10 Maart 1737; JOHANNA BEZLJIDENHOUT; = 1 November 1717, bekend as Jannetje; d/v Wynand Bezuidenhout en Gerbrecht Boshouwer

b3c1d9 JACOBUS CORNELIS; = Tulbagh 17 Oktober 1756; veeboer; t distrik Cradock 22 Augustus 1827; x 25 Mei 1778; MARGARETHA JOHANNA COETZEE; = 22 Februarie 1761
b3c1d9e7 LOURENS; = Graaff Reinet 26 April 1801; volgens die monster-rolle is hy eienaar van die plaas Hartebeesfontein afdeling Tarka vanaf 21 November 1831 tot 1848; x Cradock 10 November 1822; CORNELIA JACOBA ROBBERTS; * 1808; t Rustenburg Januarie 1868

b3c1d9e7f5 HUIBRECHT ELIZABETH; * ong. 23 Junie 1845; = Cradock 6 Februarie 1846; x Rustenburg Hervormde Kerk 22 Desember 1861; PETRUS JACOBUS BOOYSEN

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: anita slabbert
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thursday, June 18, 2009 4:46 PM
Subject: [SA-Gen] Pretorius kenners

Dag mense
kan iemand dalk in die "familia" of erens net vir my kyk wie was Huibrecht Elizabeth geb Pretorius se ouers se name. Sy is gebore + - 1845 en oorlede 25 Aug 1922 in marico. sy was getroud met Petrus Jakobus Booysen.
Sal dit baie waardeer.
Dankie en groete vanuit 'n sonnige Melkbosstrand
Anita

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3855

Datum:  Saturday, June 20, 2009

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. Burgershoop BP: B M Amos From: paultjie26
2a. Re: Nuwe aankomeling From: Gert Esterhuizen
2b. Re: Nuwe aankomeling From: Ann Tiran
2c. Re: Nuwe aankomeling From: Johann Hanekom
3. (Koerant) Beeld 19 Jun. 2009 From: Fanie Blignaut
4. raaisels & ontdekkings... From: nataschavdw
5a. Re: Putfontein From: Rob Wood
5b. Re: Putfontein From: Louis Hurn
6a. Re: du Plessis From: hennie.nel@webmail.co.za
6b. Re: du Plessis From: Daniel Jacobs
7. Klein Karoo Bosmans vertrek op vlieënde piering From: Harry
8a. Re: du PLESSIS en andere... From: Ria van den Heever
9. THERON raaisel .... From: Hendrik at Loogkolk
10. [Koerant] The Mercury Woensdag 17 Junie 2009 From: aletta magrieta.quebbemann
11. [Koerant] The Mercury Vrydag 19 Junie 2009 From: aletta magrieta.quebbemann
12. [KOERANT]BEELD-HEINE Erich [41} From: TEIR Elizabeth
13. [KOERANT]DIE BURGER-ERFENISSE UIT DIE STROMSEE From: TEIR Elizabeth
14. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI- KLOK From: TEIR Elizabeth
15. [KOERANT]DIE BURGER- RENS Bernardus Petrus [54] From: TEIR Elizabeth
16. [KOERANT]DIE BURGER-PRETORIUS Franscois [23] From: TEIR Elizabeth


1. Burgershoop BP: B M Amos
Posted by: "paultjie26" paultjie@mweb.co.za   paultjie26
Thu Jun 18, 2009 10:56 pm (PDT)

Op die GGSA BP-skyf (weergawe 6) verskyn die volgende inskrywing:

"AMOS, Bernard Milas
Born: 30 Dec 1912
Died: 28 Jul 1980
Buried: Burgershoop Cemetery, Krugersdorp, District Krugersdorp,Gauteng, RSA
Note: Bernard Milas Amos

Memorial wall Panel 2. Husband of Hester Carolina Amos."

Ek vermoed egter dat die persoon Bernard Milns (nie Milus) AMOS is.
Die plaque word nie op die EGGSA se grafsteen projek vermeld nie.

Is daar miskien iemand wie kennis dra oor die Burgershoop inskrywings
of moontlik selfs 'n foto van die plaque het?

By voorbaat

Paul le Roux
Navorser van die Milns familie in SA

2a. Re: Nuwe aankomeling
Posted by: "Gert Esterhuizen" murdeira74@gmail.com   jorgeestreux
Thu Jun 18, 2009 10:59 pm (PDT)

Johann,
Baie geluk! Mag daar nog vele wees!

Gert

2009/6/18 Johann Hanekom <johann@hanekom.org>

>
>
> Dit is genealogie, maar ook ‘n baie trotse oupa wat aankondig dat ek
more
> weer oupa geword het!
>
> Nee ek het nie ‘n fout gemaak met my ‘tenses’ nie - my nuutste
kleindogter,
> Jessica Emily Hurrell, eerste dogter van my jongste dogter, Léana
Hurrell,
> nee Hanekom, en Wayne Gerald Hurrell, is om 01h00 op 19 Junie 2009 in
> Christchurch, Nieu Seeland gebore.
>
> Ma en dogter is albei gesond, dank die liewe Vader.
>
> Johann
>

>
>
>

2b. Re: Nuwe aankomeling
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Fri Jun 19, 2009 4:13 am (PDT)

BAIE BAIE GELUK AAN ALMAL MET DIE GESKENKIE VAN ONS HEMELSE VADER. Mag
sy

vir julle baie vreugde bring. Wanneer gaan jy kuier?

Annatjie

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Johann Hanekom
Sent: 18 June 2009 21:11
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Nuwe aankomeling

Dit is genealogie, maar ook ‘n baie trotse oupa wat aankondig dat ek more
weer oupa geword het!

Nee ek het nie ‘n fout gemaak met my ‘tenses’ nie - my nuutste kleindogter,
Jessica Emily Hurrell, eerste dogter van my jongste dogter, Léana Hurrell,
nee Hanekom, en Wayne Gerald Hurrell, is om 01h00 op 19 Junie 2009 in
Christchurch, Nieu Seeland gebore.

Ma en dogter is albei gesond, dank die liewe Vader.

Johann

2c. Re: Nuwe aankomeling
Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org johann.hanekom
Fri Jun 19, 2009 5:00 am (PDT)

Hallo Annatjie

AMEN daarop!!

Die kuier is 'n ander storie :-(

Dit klink egter of hulle vroeg volgende jaar hiernatoe sal kom vir 'n
besoek. Sal intussen maar or SKYPE kuier, dit help darem so 'n
bietjie...

Lekker naweek

Johann

BAIE BAIE GELUK AAN ALMAL MET DIE GESKENKIE VAN ONS HEMELSE VADER. Mag sy
vir julle baie vreugde bring. Wanneer gaan jy kuier?

Annatjie

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Johann Hanekom
Sent: 18 June 2009 21:11
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Nuwe aankomeling

Dit is genealogie, maar ook `n baie trotse oupa wat aankondig dat ek more
weer oupa geword het!

Nee ek het nie `n fout gemaak met my `tenses´ nie - my nuutste kleindogter,
Jessica Emily Hurrell, eerste dogter van my jongste dogter, Léana Hurrell,
nee Hanekom, en Wayne Gerald Hurrell, is om 01h00 op 19 Junie 2009 in
Christchurch, Nieu Seeland gebore.

Ma en dogter is albei gesond, dank die liewe Vader.

Johann

3. (Koerant) Beeld 19 Jun. 2009
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Thu Jun 18, 2009 11:21 pm (PDT)

KALTWASSER; Cornelia Magaretha (Nelie) * 23/09/1914 + 17/06/2009, in lewe
van Melville en tans Pretoria. Haar heengaan word diep betreur deur Douw,
Wefys, kleinkinders en familie. Begrafnisreëlings kontak Thom Kight
Begrafnisdienste, 011-837-5531. (Beeld - 19/06/2009)

WARREN; Herbert Wesley * 22/01/1933 + 15/06/2009, in lewe van Groenkloof,
Pretoria. Roudiens: Metodiste Kerk, Brooklyn, Pretoria, 23/06/2009, 11:00.
(Beeld - 19/06/2009) Martin’s Begrafnisdienste, Centurion, Pretoria,
012-660-2028.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

4. raaisels & ontdekkings...
Posted by: "nataschavdw" nataschavdw@yahoo.com nataschavdw
Fri Jun 19, 2009 12:24 am (PDT)

'n Skim was jy
73 jaar lank...

ouma wou nie praat
hoogswanger bruid
die skande...

broers en susters het jy wel
maar niemand het jou geken...

jou kindergraffie lank vergete
maar nie meer...

ons het jou onthou
verewig in ons harte nou
'n skim is jy nie meer...

O, die opwinding en ekstase van 'n ontdekking maak hierdie tydverdryf beslis die moeite werd! "I'm addicted for life!" My tante Mara GOUWS in 1936 oorlede op die ouderdom van 1 1/2 maande.

Groetnis
Natascha vd Werff

5a. Re: Putfontein
Posted by: "Rob Wood" robwood@lantic.net
Fri Jun 19, 2009 1:01 am (PDT)

Hi Louis,
Hier's nogiets vir jou....
Ek kry die volgende in "A Gazetteer of the Second Anglo Boer War 1899-1902" deur Jones & Jones:

"PUTFONTEIN (1)
A farm in the South African Republic (Coligny district; North West), 15 km north-east of Coligny. On 9 May1901 a laager of 100 burghers was surprised on the farm and 25 captured by Brig-Gen H.G. Dixon's column marching from Lichtenburg to Ventersburg(sic) (seker Ventersdorp). HMG IV p 183 (map no. 59)."

"PUTFONTEIN (2)
A farm in the South African Republic (Benoni district; Gauteng), 17 km
north of Springs. Prior to a sweep of the eastern Transvaal commanded
by
Lt-Gen Sir J.D.P. French, the columns of Lt-Col E.H.H.Allenby and Col
W.P. Pulteney, some 3200 men and 15 guns, were positioned on the farm
on
27 January 1901. HMG IV p 111 (map no. 56); Times V p.163 (map facing
p.182)".

So daar is wel twee Putfonteins.

Joune (Putfontein (1) is gelee op n reguit lyn tussen Lichtenburg en
Ventersdorp, tussen n pan met die naam "Kafferspan", en n dorpie
"Ga-Ramodingwana".

Groete,
Rob Wood

>
>
> Hi Geo.
> Baie dankie, dit is beslis die plek waarna ek gesoek het. Groete
> Louis Hurn
>
> Tel. : +2731 563-5443
> Cell. : +2773 150-1378
>
> Link to Hurn Family Website
>
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generat
ions=10
>
<http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&genera
tions=10>
>
> ----------
>

> 06/17/09 17:55:00
>

>
>

5b. Re: Putfontein
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn
Fri Jun 19, 2009 1:17 am (PDT)

Hi Rob
Baie dankie, die datum stem ook ooreen. Dit was die datum waarop my Oupa gevangene geneem en na Bermuda getuur was.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

6a. Re: du Plessis
Posted by: "hennie.nel@webmail.co.za" hennie.nel@webmail.co.za
Fri Jun 19, 2009 5:55 am (PDT)

Pieter
Ek het deur my du Plessis databasis gekyk asook in DR N A Coetzee se du Plessisboek maar kry niks. Al wat ek wel gekry het was 'n Johanna Magdalena du Plessis * 1900 en sy trou met 'n Theron

> Hallo Hennie
>
> Kan jy asb. kyk of my oumagrootjie du Plessis in jou databasis is?
> Ek sal dit baie waardeer aangesien ek lankal soek na haar gegewens.
>
> Sy was Johanna Magdalena du Plessis. Geboortedatum en ouers onbekend.
> Haar man, my oupagrootjie, was Wilhelm Christiaan Theron
(b4c5d10e13f5) *
> 27 Jun 1867 ~ 15 Mar 1868 Oudtshoorn.
> s.v. Barend Cornelis Theron en Jacoba Johanna Stander.
>
> Baie dankie
>
> Groete
> Pieter du Venage
>
>
>
>
>
>
>

>
> ----- Original Message -----
> From: hennie.nel@webmail.co.za
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com
> Sent: Thursday, June 18, 2009 7:12 PM
> Subject: [SA-Gen] du Plessis
>
>
>
>
>
> Hi Gerda
> Ek sien jy soek Du Plessis inligting. Ek het my du Plessis familie
> gedoen en het 'n paar duisend du Plessis name in my data basis.
> Laat weet wat is jou voorgeslagte se name en as ek iets kry dan sal
> ek dit met graagte vir jou aanstuur
>
> Groete
>
> Hennie Nel
>
> > Hallo
> >
> > Ek het vandag aangesluit. Wil graag meer inligting oor die familie
du
> > Plessis he vandat Jean Prieur du Plessis in die Kaap aangekom het
(2e
> > keer).
> >
> > Ek tel ons familie eers op van die 1800's en wil graag verder terug
> gaan.
> >
> > As iemand dalk kan help?
> >
> > Dankie
> > Gerda
> >

> >
> >
>
> -------------------------------------------
> South Africas premier free email service - www.webmail.co.za
> ----------------------------------------------------------
> For super low premiums, click here http://home.webmail.co.za/dd.pwm
>
>
>
>
>

>
>

-------------------------------------------
South Africas premier free email service - www.webmail.co.za
----------------------------------------------------------

For super low premiums, click here http://home.webmail.co.za/dd.pwm

6b. Re: du Plessis
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
danielmalanjacobs
Fri Jun 19, 2009 12:43 pm (PDT)

Hallo Gerda

Welkom by ons! Het jy al by http://www.national.archives.gov.za/ gekyk
vir verwysings na boedels?

Groete

Daniel Jacobs
www.gendata.co.za

2009/6/18 Gerda Du Plessis <gerda@trscon.co.za>:
>
>
> Hallo
>
> Ek het vandag aangesluit. Wil graag meer inligting oor die familie du
> Plessis he vandat Jean Prieur du Plessis in die Kaap aangekom het (2e
keer).
>
> Ek tel ons familie eers op van die 1800's en wil graag verder terug
gaan.
>
> As iemand dalk kan help?
>
> Dankie
> Gerda
>

7. Klein Karoo Bosmans vertrek op vlieënde piering
Posted by: "Harry" cfogge@shaw.ca hbooyens1
Fri Jun 19, 2009 9:36 am (PDT)

Help tog groot 'seblief.....hierdie ding kry my nou onder. Ek soek 'n
Johannes Daniel Bosman wat 'n grootman was in 1924 in die Klein Karoo.

Punt 1:

Op 11 April 1924 is 'n Herman(us) Stephanus Bosman se naam as getuie
geskryf by 'n doop op De Rust. Ek het al oral probeer uitvind wie die
man was, met net mooi zero sukses oor twee jaar heen. Paul en Isak
Bosman het reeds vir my gedoen wat hulle kan en ek is hulle baie

dankbaar.

Punt 2:

Op 6 Julie 1924 (sowat 12 weke later) vind ons Johannes Daniel Bosman en
Johanna Christina Bosman (dalk haar getroude van) as getuies by die doop
op nabygeleë Calitzdorp van 'n Maria Magdalena Pretorius, babadogter van Jacobus William Pretorius en Christina Munro Rankin. Dalk was Johanna Christina 'n Pretorius.

Die koppeling:

Gegee die "droogte" van Bosmans in die Klein Karoo, is daar dalk 'n familiekoppeling tussen die twee stelle Bosmans : Hermanus Stephanus en Johannes Daniel. Tot dusver kan ons net mooi nêrens 'n Johannes Daniel Bosman in 1924 vind nie....hy is netso verdewene soos Hermanus Stephanus.

Ons weet wel dat Ds. Hermanus Stephanus Bosman se dogter Anna Aletta Debora haar kinders op Oudtshoorn laat doop het in die eerste 10 jaar van die 20ste eeu en dat HS Bosman (waarskynlik die ds. self) getuie was. Die dope in (1) en (2) hierbo is egter 14 jaar later en ek twyfel of die ou Dominee die hele pad van Pretoria af sou gekom het vir 'n doop.

DIE PROBLEEM is dat hierdie Bosmans skynbaar net mooi van nêrens af in die Klein Karoo beland in 1924 en dan weer netso totaal verdwyn, asof
hulle opgepik is met 'n vlieënde piering.

VRAAG: Het iemand dalk daar 'n Johannes Daniel Bosman (gebore voor min of meer 1903) in hul databasis.

Harry
Vancouver
KANADA

8a. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "Ria van den Heever" riavdh@absamail.co.za
ria.vandenheever
Fri Jun 19, 2009 12:28 pm (PDT)

Naand André en ander,

Ek weet waar 'n Rensken (Renska) Aletta du Plessis * 1.03.1838 in pas.
Dink jy dit is die dame na wie jy soek?

Ek stel baie belang in al die du Plessis wat afstam van Sarel Jacob duP * 19.11.1780 en Anna Martha Kruger * 18.05.1782 - Colesberg, Bethulie, De Aar, Philipstown ens.

Groete,

Ria van den Heever

----- Original Message -----
From: André du Plessis
To: SAGenealogie
Sent: Thursday, April 16, 2009 9:57 PM
Subject: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Naand almal,
Ek het gewonder of daar dalk iemand op die lys is wat dalk bietjie voorgeslagte inligting het van die volgendes.....

Hendrik Bernardus du PLESSIS gebore 9 Jun 1895 te Potchefstroom, sterf 18 Apr 1967 x Hester Anna PRINSLOO gebore 24 Jan 1895 te Parys, Vrystaat.

Zirkia Jacoba KRUGER gebore 23 Sep 1900, sterf 24 Jun 1988 x Pieter Machiel van NIEKERK gebore 15 Des 1899 sterf ongveer 1978 beide begrawe in Krugersdorp.

Jacobus Christoffel du PLESSIS x Rensche Aletta NN moontlik van Rustenburg distrik

Rensche Aletta du PLESSIS gebore 21 Mar 1838, sterf 14 Jul 1914 x James Charles NORVAL, Colesberg distrik.

Ek gaan nie gou geleentheid kry om by die argiewe 'n draai te maak en bietjie meer uit te vind nie. Enige brokkies aangaande hierdie klomp sal waarlik waardeer word.

Lekker aand.
André du Plessis
Centurion

----------------------------------------------------------

9. THERON raaisel ....
Posted by: "Hendrik at Loogkolk" hendrik@loogkolk.co.za loogkolk
Fri Jun 19, 2009 1:40 pm (PDT)

Beste Juna ...

Ek sit met 'n THERON raaisel ... Uit die Louw Familie Bond Register blyk dit dat die seun (c1) met Johanna Wilhelmina THERON trou, miskien sy niggie, want sy het presies dieselfde name as sy ma, sien (b1)

Kan jy miskien vir my help om die een op te los, indien wel, wie is dan haar ouers ...

SAG stop voor die inligting.

Baie dankie
Hendrik LOUW

SAG 13 p.88

f7 Jacobus Petrus THERON * 30.5.1825 ? Worcester 27.10.1825 ? Tulbagh 25.7.1862 x Kruisvallei 22.10.1849 Johanna Wilhelmina Hendrina LOUW

LOUW FAMILIE BOND REGISTER

Nicolaas Hendrik Johannes LOUW * 7.10.1819 x Maria Catharina VAN DER WESTHUIZEN * 3.12.1821

b1 Petrus Gerhardus Johannes LOUW * Agter-Paarl 12.6.1854 ? Paarl 9.7.1854 x Piketberg 29.5.1877 Johanna Wilhelmina THERON * ca. 1860 ? Paardeberg distr. Paarl 7.5.1903 {d.v. Jacobus Petrus THERON * 30.5.1825 x Johanna Wilhelmina Hendrina LOUW * 19.10.1832}

c1 Nicolaas Hendrik Johannes LOUW * Paarlse Pont / Pontsplaas 11.9.1878 ? Wellington 20.10.1878 Johanna Wilhelmina THERON

NOTAS:

Johanna Wilhelmina THERON {[42.11.] 17 jr oud met huwelik}

Nicolaas Hendrik Johannes LOUW trou dalk sy niggie
----------

10. [Koerant] The Mercury Woensdag 17 Junie 2009
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za
alettaqea9fac
Fri Jun 19, 2009 7:54 pm (PDT)

Dag vriende,

QUICKQUIP:-" In youth we run into difficulties. In old age difficulties run into us. " Beverly SILLS.

GEBOORTES:-DARDAGAN Phillipa & Gregg 'n dogter Anna Troon * 14 Junie 2009 in London. Ingesit deur Pa, Colleen ,Basil, Rene, Jolene, Shane, Liz, Jessica,.

MORRIS Sarah & Andrew 'n seun Luke * 9 Junie 2009. Kleinkind vir Lynne & Alan FAIRLEIGH van UK, Jill COWANS en Lee MORRIS van Durban . Agterkleinkind van Kathleen GOWANS van Durban.

PAYN SCOWBY Steve & Penny-Ray 'n seun Samuel Graham * 8 Junie 2009 in Parklands . Kleinkind vir John & Ann , Graham & Yvonne.

VERLOWINGS:-ATTWOOD-SMITH Susie & Dave se seun Mark aan Jennifer , dogter van Maureen & Andre ROUX.

HUWELIKE:- VAN DER WESTHUIZEN Julie & Jaco LOUW trou by Chapel Desk Zimbali Country Club KZN Noord Kus. (foto).

VAN DIJK Jason & Lisa trou by Darling , Wes Kaap Kus.(foto).

PERROW Kevin & Lauren Ashleigh STERN trou by Collisheen Balito.(foto).

HAYES Liza & Brad trou by Bell and Anchor , Pennington , KZN South Coast. (foto).

BARNES Dean & Angela trou by Bothas' House Pennington KZN Suid Kus. (foto).

DOOD:- BEGA Ninette + 13 Junie 2009 x + Marcel. Ma van Christian, en Maryse ,skoonma ,ouma en oumagroot. Suster van Francis, Genevieve, Valo, en Rosemary .Requiem Mass by St. Dominics Catolic Church Hillcrest op 19 Junie 2009 om 10 vm. Ingesit BELL Funerals .

BOSHOFF Izak Johannes. Begrafnis op 18 Junie 2009 by Frere Rd Presbyterian Kerk Glenwood om 16 nm. Ingesit deur AVBOB 031 2061831.

ENGLUND Joy + 12 Junie 2009 in New Zealand x Eddie .Ma van Graham en Charwin, skoonma van Robyn en Heath, Skoonsuster van Arnold, Heather, Paul, Daphne, Theo, Hester en Lorna. > grimbo@paradise.net.nz < of 17 Cane Rd , Waimauku , Auckland 0882 New Zealand.

FINLAY Josefine + 9 Junie 2009. Gemis deur Christina , Elfrieda en familie.

FULLER * LIVINGSTONE Catriona Mackenzie (Kay) 31 Des 1921 ------12 Junie 2009. x + Kenneth .Ma van Graeme & Audrey, Margaret & Terence, (Jaco) Jackson & Judy. Ouma van Iain & Bridget, Nicola & David , James , Belinda & Guy en Thomas. Oumagroot van Josephine & Phillipa. Suster van Bell CURRY en + Nan & Norman , Isabelle, Frank & Jane SHEARER, Donald & Trudy LIVINGSTONE en Ray CURRY.

KERR James (Jimmy ook Jimmy the Bear) 2 Mei 1934 ----12 Junie 2009 Man van Amy, pa en oupa van Nicky, Craig, Jaden, en Luke.Broer en swaer van John & Stella, Alan & Betty, Margaret & Matt, Janette & Gerry. (Oupa

van Warwick , Del ,Gary, Alison ,Leah en Daniel.) " Played and Managed Football " van die ExPro-mates.

KNIGHT Alan 9 Okt 1947 ----12 Junie 2009 . Pa van Jarrod en Devon. Memorial by Riverside Church ,Stafford Rd Westville Noord op 18 Junie 2009.

KNIPE Eric Barrington x + Thelma .Pa en oupa van Jenny, Tracey, Wayne, Tracey, Dave, Connie, Morgan , Carrie, Mitch en Olivia. (Pa van Dann en Michael, Dave en Connie, Jenny, Pam en Charmaine en + Derek .Requiem Mass by The Assumption Catolic Church Umbilo op 19 Junie 2009 om 2nm. Ingesit deur BELL Funerals.

MEIER nee NIDDRIE Joan Irma 17 Junie 1933 ----11 Junie 2009 x + Dave. Ma van Barbara.

MORGAN Maureen Ann + 14 Junie 2009. Ma ,ouma en oumagroot van Jenny, Nolla, Patti, Mike, Trevor en Kleinkinders. Memorial op 19 Junie 2009 is privaat.

NOOT James Alexander + 13 Junie 2009 . Liefde van Bernie en familie.

O'BRIEN (PAPAPHILIPPOU ) Karen .Memorial by Kloof Katolieke Kerk op 19 Junie 2009 om 10 vm.

ODELL Beryl Grace 5 Okt 1918 ----12 Junie 2009 by Milldene Park Care Centre Durban Noord. Suster van Oliver ODELL ,tannie van Michael, Mrgaret, en familie,. Vorige Prinsipale van Mitchell Girl's High School en onderwyseres en Visie Hoof van Indien Girl's High Durban en Pietermaritzburg. Memorial by Milldene Park Village Durban Noord op 20 Junie 2009 om 10 vm. Ingesit deur OAKLEIGH 031 2059959.

RIEKERT Shirley Gladys + 14 Junie 2009 tuis. x + Neil. Ma van John & Hester, Julian & Mary en Christine en Barbara , Anne en Bruce. Ouma van Johan en Neil, Libby en Kate, Tom en Bear, Titi en Jake. Oumagroot van Hannah, Abbey en Cate. Ook onthou deur Pattie, Sanna en Gemima. Begrafnis by St Lukes Anglikaanse Kerk Howick op 19 Junie 2009 om 10 vm. Ingesitt deur OAKLEIGH 033 3426116.

SMITH Muriel. Memorial by DOVES Greyville op 19 Junie 2009 om 1nm. Verassing privaat.

SMUTS Wenzel (Bill) x Veronica. Pa en skoonpa van Anthony en Elaine, Andrew, Stanley , en Kathy, Veronica en Stuart en Terrence,Oupa van Lara en Pearl, Taryn en Melissa, Hayley , Wesley en Sheldon en Zane. Oupagroot van Clarissa en Kirsten. Memorial by New Forest Congregational Church Montclair op 20 Junie 2009 om 11 vm.

SONES Edward x Christine.Pa van David , Tony en Angela. Skoonpa van David en Sarah .Oupa van Sophia. Broer van June en Ann , oom van Peter, Susan , Jane, en Wendy.

TAYLOR Charles Paul 1 April 1925 ----14 Junie 2009 x Isobel vir 54 jaar.(Piloot by Virginia Flight School) Oom van Cameron, Caroline, Gemma en Ross . Vriend van Andy , Norma ,John en Pat en seuns Morag en Kevin.Begrafnis by Frere Rd Presbyterian Kerk op 18 Junie 2009 om 11vm. Ingesit deur BELL Funerals.

TURNER Gloria Ann . Gemis deur vriende Joan, Eddie, Linda, Ann, John, Jane en familie. Begrafnis by St Francis Xaviar Katolieke Kerk Bluff op 18 Junie 2009 om 11 vm. Verassing privaat. Ingesit deur OAKLEIGH 031 2059959.

VAN VUUREN Jacobus Frederick . Begrafnis by Outspan Retirement Home Chapel Umbilo op 18 Junie 2009 om 1030 vm. Ingesit deur AVBOB op 0311 2061831.

MEMORIAM:- BARONET Brian 7 Aug 1960 --- + 17 Junie 1988. Broer va Robert, Charmaine en familie. Ook onthou deur Ma.

NEL Andrew x Dorothy .

VAN WYK Jeremy Andrew. Onthou deur Ma en Nic.

Gegroet uit Richardsbaai vir eers tot vanmiddag toe .
Rita

11. [Koerant] The Mercury Vrydag 19 Junie 2009
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Fri Jun 19, 2009 9:27 pm (PDT)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " Don't compromise yourself. You are all you've got. " Janis JOPLIN.

GEBOORTES:- DIAMOND nee MYBURGH Marc & Sonika 'n seun Samuel Michael * 17 Junie 2009 in Parklinds. Boetie vir Mia.

HOBDEN Peter & Briget 'n dogter Sophie Patricia * 15 Junie 2009 . 10de kleinkind vir Mike & Pat.

SLAUGHTER nee STEWART Mark & Nicola 'n dogter Hadassah Jane * 8 Junie 2009 .

WILSON /YOUNG Stephen & Carole 'n dogter Noa Colette * 16 Junie 2009 in Austalia. Kleinkind vir Denise & + Bill YOUNG en Mark & Cherry WILSON.

VERLOWINGS:- DE BEER ~ WAYNE David & Sally se dogter Kerryn aan Eugene ,seun van Johnny & Dion.

MARQUIS Mike & Lorraine se seun Kyle aan Simone dogter van Darryl & Judy BLAKE.

THEUNISSEN ~CAMPBELL Lorraine & Ian se dogter Kirsty aan Jon , seun van Pat en Rob.

DOOD:- BENTLEY Reginald Leslie + 14 Junie 2009 in Bulawayo . Memorial by Christ Church Pinetown op 25 Junie 2009 om 2nm.

BLAIKIE Arnold Matthew. Seun van Ellen. Broer van Albert n Corné . Begrafnis by St Gabriel's Anglikaanse Kerk Wentworth op 20 Junie 2009 om 10 vm. Daarna na Dudley Str Begraafplaas. Ingesit deur ISIIPINGO INC PAM'S.

BOTES Bridget + op haar 25 ste verjaarsdag aan Cystic Fibrosis. Charles & Cynthia ons dink aan julle van Dian en familie.Van tannie Di, Chris en James. Ook van Nics & Peter en Angus HALE.

CALDEIRA David . Requiem Mass by Blessed Sacriment Katolieke Kerk Virginia op 20 Junie 2009 om 10 vm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

CUNNINGHAM Bryan Basil Dixon + 16 Junie 2009 x Christine .Pa van Trish & Jamie, Rosemary, Kathleen & Brian en + Ian en William. Oupa van Courtney & Ava. Begrafnis by Methodiste Kerk Pietermaritzburg 23 Junie 2009 om 14 00nm. Ingesit deur OAKLEIGH 0333426116.

DE WITT Edward Martin 17 Okt 1953 ---13 Junie 2009 x Erna * Steenkamp x Potgieter xx DE WITT. Seun van Sarie DE WITT . Broer van Willie en Hannie. Pa van Eddie, Trudie, Natasha , Cristelle en oupa van Kaylee en Allisa . Memorial by die Ou Apostoliese Kerk Meer en See op 20 Junie 2009 om 11 vm.

DE VILLIERS Sonia Miriam + 10 Junie 2009. Ma van Pierre en Marienne.

DREXLER Ernst 11 Des 1924 ----17 Junie 2009. Nou saam met Ma. Pa en oupa van Judith , John ,Warren en Brett.; Pa en oupa van Julia , Asher en Nathan; Begrafnis by DOVES Greyville op 19 Junie 2009 om 3nm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

DURRANTE John Maxwell + 17 Junie 2009 x Denise. Pa van Dianne en oupa van Samantha. Memorial by Flame Lily op 19 Junie 2009 om 11vm.

GIBSON Hugh Reid + 18 Junie 2009 x Barbara. Pa van Hugh ,Diane, en William, Stuart en Athi en + Ursula en oupa. Memorial op 23 Junie 2009 om 2.30nm by Hillcrest Presbyterian Kerk .

GREGORY nee JOYCE Helena 13 Feb 1928 ---12 Junie 2009 x + William.Ma van Joy , + Michael, Irene, Shona, Cynthia , Teresa , Basil, Neville en Joseph, Skoonma en Ouma van Sean , Nicole, Ashlyn en Keane.Ook oumagroot. Begrafnis by St Andrews Katolieke Kerk Harding om 12.30 nm Daarna na Harding begraafplaas.

HARDING John . Simpatie aanLydia, Johnny, Janine en Michael . Vaan Graham & Anthoula SCHEEPERS.

HOLMES Mary 13 Mei 1947 ---16 Junie 2009 x Robert .Ma van Dino, en Andrew.Ouma van Danielle. Diens by Holy Trinity Grieks Orthodokse Kerk Umbilo op 22 Junie 2009 om 11.30vm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

KINSMAN Jacqueline + 11 Junie 2009 x + Vernon .Ook saam met vriendin Dianna BALLARD. Gemis deur peetkind Mandy en die BALLARD Kinders.( vrywilliger by Tape Aids for the Blind.)

KOK Hans + 17 Junie 2009. Gemis deur Praxia en Graham en almal in Alben.

LANDERS (HARVEY) Rory Devron van Marianridge. Seun van Deborah en Alwyn. Broer van Tracy, José, Cedric, Avrillynne, Robin en + Craig. Begrafnis by Seventh Day Aventist Church Pinetown op 20 Junie 2009 om 1.30nm. Verassig privaat.

LOADER Ronald Clive (Ron) 2 Julie 1957 ---16 Junie 2009 .Pa van Nikita. Broer van Margie, Rosie en Arthur. Memorial by Presbyterian Kerk Pinetown op 19 Junie 2009 om 2nm.Donasies aan MOTHWA Haven Moore Rd.

MARAIS Phillip Andrew 26 Jan 1942 ----14 Junie 2009 x Caroline . Pa ,skoonpa, broer en oupa. Requiem Mass op 20 Junie 2009 by The Holy Family Katolieke Kerk Newlands East om 10vm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

MARTIN Ester 19 Feb 1938------12 Junie 2009 .Ma van Debbie en Dordie en Gail en Peter. Ouma van Ryan , Robyn, Nicole en Dale.

McCABE Kit + 17 Junie 2009 . Gemis deur Sue en Alan, Vicki en Mike, James en Janette, Rebecca, Tamara en Simon, Michael en Miranda, Kate en Anthony, Nicholas, Christopher ,Kelly en Ross en oumagroot van Charlotte-Rose. Begrafnis by St Martins Church Durban Noord op 19 Junie 2009 om 11vm.Ingesit deur DOVES 0860025500

MEYERS Hilda Marjorie x Willy MEYERS .Ma van Annette , Henry , en Anthony,Suster en ouma. Begrafnis by AFM Kerk Wentworth op 20 Junie 2009 om 10 vm. Verassing privaat. Ingesit deur ISIPINGO Inc PAM'S.

NEL Desmond 1929 --2009 x Eileen . Pa van 5 en oupa.

OGLE Beauty . Requiem Mass by The Emmanuel Cathedral Church Durban op 20 Junie 2009 om 11 vm. Daarna na Stellawood Begraafplaas. Ingesit deur DOVES 0860025500.

OOSTHUYSEN Rozelle + 17 Junie 2009 op ouderdom 43. Onthou deur Peter, Sally, GustavSnr, Charles, Gustav Jnr, Ryan en Kerry en Kim. Memorial by The Harvest Church Somerset Park Sunningdale op 22 Junie 2009 om 9.30vm . Ingesit deur CONSTANTIABERG FUNERAL HOME.

PEENS Iris Gaenor + 27 Mei 2009 .Ma van + Ann en ouma van Rowan.

STARTIN Trevor Walter x Cynthia. Pa en oupa van Linda, Roy, Luke en Jessica, Amanda, Dave, Tracy en Kirsten. Memorial by Berea Congregational Church op 22 Junie 2009 om 11vm. Ingesit deur OAKLEIGH 031 2059959.

STEVENSON Samuel + 17 Junie 2009 .Man pa en oupa van Lyn, Iain & Hayley, Hugh & Megan, Rachael ,Samuel en Benjamin. Begrafnis by All Saints Anglikaanse Kerk Nottingham Rd. op 23 Junie 2009 om 12 middag. Ingesit deur OAKLEIGH 033 3426116.

WILLIAMS Rita (Draai). Memorial by Congregational Church Sydenham om 1 nm op 20 Junie 2009.

MEMORIAM:- DAVIS Leslie Alexander 2 Maart 1923 ----19 Junie 1999. x Babs .Pa van John ,Ian ,Gary en skoonma en ouma.

MORGAN John Raymond 22 Julie 1935 ----19 Junie 2004 .Onthou deur Yvonne.

RIGGS . No regrets Mrs BOOTS.

Gegroet uit Richardsbaai
Rita

12. [KOERANT]BEELD-HEINE Erich [41}
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Fri Jun 19, 2009 11:41 pm (PDT)

'Pa in ons harte, al sê ons bye-bye'
Jun 19 2009 09:52:50:800PM - (SA)

Erika Gibson

Ons sê vandag vir Pappa bye-bye, maar hy gaan altyd in ons hartjies wees."
Met dié woorde aan haar drie dogters, het mev. Alet Heine gister tydens 'n roudiens vir haar man, Erich (41), by die NG kerk Moreletapark in Pretoria afskeid geneem.

Mnr. Heine is sowat drie weke gelede aan boord van Air France se rampvlug 447 saam met nog 227 mense dood toe die vliegtuig in die Atlantiese Oseaan gestort het.

Mev. Heine het hulde aan haar man gebring met die gedig van W.H. Auden: dat hy haar noorde, suide, ooste en weste was. "I thought that love would last forever: I was wrong."

Honderde vriende, familie en oudkollegas, van wie heelparty spesiaal vanuit die buiteland gekom het om die diens by te woon, het mnr. Heine onthou as 'n man "wat groter as die lewe self was".

"Ek gaan hom vreeslik mis," het sy vrou gesê met haar arms om die tweeling, Anje en Melissa (4). Hul oudste dogter, Kristen, het die afgelope week ses geword en só haar eerste verjaardag sonder haar pa gevier.

Dit was egter nie net 'n geleentheid vol trane nie. Vriende het vertel hoe mnr. Heine, toe hy in Duitsland begin werk het, as 'n "ware seun van Afrika" 'n das met 'n reuse-leeu op werk toe gedra het.

Hy was lief daarvoor om tot tussen die stoere Duitsers na Bok van Blerk te luister. Hy was 'n "ou wat nog 'n Boereplan kon maak". Hy was een wat van die fabrieksvloer tot in die raadsaal 'n probleem kon eien en

omskep in 'n plan wat sóú realiseer, het mnr. Louis van Niekerk, 'n oudkollega, gesê.

Hy en sy twee halfbroers, Douglas en Neil Long, was bekend as die boereworsbroers.

"Ons was net tegnies halfbroers: Hy was die beste boet in die hele wêreld en my held," het mnr. Neil Long gesê.

Sy drie dogters het gister grootoog elkeen met 'n teddie onder die arm as troos na die lewensgrootte foto van hul glimlaggende pa by 'n eenvoudige wit kruis en wit Sint Josefslelies gewys.

Sy neef, dr. Quintus Heine, het die roudiens gelei met 'n boodskap uit 2 Korinthiërs 4: "Wat ons sien, hou net vir 'n tyd lank, maar wat ons nié kan sien nie, hou vir ewig."

"Dit is 'n misterie wat met Erich gebeur het - ons sal waarskynlik nooit weet wat skeefgeloop het nie. Ons wéét egter dat hy in sy laaste oomblikke vir God gehad het om aan vas te hou. Hy sou ook geweet het dat Hy Alet en hul kinders sou troos."

Mnr. Neil Long het gesê die familie het nog geen aanduiding of sy broer se oorskot onder die 50 lyke is wat tot dusver gevind is nie."Ons oupa, net so 'n formidabele man, is nes Erich op 41 dood. Erich het my die aand voordat hy op die vliegtuig geklim het, gebel, maar ek het al geslaap. Ek het die volgende oggend eers sy boodskap gekry. Hy was dus klaar dood

13. [KOERANT]DIE BURGER-ERFENISSE UIT DIE STROMSEE
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Fri Jun 19, 2009 11:41 pm (PDT)

Nuus
Erfenisse uit die stormsee
19/06/2009 10:01:11 PM - (SA)

Golwe slaan hard teen die rotse, sproei styg soos mis voordat die wind dit woedend wegvee.

'n Storm op see.

Min van ons het dit al beleef - om op 'n boot op die water te wees terwyl die natuur kolkend tier. Van land af het dit 'n bekoring wat sekerlik nie op see dieselfde magiese kragte het nie. Dít wat in die water aangaan, die maal en was en wring, bring kalmte en rus wat nie voorheen daar was nie. HUH?

Tog, vertel die óú hande, dis nie só erg nie. Hulle slaap daardeur, drink dalk effe versigtiger aan die warm koffie, sorg dat niks rondlê wat kan rondrol en iemand beseer nie.

Dis juis dié dinge wat kan rondrol, afval, uitspoel, wat kan lei tot 'n interessante storie. Want hóé kom die skoen/beker/liniaal dan hier, op die strand?

Dalk nie uitgespoel nie, maar in haar huis, vertel mev. Helena Ryke (83) van Bothasig, staan só iets. 'n Skeepserfenis wat haar kant toe gekom het ná 'n storm.

Dit is 'n hoekkas deur haar oupa gemaak van planke van 'n stoomskip wat in 1910 naby Paternoster op die rotse geloop het.

Op pad tussen Lobito (Angola) en Kaapstad en vandaar Lourenço Marques (nou Maputo in Mosambiek) het die SS Lisboa op 23 Oktober van daardie jaar gesink.

Aan boord was 150 passasiers en 120 bemanningslede (bronne verskil hieroor, maar dié syfers kom uit die gesaghebbende Tales of Shipwrecks at the Cape of Storms deur John Gribble en Gabriel Athiros). Die vrag het onder meer bestaan uit olyfolie, rooiwyn en bulle. (Die bulle was glo bedoel vir stiergevegte in Mosambiek.)

Die Lisboa was op sy dag die grootste skip in die Portugese handelsvloot en is ook as posboot ingespan.

Een van die belangrike passasiers was ene mnr. Fussell, die Britse vise-konsul in Lobito.

Nadat die skip gesink en die mense gered is, het Fussell die volgende dag vanuit Vredenburg 'n boodskap per telegraaf na die skip se eienaars, Empreza Nacional de Navegaçao, in Lissabon gestuur. Hierin het hy hul situasie verduidelik en ook genoem dat "250 passasiers en bemanning" hulle op land bevind. (Dit was seker 'n skatting, die korrekte syfer was 263, met vier bemanningslede en drie passasiers wat verdrink het.)

Wanneer en hoe Helena se oupa die hout in die hande gekry het om die kas te maak, is nie seker nie. Dit was egter van meet af duidelik dat die Lisboa nie weer seevaardig gaan wees nie.

Helena vertel sy het die kas by haar ma geërf, en dat haar oupa elke stukkie werk daaraan met nét sy knipmes as gereedskap gedoen het.

Destyds as 'n skip op die rotse geloop het, moes daar gewag word vir die doeane-mense om van Kaapstad af te kom om inventaris te neem.

"Intussen het die boere hulself maar gehelp," vertel Helena

Só erf sy dan, ook van die Lisboa, 'n geweefde wit damask-tafeldoek. Dié is egter nou baie broos ná al die jare en seewater.

Nóg 'n storm wat in Helena se familiegeskiedenis figureer, is dié van 'n Britse skip wat in die Anglo-Boereoorlog naby hul plaas gesink het. Die naam daarvan ken sy nie.

(Lesers moet dit nie verwar met die HMS Sybille nie. Dit was inderdaad 'n Britse skip wat in die ABO gesink het, maar dít was nader aan Lambertsbaai, in Januarie 1901.)

Die skip waarvan Helena se ouma haar vertel het, was vol perde wat vir die Britse soldate gebring is om hullemet hul oorlogspoging te help.

"Vir altyd daarna sou my ouma die perde hoor runnik omdat hulle nie kon afkom of uitswem nie."

Die bemanning het gelukkig oorleef. Te verwagte was hulle erg bedremmeld en die mense in die omgewing het hulle jammer gekry. Kos (dalk selfs droë klere) is uitgedeel.

Sy vertel met 'n lag hoe die een man iemand bedank het. Hy moes die woorde "never tasted anything better" gebruik het, want net daar spring die vrou om en laat ontsteld hoor:

"Die dié-en-dié se Ingelsman! Ek gee vir hom brood en nou wil hy nog botter ook hê!"

14. [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI- KLOK
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Fri Jun 19, 2009 11:41 pm (PDT)

Klok kry ereplek ná vreemde omswerwinge
Jun 18 2009 12:38:16:490PM - (SA)
Mary-Anne Cillié

VREDE. - 'n Klok wat deur menige kind en oudleerling bloot as 'n "skoolklok" herken word, het met reg 'n ereplek in die Hoërskool Vrede se ontvangsportaal gekry.

Dié klok het aanvanklik voor die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boere-oorlog) statig op die markplein voor Vrede se destydse landdroskantoor gehang. Om 09:00 en 21:00 is hy gelui om alle inwoners oor die tyd in te lig, vertel P.R. Botha in sy eeufees-herdenkingsboek Vrede 1879-1979.

Die klok is egter tydens die oorlog in Mei 1901 deur 'n onbekende Britse offisier verwyder.

Jare later, ná nog 'n oorlog - die Tweede Wêreldoorlog - besoek ene kol. Clarke van Engeland en sy broer, 'n landdros uit Indië, die dorp Vrede.

Die destydse stadsklerk, D.E. Maree, vertel verder in opdrag van die naamlose, maar berouvolle Britse offisier moes hulle die klok terugbesorg aan sy regmatige eienaar.

Sou die eienaar nie opgespoor word nie, moes die klok vir die nageslag bewaar en in belang van die publiek gebruik word.

Die klok is toe vir die Hoërskool Vrede aangebied en gretig in ontvangs geneem aangesien die skool 'n ou spoorwegstaaf as klok gebruik het. Daarop moes 'n mens hard met 'n ysterstaaf slaan om sleepvoetkinders nader te roep.

Die koms van 'n elektroniese klok wat die groeiende skool beter gepas het, het die einde van die funksie van die tradisionele klok beteken. Gelukkig het die destydse skoolhoof, mnr. Piet Steyn, besluit om die geskiedkundige klok te bewaar - aan die stewige houtstaander waaraan die klok vandag nog hang.

Die naam van die berouvolle offisier bly waarskynlik vir ewig 'n geheim. Sy wens is egter vervul en 'n vorige geslag skoolkinders van Vrede kan nog duidelik die klok in hul geheue hoor lui.

Die volgende woorde is op 'n egte silwerplaatjie gegraveer en op die staander gemonteer - die enigste oorblywende inligting rondom die Engelsman wat gehoor gegee het aan sy gewete.

15. [KOERANT]DIE BURGER- RENS Bernardus Petrus [54]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Fri Jun 19, 2009 11:46 pm (PDT)

Oos-Kaap
Gesoek deur Interpol - so lyk hy
ELLEN HANCKE
19/06/2009 10:14:41 PM - (SA)

Jeffreysbaai. - 'n Gewone seun uit 'n gewone, ordentlike Afrikanerfamilie.

Só beskryf jeugkennisse een van die wêreld se mees gesoekte misdadigers, nadat sy naam en foto pas weer op Interpol se Rooilys verskyn het.

Mnr. Bernardus Petrus Rens (54), 'n boorling van Uitenhage wat lank as apteker in Plettenbergbaai gewerk en toe glo met mening met die gereg gebots het, is in murg en been 'n Oos-Kapenaar. Hy het as die enigste seun van wyle mnr. Bernardus (Boet) en mev. Charlotte Rens van die plaas Lower Spring Fountain, naby Uitenhage in die Kruisriviervallei grootgeword.

Rens het aan die Hoërskool Die Brandwag in -Uitenhage gematrikuleer waar hy volgens 'n jeugkennis wat anoniem wil bly, "?'n gewone en eintlik valerige, bleeksiel-tipe seun" was.

Hy het hom as apteker bekwaam en in die laat sewentigerjare in Plettenbergbaai gaan vestig.

Rens word sedert 2002 gesoek op ernstige aanklagte in verband met die onwettige besit van ammunisie, masjiengewere, ploftoestelle en ook vir bedrog en aanranding.

Een van die sake van bedrog hou verband met vervalste dokumente op grond waarvan hy na bewering 'n Landbanklening bekom het en waarmee hy 'n spogplaas in die Plettenbergbaai-omgewing sou gekoop het. Sy spoghuis op 'n koppie net buite Plettenbergbaai was destyds in 'n stadium vir R18 miljoen in die mark.

Rens het in Februarie 2002 nie in die Baaise streekhof vir 'n bedrogsaak van R5,5 miljoen opgedaag nie en het sy borggeld van R20 000 verbeur. Hy het ook weggebly van die landdroshof in Knysna waar hy op 16 klagte wat verband gehou het met die onwettige besit van wapens, asook op 'n klag van die aanranding op 'n sake-vennoot, moes verskyn.

Volgens 'n kennis uit Rens se Plettenbergbaai-dae was hy daarvoor bekend dat hy tuis was in die geselskap van stralejakkers en die gepaardgaande glanslewe.

Hy het familielede glo dikwels ná oorsese reise met ontwerpersklere en duur parfuum bederf.

Sy twee susters, wat albei in die Oos-Kaap woon, is volgens 'n familievriend diep geraak deur die die soektog na hul broer wat nou weer op die voorgrond is. "Kort ná Rens se verdwyning het die polisie by die een suster se huis na hom kom soek en dit is vir hulle 'n baie moeilike saak om te verwerk. Hulle besef egter dat Interpol se sukses met die Dirk Prinsloo-bewerings nou weer die fokus op die ander mees gesoekte persone op Interpol se rooilys gaan plaas."

Twaalf Suid-Afrikaners se name is op die

16. [KOERANT]DIE BURGER-PRETORIUS Franscois [23]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Fri Jun 19, 2009 11:46 pm (PDT)

Nuus
Man in hof ná seun se dood by troue
JAN GERBER
en
MICHELLE VAN DER SPUY
19/06/2009 08:38:11 PM - (SA)

Paarl. - 'n Nutsman wat verbind word met die moord op 'n vermeende inbreker tydens 'n bruilof buite Klapmuts het gister vlugtig in die landdroshof hier verskyn.

Mnr. Francois Pretorius (23) van Bellville is in Mei in hegtenis geneem as 'n verdagte in die moord op die 17-jarige Adriaan Plaatjies.

Luidens vroeëre mediaberigte is Plaatjies se liggaam op 29 Maart - 'n dag ná die troue van mnr. Ryand en me. Linda Liebenberg op die plaas Rusticana - sowat 4 km van die onthaallokaal gevind. Hy het gesterf aan inwendige bloeding weens 'n geskeurde lewer.

Pretorius was 'n gas op die troue. Tydens 'n vorige verskyning het hy 'n verklaring ingedien waarin hy enige betrokkenheid by die aanranding op Plaatjies ontken.

Luidens dié verklaring was die kontantkroeg by die onthaal duur en het hy na sy motor gegaan om 'n drankie te drink. Daar het hy 'n onbekende persoon in een van die motors aangetref.

"Ek het hom gevra waarmee hy besig is en hom daarna aan sy arm uit die motor geruk," lui die verklaring. Hy het geskop na wat na 'n blink voorwerp in die seun se hand gelyk het.

Intussen het Pretorius nog 'n gas, mnr. Barry Stander, se aandag getrek. Stander het volgens Pretorius die seun gekonfronteer.

"Ek is nie seker of Barry hom met die vuis of 'n oop hand geslaan het nie, maar dit het voorgekom asof hy in sy rigting geslaan het."

Daarna het Pretorius die vermeende inbreker met sy voet op die grond vasgepen. Intussen het die bruidegom en die eienaar van die motor, mnr. Eric Ross, ook na buite gekom.

Luidens Pretorius se verklaring het die bruidegom die seun om 'n draai na 'n donker gedeelte van die parkeerterrein geneem. Pretorius is toe terug na die onthaal.

Hy ontken dat hy weet wat verder met die seun gebeur het. "Die persoon is nie in my teenwoordigheid aangerand nie."

Hy beweer hy het later bloed op die bruidegom se skoene gewaar.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3856

Datum: Saturday, June 20, 2009

Daar is 21 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. MALLEE From: mispoes@ymail.com
2. Re: Nuwe aankomeling - geluk! From: Martina Louw
3a. Re: [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI- KLOK From: Andries en Marelize Keyter
3b. Re: [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI- KLOK From: Charlie Els
3c. Isabeau LE LONG From: Johann Hanekom
4a. Re: du PLESSIS en andere... From: F.Venter
4b. Re: du PLESSIS en andere... From: André du Plessis
4c. Re: du PLESSIS en andere... From: André du Plessis
4d. Re: du PLESSIS en andere... From: F.Venter
4e. Re: du PLESSIS en andere... From: André du Plessis
4f. Re: du PLESSIS en andere... From: Ria van den Heever
4g. Re: du PLESSIS en andere... From: Ria van den Heever
5a. KET From: mispoes@ymail.com
5b. Re: KET From: Johannes Bosch
6a. HOMAN - VERMEULEN. From: Johan Vermeulen
7. Re: Duitse gespreksgroep stigting From: trudiemarais@telkomsa.net
8.1. Du Plessis From: F.Venter
9a. Re: 'n vraag vir die Baaienaars From: Janet Melville
9b. Re: 'n vraag vir die Baaienaars From: nataschavdw
10a. Grobler From: Pieter du Venage
11. [Koerant] The Mercury Vrydag 20 Junie 2009 CREDITORS .... From: aletta magrieta.quebbemann


1. MALLEE
Posted by: "mispoes@ymail.com" mispoes@ymail.com mispoes@ymail.com
Fri Jun 19, 2009 11:54 pm (PDT)

Hallo Allemaal,

Wie helpt mij aan meer informatie over onderstaande Hendrik Willem Mallee?

Document 10 of 12
DEPOT TAB
SOURCE MHG
TYPE LEER
SYSTEM 01
REFERENCE 1093/76
PART 1
DESCRIPTION MALLEE, HENDRIK WILLEM.
STARTING 19760000
ENDING 19760000

REMARKS SURVIVING SPOUSE LENA MALLEE (BORN RAM).

alvast bedankt
Marianne

2. Re: Nuwe aankomeling - geluk!
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au   martinalouw
Sat Jun 20, 2009 12:32 am (PDT)

Veels geluk Johann!!
Jy moet tog as jy enigsins ooit kan, wel daar in Nieu Seeland gaan besoek aflê. Dis 'n pragtige plek, ek het self vir amper 8 jaar daar gewoon (wel in Auckland nie Christchurch nie).
Jy sal die rustigheid, veiligheid en vryheid van beweging geniet, en dan heeltemal verstaan hoe als in jou kinders en kleinkinders se wêrerld daar uitsien :o)
Groete,
Martina.

3a. Re: [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI- KLOK
Posted by: "Andries en Marelize Keyter" turfpan@gmail.com
marelize_keyter
Sat Jun 20, 2009 1:59 am (PDT)

En onthou ek nie die klok nie!!

Wanneer die krag af was, of daar een of ander probleem met die
elektriese
klok was, dan is die ou klok hard, lank en duidelik gelui om die
wisseling
van periodes aan te dui.

Ek was nie bewus daarvan dat oom Piet die klok laat hang het nie, ek
weet
net dat die klok voor die saal gehang het. Ons het in dieselfde jaar as
mnr
Piet Steyn Hoërskool Vrede binnegestap, ons as st sessies en hy as nuwe
skoolhoof.

Elizabeth, dankie vir die brokkie nuus - neem my sowaar jare terug na
skooldae, toe kinders nog kinders was en ek selfs as matriekdogter nog
pouse
my skoene kon uittrek....

Groete
Marelize

Kom kuier gerus rondom my kombuistafel:
www.huisvrou.blat.co.za
Of kom blaai deur my foto-album:
http://community.webshots.com/user/huisvrou/

3b. Re: [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI- KLOK
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels
Sat Jun 20, 2009 3:40 am (PDT)

Ja, in my matriekjaar (1960) het ons matrieks die klok laat afree en vervang
met 'n elektorniese sirene, as geskenk aan die skool. Ons (en die Hoof, Mnr.
Strauss en sy personeel) het gedink dis vreeslik "smart" dat die skool
moderniseer. Gelukkig is die klok nie weggegooi nie! Toe het dit net 'n
monument geword maar, na my beste wete, veilig op sy plek bly hang.

Groete,

CHARLIE

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On
Behalf Of Andries en Marelize Keyter
Sent: 20 June 2009 10:52 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] [KOERANT]VOLKSBLAD KONTREI- KLOK

En onthou ek nie die klok nie!!

Wanneer die krag af was, of daar een of ander probleem met die elektriese
klok was, dan is die ou klok hard, lank en duidelik gelui om die wisseling
van periodes aan te dui.

Ek was nie bewus daarvan dat oom Piet die klok laat hang het nie, ek weet
net dat die klok voor die saal gehang het. Ons het in dieselfde jaar as mnr
Piet Steyn Hoërskool Vrede binnegestap, ons as st sessies en hy as nuwe skoolhoof.

Elizabeth, dankie vir die brokkie nuus - neem my sowaar jare terug na
skooldae, toe kinders nog kinders was en ek selfs as matriekdogter nog pouse
my skoene kon uittrek....

Groete
Marelize

Kom kuier gerus rondom my kombuistafel:

www.huisvrou.blat.co.za
Of kom blaai deur my foto-album:
http://community.webshots.com/user/huisvrou/

-----------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede
wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie,
word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die
lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle
vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

3c. Isabeau LE LONG
Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org johann.hanekom
Sat Jun 20, 2009 4:10 am (PDT)

Liewe Lysgenote

Ek hoop iemand kan help om iets meer definitief oor Isabeau se geboorte te
wete te kom

In my eie data het ek * 1680, La Motte-d'Aigues, Provence-Alpes-Côte d'Azur, France

Uit e-SAGI 3.69 * 1668, La Motte d'Aigues, Provence, France

En uit ‘n lêer wat ek vir Lucas Rinken voorberei *20 Nov 1663, geen geboorteplek getoon nie.

Is daar iemand wat beter inligting oor haar het? En dalk sommer oor haar
voorouers, man en kinders?

Groetnis

Johann

4a. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "F.Venter" hexrivier@telkomsa.net
Sat Jun 20, 2009 2:08 am (PDT)

Presies watter inligting soek jy.

Seën groete
Frik Venter

Navorser van die Vrystaat Venter familie
sowel as die Postma familie van Suid-Afrika.

Tel. no 012-998-5956
Fax 086-566-1208

----- Original Message -----
From: Ria van den Heever
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Friday, June 19, 2009 12:26 PM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Naand André en ander,

Ek weet waar 'n Rensken (Renska) Aletta du Plessis * 1.03.1838 in pas.
Dink jy dit is die dame na wie jy soek?

Ek stel baie belang in al die du Plessis wat afstam van Sarel Jacob duP
* 19.11.1780 en Anna Martha Kruger * 18.05.1782 - Colesberg, Bethulie,
De Aar, Philipstown ens.

Groete,

Ria van den Heever

----- Original Message -----
From: André du Plessis
To: SAGenealogie
Sent: Thursday, April 16, 2009 9:57 PM
Subject: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Naand almal,
Ek het gewonder of daar dalk iemand op die lys is wat dalk bietjie
voorgeslagte inligting het van die volgendes.....

Hendrik Bernardus du PLESSIS gebore 9 Jun 1895 te Potchefstroom, sterf
18 Apr 1967 x Hester Anna PRINSLOO gebore 24 Jan 1895 te Parys,
Vrystaat.

Zirkia Jacoba KRUGER gebore 23 Sep 1900, sterf 24 Jun 1988 x Pieter
Machiel van NIEKERK gebore 15 Des 1899 sterf ongveer 1978 beide begrawe
in Krugersdorp.

Jacobus Christoffel du PLESSIS x Rensche Aletta NN moontlik van
Rustenburg distrik

Rensche Aletta du PLESSIS gebore 21 Mar 1838, sterf 14 Jul 1914 x James Charles NORVAL, Colesberg distrik.

Ek gaan nie gou geleentheid kry om by die argiewe 'n draai te maak en bietjie meer uit te vind nie. Enige brokkies aangaande hierdie klomp sal waarlik waardeer word.

Lekker aand.
André du Plessis
Centurion

----------------------------------------------------------

4b. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "André du Plessis" duplesaj@yahoo.com   duplesaj
Sat Jun 20, 2009 2:26 am (PDT)

Ria,
Wat 'n lekker "suigstokkie" bied jy nou aan ........ja ek sal dit neem dankie. Dit is nou vir my 'n interessante een. Ek het Rensche as 21 Maart en jy het Rensken 1 Maart. Ja dit kan dalk dieselfde dame wees. Ek het ook meer inligting oor die huidige Rensche du Plessis gekry en kon vir daardie familie ook help waar hulle vandaan kom. Dit was natuurlik nie alles my werk nie, Hennie Nel en Anina Spies was die grootste bydraers toe hulle my gehelp het, en natuurlik vele ander ook op die forum. Alles is natuurlik nie wetenskaplik gewaarborg nie.
Die Bernardusse is nog vir my in die duister. Ek sal nog met Gerda wat nuut is op die groep ook oor die du Plessisse wil gesels. Ek sien Hennie het reeds vir haar terugvoer gegee.

Dan, Sarel Jacob van 1780 ken ek nie maar my groot oupa grootjie Sarel Jacob is in Philippolis begrawe. Ek sal ook graag wil weet waar jou Sarel Jacob inpas. As jy meer oor myne wil weet kan ek 'n GEDCOM uittreksel maak en vir jou stuur.

Groetnis
André du Plessis
Centurion

________________________________
From: Ria van den Heever <riavdh@absamail.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com

Sent: Friday, June 19, 2009 9:26:22 PM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

4c. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "André du Plessis" duplesaj@yahoo.com   duplesaj
Sat Jun 20, 2009 2:50 am (PDT)

Frik,
Ek is nie seker of jy vir my of Ria ge-antwoord het nie. Ek aanvaar egter enige du Plessis inligting wat ek kan kry om my data uit te brei. Ek is egter nie die Du Plessis guru nie.
Groetnis.
André du Plessis
Centurion

________________________________
From: F.Venter <hexrivier@telkomsa.net>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Saturday, June 20, 2009 8:05:27 PM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere..

4d. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "F.Venter" hexrivier@telkomsa.net
Sat Jun 20, 2009 4:28 am (PDT)

Charl Jacob du Plessis e3
a1b2c4d3e3 â‰ˆ 19 November 1780 Paarl Burger Graaff-Reinet
+ 17 Mei 1842 Colesberg
x 1 Oktober 1797 Anna Martha Kruger Kaap-Stad
â‰ˆ 23 Maart 1783 Stellenbosch
+ 15 September 1853 Rietvallei Seekoeirivier Colesberg
d.v. Hendrik Kruger & Lasya Christina Venter
Kinders
a1b2c4d3e3f1 Charl Johannes du Plessis
a1b2c4d3e3f2 Hendrik Jacob du Plessis
a1b2c4d3e3f3 Maria Aletta du Plessis
a1b2c4d3e3f4 Johannes Jacobus du Plessis
a1b2c4d3e3f5 Stephanus Christiaan du Plessis
a1b2c4d3e3f6 Izak David du Plessis
a1b2c4d3e3f7 Lasya Cristina du Plessis
a1b2c4d3e3f8 Johannes Lodewicus du Plessis
a1b2c4d3e3f9 David Jacobus du Plessis
a1b2c4d3e3f10 Anna Martha du Plessis
a1b2c4d3e3f11 Hester Sophia du Plessis
a1b2c4d3e3f12 Hendrina Johanna Cecelia du Plessis

a1b2c4d3e3f13 Maria Aletta du Plessis
a1b2c4d3e3f14 Charlotta Hendrina du Plessis

Seën groete
Frik Venter

Navorser van die Vrystaat Venter familie
sowel as die Postma familie van Suid-Afrika.

Tel. no 012-998-5956
Fax 086-566-1208

----- Original Message -----
From: Ria van den Heever
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Friday, June 19, 2009 12:26 PM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Naand André en ander,

Ek weet waar 'n Rensken (Renska) Aletta du Plessis * 1.03.1838 in pas.
Dink jy dit is die dame na wie jy soek?

Ek stel baie belang in al die du Plessis wat afstam van Sarel Jacob duP
* 19.11.1780 en Anna Martha Kruger * 18.05.1782 - Colesberg, Bethulie,
De Aar, Philipstown ens.

Groete,

Ria van den Heever

----- Original Message -----
From: André du Plessis
To: SAGenealogie
Sent: Thursday, April 16, 2009 9:57 PM
Subject: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Naand almal,
Ek het gewonder of daar dalk iemand op die lys is wat dalk bietjie
voorgeslagte inligting het van die volgendes.....

Hendrik Bernardus du PLESSIS gebore 9 Jun 1895 te Potchefstroom, sterf
18 Apr 1967 x Hester Anna PRINSLOO gebore 24 Jan 1895 te Parys,
Vrystaat.

Zirkia Jacoba KRUGER gebore 23 Sep 1900, sterf 24 Jun 1988 x Pieter
Machiel van NIEKERK gebore 15 Des 1899 sterf ongveer 1978 beide begrawe
in Krugersdorp.

Jacobus Christoffel du PLESSIS x Rensche Aletta NN moontlik van
Rustenburg distrik

Rensche Aletta du PLESSIS gebore 21 Mar 1838, sterf 14 Jul 1914 x James Charles NORVAL, Colesberg distrik.

Ek gaan nie gou geleentheid kry om by die argiewe 'n draai te maak en bietjie meer uit te vind nie. Enige brokkies aangaande hierdie klomp sal waarlik waardeer word.

Lekker aand.
André du Plessis
Centurion

------------------------------------------------------------

4e. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "André du Plessis" duplesaj@yahoo.com   duplesaj
Sat Jun 20, 2009 5:34 am (PDT)

Frik,
Dankie vir die stuk inligting. Ek het hom as Carel Johannes (Jacob) en jou inligting is baie meer as wat ek het. Lyk my ek moet jou die Du Plessis guru maak en jou arm draai vir 'n GEDCOM van jou du Plessis'e. Ek kan jou my lyn gee indien jy belangstel. Nie dat ek baie waarde bygevoeg het wat ander reeds gedoen het nie. 'n Paar SK'e en ek kon koppel aan wat ek aanneem redelik akkuraat deur ander voor my gedoen is. Ek geniet dit om hierdie stokperdjie te bedryf. Hierdeur verlore familie opgespoor aan die TYSON kant en dit hou my brein besig. Hier moet ek vir Jannie en Marthie Bredenkamp van die Bredenkamp Bond bedank. Hulle het my op die pad gebring.
Groetnis.
André du Plessis
Centurion

________________________________
From: F.Venter <hexrivier@telkomsa.net>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Saturday, June 20, 2009 8:38:19 PM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Charl Jacob du Plessis e3
a1b2c4d3e3 âo/oo^ 19 November 1780 Paarl Burger Graaff-Reinet
âEUR  17 Mei 1842 Colesberg
x 1 Oktober 1797 Anna Martha Kruger Kaap-Stad
âo/oo^ 23 Maart 1783 Stellenbosch

âEUR  15 September 1853 Rietvallei Seekoeirivier Colesberg
d.v. Hendrik Kruger & Lasya Christina Venter
Kinders
a1b2c4d3e3f1 Charl Johannes du Plessis
a1b2c4d3e3f2 Hendrik Jacob du Plessis
a1b2c4d3e3f3 Maria Aletta du Plessis
a1b2c4d3e3f4 Johannes Jacobus du Plessis
a1b2c4d3e3f5 Stephanus Christiaan du Plessis
a1b2c4d3e3f6 Izak David du Plessis
a1b2c4d3e3f7 Lasya Cristina du Plessis
a1b2c4d3e3f8 Johannes Lodewicus du Plessis
a1b2c4d3e3f9 David Jacobus du Plessis
a1b2c4d3e3f10 Anna Martha du Plessis
a1b2c4d3e3f11 Hester Sophia du Plessis
a1b2c4d3e3f12 Hendrina Johanna Cecelia du Plessis
a1b2c4d3e3f13 Maria Aletta du Plessis
a1b2c4d3e3f14 Charlotta Hendrina du Plessis

SeÃ«n groete
Frik Venter

Navorser van die Vrystaat Venter familie
sowel as die Postma familie van Suid-Afrika.

Tel. no 012-998-5956
Fax 086-566-1208

----- Original Message -----
From: Ria van den Heever
To: SAGenealogie@ yahoogroups. com
Sent: Friday, June 19, 2009 12:26 PM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Naand AndrÃ© en ander,

Ek weet waar 'n Rensken (Renska) Aletta du Plessis * 1.03.1838 in pas.
Dink jy dit is die dame na wie jy soek?

Ek stel baie belang in al die du Plessis wat afstam van Sarel Jacob duP
* 19.11.1780 en Anna Martha Kruger * 18.05.1782 - Colesberg, Bethulie,
De Aar, Philipstown ens.

Groete,

Ria van den Heever

----- Original Message -----
From: AndrÃ© du Plessis
To: SAGenealogie
Sent: Thursday, April 16, 2009 9:57 PM
Subject: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Naand almal,
Ek het gewonder of daar dalk iemand op die lys is wat dalk bietjie
voorgeslagte inligting het van die volgendes... ..

Hendrik Bernardus du PLESSIS gebore 9 Jun 1895 te Potchefstroom, sterf 18 Apr 1967 x Hester Anna PRINSLOO gebore 24 Jan 1895 te Parys, Vrystaat.

Zirkia Jacoba KRUGER gebore 23 Sep 1900, sterf 24 Jun 1988 x Pieter Machiel van NIEKERK gebore 15 Des 1899 sterf ongveer 1978 beide begrawe in Krugersdorp.

Jacobus Christoffel du PLESSIS x Rensche Aletta NN moontlik van Rustenburg distrik

Rensche Aletta du PLESSIS gebore 21 Mar 1838, sterf 14 Jul 1914 x James Charles NORVAL, Colesberg distrik.

Ek gaan nie gou geleentheid kry om by die argiewe 'n draai te maak en bietjie meer uit te vind nie. Enige brokkies aangaande hierdie klomp sal waarlik waardeer word.

Lekker aand.
AndrÃ© du Plessis
Centurion

------------ --------- --------- --------- --------- --------- -

4f. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "Ria van den Heever" riavdh@absamail.co.za
ria.vandenheever
Sat Jun 20, 2009 11:44 am (PDT)

André,

Volgens die NGK Colesberg se dope p52 is Rensken Aletta du Plessis gedoop 1.03.1838. Haar ouers was Johannes Jacobus du Plessis en Maria Cornelia Venter.

Sy was dus my oupagrootjie Petrus * 20.12.1835 se jonger suster.

f4 Johannes Jacobus was een van die seuns van die gemelde egpaar, Sarel Jacob en Anna Martha Kruger vgl.Frik Venter se numering (a1b2c4d3e3f4)
.

Daarvandaan terug:

e3 Sarel (Charl) Jacob(us) *Paarl 19.11.1780 x 1.10.1797 Kaapstad Anna Martha Kruger gedoop 23.03.1783

d3 Charl gedoop Paarl 4.09.1797 x 30.01.1774 Maria Aletta Venter

c4 Charl gedoop Paarl 22.12.1722 x Stellenbosch 10.12.1741 Maria van Ellewee

b2 Jean Louis * Stellenbosch 13.02.1691 x Stellenbosch 5.05.1714 Madeleine Rousseau

a Jean Prieur * 1638 x Madeleine Menanteau

Ekself het heelwat inligting oor die e3 egpaar en hulle nakomelinge, maar wil baie graag hê dat enigiemand wat hulleself as 'n afstammeling van een van hulle kinders beskou vir my sal laat weet wie hulle is en hoe hulle inpas.Ekself gaan 4x terug na hulle kinders deur my oorlede ma.

Groete,

Ria

----- Original Message -----
From: André du Plessis
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Saturday, June 20, 2009 11:25 AM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Ria,
Wat 'n lekker "suigstokkie" bied jy nou aan ........ja ek sal dit neem dankie. Dit is nou vir my 'n interessante een. Ek het Rensche as 21 Maart en jy het Rensken 1 Maart. Ja dit kan dalk dieselfde dame wees. Ek het ook meer inligting oor die huidige Rensche du Plessis gekry en kon vir daardie familie ook help waar hulle vandaan kom. Dit was natuurlik nie alles my werk nie, Hennie Nel en Anina Spies was die grootste bydraers toe hulle my gehelp het, en natuurlik vele ander ook op die forum. Alles is natuurlik nie wetenskaplik gewaarborg nie.
Die Bernardusse is nog vir my in die duister. Ek sal nog met Gerda wat nuut is op die groep ook oor die du Plessisse wil gesels. Ek sien Hennie het reeds vir haar terugvoer gegee.

Dan, Sarel Jacob van 1780 ken ek nie maar my groot oupa grootjie Sarel Jacob is in Philippolis begrawe. Ek sal ook graag wil weet waar jou Sarel Jacob inpas. As jy meer oor myne wil weet kan ek 'n GEDCOM uittreksel maak en vir jou stuur.

Groetnis
André du Plessis
Centurion

---

From: Ria van den Heever <riavdh@absamail.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Friday, June 19, 2009 9:26:22 PM

Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

----------------------------------------------------------

4g. Re: du PLESSIS en andere...
Posted by: "Ria van den Heever" riavdh@absamail.co.za
ria.vandenheever
Sat Jun 20, 2009 11:56 am (PDT)

Weer André en Frik,

My bronne vir die inligting in die vorige e-pos deurgestuur is hoofsaaklik SAG, Die Du Plessis Familieboek, maar ook primêre bronne.

André, ja, stuur asb. vir my jou info.

Dankie,

Ria

----- Original Message -----
From: André du Plessis
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Saturday, June 20, 2009 11:25 AM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

Ria,
Wat 'n lekker "suigstokkie" bied jy nou aan ........ja ek sal dit neem dankie. Dit is nou vir my 'n interessante een. Ek het Rensche as 21 Maart en jy het Rensken 1 Maart. Ja dit kan dalk dieselfde dame wees. Ek het ook meer inligting oor die huidige Rensche du Plessis gekry en kon vir daardie familie ook help waar hulle vandaan kom. Dit was natuurlik nie alles my werk nie, Hennie Nel en Anina Spies was die grootste bydraers toe hulle my gehelp het, en natuurlik vele ander ook op die forum. Alles is natuurlik nie wetenskaplik gewaarborg nie.
Die Bernardusse is nog vir my in die duister. Ek sal nog met Gerda wat nuut is op die groep ook oor die du Plessisse wil gesels. Ek sien Hennie het reeds vir haar terugvoer gegee.

Dan, Sarel Jacob van 1780 ken ek nie maar my groot oupa grootjie Sarel Jacob is in Philippolis begrawe. Ek sal ook graag wil weet waar jou Sarel Jacob inpas. As jy meer oor myne wil weet kan ek 'n GEDCOM uittreksel maak en vir jou stuur.

Groetnis

André du Plessis
Centurion

________________________________
From: Ria van den Heever <riavdh@absamail.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Friday, June 19, 2009 9:26:22 PM
Subject: Re: [SA-Gen] du PLESSIS en andere...

----------------------------------------------------------

5a. KET
Posted by: "mispoes@ymail.com" mispoes@ymail.com   mispoes@ymail.com
Sat Jun 20, 2009 3:18 am (PDT)

Jan Adrianus Ket, geboren 16 augustus 1863 te Delft Nederland, van beroep onderwijzer. Jan is gehuwd met Alida Maria Wakkee en zij hebben drie zoons: Egbert Jan Adrianus Ket geb. 1889; Adrianus Huertus Ket, geb. 1894 en Jan Adrianus Ket, geb. 1896.

Jan Adrianus vertrok met zijn vrouw en zoons in 1898 vanuit Yierseke Nederland naar Zuid-Afrik met de verwachting op een beter bestaan of om daar een beter bestaan op te bouwen.

Wie heeft meer informatie over dit gezin of over nakomelingen van één van deze personen.

Alvast bedankt en alrijd bereidt om in Holland wat voor u op te zoeken.

groetjes
Marianne

5b. Re: KET
Posted by: "Johannes Bosch" janbos2000@yahoo.com   janbos2000
Sat Jun 20, 2009 9:27 am (PDT)

Marianne,
In die Suid-Afrikaanse argief http://www.national.archives.gov.za/ vind ek vele verwysisngs na onderwyser en skoolhoof JA Ket. Hierdie is dieselfde argief waarna Daniel Jacobs in `n vorige pos aan jou, verwys het. Gaan loer gerus. Die naam KET is seldsaam in Suid-Afrika.

In twee van die stukke vind ek onderskeidelik die volgende:
JA KET, PRETORIA. ZEND IN ZYNE CERTIFICATEN, ZYNDE VIER BEWYZEN VAN BEKWAAMHEID, ZES GETUIGSCHRIFTEN EN BEWYS VAN LIDMAATSCHAP TEVENS GETUIGSCHRIFTEN. ZEND OOK DOOR HEM GETEEKENDE VORMS VOOR HET VERSTREKEN VAN REISTOELAGE.
JA KET, HOOFD SCHOOL, WITKOPJES PK JOHANNESBURG BUS 3793. ZENDT IN EEN CERTIFICAAT 0.35 VOOR ZICHZELF OVER JANUARI.
Groete,
Johannes Bosch
Virginia, VSA

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "mispoes@..." <mispoes@...> wrote:
>
> Jan Adrianus Ket, geboren 16 augustus 1863 te Delft Nederland, van beroep onderwijzer.
> <Knip>
> Wie heeft meer informatie over dit gezin of over nakomelingen van één van deze personen.
>
> Alvast bedankt en alrijd bereidt om in Holland wat voor u op te zoeken.
>
> groetjes
> Marianne
>

6a. HOMAN - VERMEULEN.
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net   johanvermsa
Sat Jun 20, 2009 4:20 am (PDT)

Goeie Dag Vriende,

Is daar moontlik `n HOMAN kenner wat kan help met die volgende :

`n Gert Jacobus VERMEULEN en Sara Elizabeth HOMAN, doop op 3 April 1904 `n seun Gert Jacobus Vermeulen in die NG Kerk, Montagu.

Die seun is egter reeds op 24 November 1880 gebore. Hy is dus op 24 jarige ouderdom eers gedoop.

Moontlik is dit `n fout en is hy dalk gebore op 24.11.1903.

Enige hulp om hierdie dame te identifiseer sal verwelkom word.

Groete

Johan Vermeulen.

7. Re: Duitse gespreksgroep stigting
Posted by: "trudiemarais@telkomsa.net" trudiemarais@telkomsa.net
Sat Jun 20, 2009 6:48 am (PDT)

Dag Almal,

Dankie vir jul belangstelling en goeiewense. Ons het toe verlede
Donderdag
ons eerste Duitse

Gespreksgroep vergadering gehad. So mettertyd sal ek die inligting
deurgee
aan die lyslede

wie my gekontak het, as ek oor hul "van" inligting kry.

Groete.

Trudie

8.1. Du Plessis
Posted by: "F.Venter" hexrivier@telkomsa.net
Sat Jun 20, 2009 8:52 am (PDT)

André goeienaand,

Ek doen nie navorsing oor die du Plessis nie, hierdie is net 'n werk
wat ek vir iemand gedoen het.
Koop gerus die CD van Colin Pretorius oor die Du Plessis familie 1688-
1988, hy is 'n lid en sal jou seker kontak, anders sal Dennis jou help
met Colin se besonderhede.

Seën groete
Frik Venter

Navorser van die Vrystaat Venter familie
sowel as die Postma familie van Suid-Afrika.

Tel. no 012-998-5956
Fax 086-566-1208

9a. Re: 'n vraag vir die Baaienaars
Posted by: "Janet Melville" jmelville@xsinet.co.za
jmelvillexsinetcoza
Sat Jun 20, 2009 10:19 am (PDT)

Daar was n spoorwegstasie daar met die naam Bog Farm dit is naby die Big Tree, wat vandag voor die nuwe Fruit en Veg City is, die nuwe winkelsemtrum daar is
nie 'n sukses nie, die winkels kry nie genoeg voete nie en meeste van hulle sukkel en die ontwikkelaar het die Moffat on Main kompleks soos dit bekend staan aan die bank teruggegee. Die graftes is geskyf na Forest Hill. Die spoorwegstasie was op die Appel treintjie se lyn.

Janet Melville
Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families
----- Original Message -----
From: Harry
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Wednesday, June 17, 2009 7:52 AM
Subject: [SA-Gen] Re: 'n vraag vir die Baaienaars

Natasha,

Volgens die Oorlogsmuseum in Bloemfontein is my oupa gevange geneem op 24 September 1901 by Lombaardsdam in die Vrystaat. Daarna is hy gestuur na 'n krygsgevangene kamp, maar die museum rekords dui nie aan watter kamp nie (Indië volgens sy eie oorvertelling). Dit was kort na sy 18de verjaardag. Die res van sy familie (ouers, broers, susters) is in Vrystaatse konsentrasiekampe geinterneer.

Ek wil graag meer weet oor die omstandighede van sy gevangenisneming en die kamp waarheen hy gestuur is.
- Wat het gebeur op 24 September 1901 by Lombaardsdam? (Ek het die nuwe Historical Dictionary of the Anglo-Boer War - Franjohan Pretorius aangekoop waarvan Charlie Els gepraat het, maar kon niks wyser word oor hierdie vraag nie. So waarskynlik geen groot veldslag nie.) Of het die Ingelse maar net 18-jariges voor die voet gevangene geneem?
- Waar is Lombaardsdam? (My google search vind 'n Lombardsdam (een "a") naby Luckhoff - die regte area, want my oupa het in die Bethulie/Philippolis/Furesmith wereld gewoon).
- Hoe vind 'n mens uit watter kamp iemand in was as die Oorlogsmuseum rekords dit nie aandui nie?

Op 1 Augustus 1902 was hy terug van Indië (?) af, want toe is hy opgeneem in die Oranjerivier Konsentrasiekamp (volgens die kamprekords), waar die res van sy familie ook aangehou was teen daardie

tyd. Dis die kamp naby Hopetown, Noord Kaap. Datum van ontslag word nie aangedui nie.

Hopelik kan iemand 'n lig werp.

Dankie en Groete
Christo

-------------------------------------------
Christo van Rensburg
Sydney, Australia
-------------------------------------------
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz.ca/familie/

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3870

Datum: Tuesday, June 30, 2009

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Breitenbach / Meyer From: Rob Wood
1b. Breitenbach / Meyer From: Rob Wood
2. [KOERANT]VOLKSBLAD-KONTREI-MENTZ EN SEUN From: TEIR Elizabeth
3. [Koerant] The Mercury Maandag 29 Junie 2009. From: aletta magrieta.quebbemann
4a. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Chris Hendriks
4b. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Daniel Jacobs
4c. ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Stephan Botha
4d. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Johan Vermeulen
4e. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Daniel Jacobs
4f. ABO: 16 September 1901, Tweespruit, OVS From: Martin Knoetze
4g. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Ariel Rudolph
4h. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Rina Venter
4i. Re : [SA-Gen] ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: MontXsuZ-point-ca
5. David Stephanus BRINK From: Verna Fourie
6a. Re: I'm so sorry From: Marianne Van Beek
6b. Re: I'm so sorry From: Karin Serfontein
7. Potgieter trek From: Martin Knoetze
8. [KOERANT]BEELD-BEZUIDENHOUT Abrahamb [75] From: TEIR Elizabeth
9. [KOERANT]BEELD-DE VILLIERS Willem [60] From: TEIR Elizabeth
10. Indeksering Sterftekennise From: LS
11. [KOERANT]VOLKSBLAD VISTA-MARX Tom [71] en Marion From: TEIR Elizabeth
12. Begrafnis Brief From: Louis Hurn
13. Gemsbokvlakte, Kerkhowe op plase From: christo_heymans
14a. Re: Ausker familie van Frankfort, OVS From: Lucas Rinken
15. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 29 Junie 2009 From: P Marx


1a. Breitenbach / Meyer
Posted by: "Rob Wood" robwood@lantic.net
Mon Jun 29, 2009 10:13 am (PDT)

Geagte lede,

Het iemand dalk informasie oor die volgende persoon se ouers, grootouers, ens?

*Hester Maria MEYER, (of dalk **Hester Maria Jacoba MEYER)*
x 28/05/1812 te Graaff-Reinet: Johan Hendrik BREITENBACH / BREYTENBACH (b4c1), seun van Hendrik BREITENBACH en Catharina Elizabeth SCHEEPERS
Hulle het 8 kinders gehad; die eerste 2 in George gedoop, die res in Uitenhage. (Verw. SAG vol.1, bl 427-428).

Baie dankie,
Rob Wood

1b. Breitenbach / Meyer
Posted by: "Rob Wood" robwood@lantic.net
Mon Jun 29, 2009 10:35 am (PDT)

Geagte lede,

My eerste e-pos het nie sterretjies (asterisks**) in gehad nie. Weet nie waar dit vandaan kom nie....

Het iemand dalk informasie oor die volgende persoon se ouers, grootouers, ens?

Hester Maria MEYER, (of dalk Hester Maria Jacoba MEYER)
x 28/05/1812 te Graaff-Reinet: Johan Hendrik BREITENBACH / BREYTENBACH (b4c1), seun van Hendrik BREITENBACH en Catharina Elizabeth SCHEEPERS
Hulle het 8 kinders gehad; die eerste 2 in George gedoop, die res in Uitenhage. (Verw. SAG vol.1, bl 427-428).

Baie dankie,
Rob Wood

2. [KOERANT]VOLKSBLAD-KONTREI-MENTZ EN SEUN
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Mon Jun 29, 2009 10:42 am (PDT)

Winkeleienaars groet ná jare
Jun 24 2009 12:27:09:100PM - (SA)
anina alexander

TROMPSBURG. - Jare lank was Mentz en Seun 'n redding vir inwoners. Die winkel se naam het 'n paar keer in die laaste eeu verander, maar die winkel self het eintlik maar dieselfde gebly. Die oorspronklike Handelshuis het later Tromp en Kie. geword en rondom 1950 het dit Mentz en Seun geword.

Wyle mnr. Herman Mentz was reeds van 1928 by die winkel betrokke. Rondom 1950 het hy die winkel van wyle mnr. Tromp oorgeneem en dit herdoop na Mentz en Seun. In 1968 het sy seun, Steve, hom by hom aangesluit en hulle het vir 'n hele aantal jare saamgewerk. Nou, ná 41 jaar, is dit vir Steve Mentz tyd om die tuig neer te lê. Mentz het die winkel verkoop en van 1 Junie bly hy slegs 'n kort tydjie as raadgewer aan.

Mentz en sy vrou, Wilna, gaan nog hier aanbly en hul aftrede tussen al die bekendes geniet.

Inwoners van Trompsburg gaan hulle egter in die winkel mis. Vir menige kind was oom Steve altyd 'n uitkoms. Hy het sy klante goed geken en soms die koshuiskinders lekkers op rekening laat koop en dan vir hulle opgekom as hul ouers daaroor baklei het. Om hul hartseer oor oom Steve se weggaan te toon het die hele skool onlangs by die winkel opgedaag en 'n groot afskeidskaart aan hulle oorhandig waarin elke leerling geteken het. Die klante het nog elke maand 'n outydse rekening ontvang met al die strokies daaraan vasgekram.

Mentz was streng met nie-betalers van rekeninge, maar vir sy gereelde klante het hy die ekstra myl geloop. Hy het ook moeite gedoen om produkte te kry wanneer klante daarvoor gevra het.

Trompsburg se inwoners gaan Mentz en Seun mis, maar sien terselfdertyd uit na die nuwe winkel.

Daar word vele veranderinge en opknappings beplan. Die jare lange klante gun egter die Mentz-egpaar hul rus, al weet almal dat hul nou gaan begin reis, waarvan die eerste reis sekerlik na hul kinders sal wees. Hul dogter woon in die Strand en hul seun is in Australië.Mnr. Jaco Syffert en sy vrou, Melony, is die nuwe eienaars van die winkel.

3. [Koerant] The Mercury Maandag 29 Junie 2009.
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Mon Jun 29, 2009 10:52 am (PDT)

Naand vriende ,

QUICKQUIP:- " Older people shouldn't eat healthy food , they need all the preservatives they can get. " Robert ORBEN.

GEBOORTES:-CADMAN /STUBBS Greg & Tracey 'n seun Blake Evan * 22 Junie 2009. Boetie vir Isabella en Cole. Kleinkind vir Peter & Brenda.

FEAR nee ALCOCK Russell & Bridget 'n dogter Georgia Rose * 23 Junie 2009 in Umhlanga Hospitaal.

MAIDMAN ~ CODY Roger & Jolene 'n seun * 8 Junie 2009 . Boetie vir Danica.

VERJAARSDAG:-Melita NN . 21 jaar vandag. Liefde van Ma & Pa Arthi, Manisha ,Anveer en Nirosh.

VERLOWING:- BIGGS ~ BURNET Dave & June gee verlowing bekend van Peter aan Pam.

DOOD:-ENDER Lt. Johan Michael 25 Sept 1965 ------24 Junie 2009 (tragies).Simpatie aan Robynne, Joy, Rick, Hugo, Kurt , en Thomas. Hy was man , pa ,seun en broer. 'n Gewaardeerde lid van die Regiment 1 Medical Batallion Group vir meer as 20 jaar. Memorial by NMR op 30 Junie 2009 om 15.30nm.

ENGELA .Dierbare vriendin ek sal jou onthou.

FRANKS Marie + 22 Junie 2009. Ma van Mary en Carole, Terry en skoonseun Neil. Ouma van Dean en Tonilee Oumagroot van Luca, Charlotte en Jake. Ingesit deur SHANLEY'S.

VILJOEN Jan 30 April 1921 --------26 Junie 2009 x Rinie. Pa van Deon, Stephen en Eugene. Skoonpa en oupa.

WITHERS Allan. Memorial by Durban Noord Methodiste Kerk Broadway op 1 Julie 2009 om 3nm. Ingesit deur OAKLEIGH 031 2059959.

MEMORIAM:- BRUMMER Garth + 29 Junie 2002. Onthou deur Delys, Russell, Lauren, Calvin, Joanne en familie. Ook swaer van Colleen & Ian.

CAMPBELL Alec. 3 Jaar dood nou. Onthou deur Peggy.

LANDERS Harry Joseph 29 Junie 1929 ------14 Feb 2008 op ouderdom 79 jaar x Beatrice LANDERS.

MORRISON Nora + 29 Junie 2007. Ma en ouma van Lorraine, Brenda , Kevin . Ouma van Byron en Joshua.

Dis all wat in die koerant is vandag ,
Gegroet uit Koel Durban . Wind het gaan lê vir nou.
Rita Queb.

4a. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Chris Hendriks" krisbloem@yahoo.com   krisbloem
Mon Jun 29, 2009 11:02 am (PDT)

Hallo Christo
Wie was oupa?
Groete
Chris

---

From: MontXsuZ-point-ca <montxsuz@yahoo.com>
To: sagenealogie@yahoogroups.com
Sent: Monday, June 29, 2009 3:56:29 PM
Subject: [SA-Gen] ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS

Beste lyslede en ABO historici

Volgens die Oorlogsmuseum in Bloemfontein is my oupa gevange geneem op 24 September 1901 by Lombaardsdam in die Vrystaat. Daarna is hy gestuur na 'n krygsgevangene kamp, maar die museum rekords dui nie aan watter kamp nie (Indië volgens sy eie oorvertelling) . Dit was kort na sy 18de verjaardag. Die res van sy familie (ouers, broers, susters) is in Vrystaatse konsentrasiekampe geinterneer.

Ek wil graag meer weet oor die omstandighede van sy gevangenisneming en die kamp waarheen hy gestuur is.
- Wat het gebeur op 24 September 1901 by Lombaardsdam? (Ek het die nuwe Historical Dictionary of the Anglo-Boer War - Franjohan Pretorius aangekoop waarvan Charlie Els gepraat het, maar kon niks wyser word oor hierdie vraag nie. So waarskynlik geen groot veldslag nie.) Of het die Ingelse maar net 18-jariges voor die voet gevangene geneem?
- Waar is Lombaardsdam? (My google search vind 'n Lombardsdam (een "a") naby Luckhoff - die regte area, want my oupa het in die Bethulie/Philippoli s/Furesmith wereld gewoon).
- Hoe vind 'n mens uit watter kamp iemand in was as die Oorlogsmuseum rekords dit nie aandui nie?

Op 1 Augustus 1902 was hy terug van Indië (?) af, want toe is hy opgeneem in die Oranjerivier Konsentrasiekamp (volgens die kamprekords) , waar die res van sy familie ook aangehou was teen daardie tyd. Dis die kamp naby Hopetown, Noord Kaap. Datum van ontslag word nie aangedui nie.

Hopelik kan iemand 'n lig werp.

Dankie en Groete
Christo

------------ --------- --------- --------- ----
Christo van Rensburg
Sydney, Australia
------------ --------- --------- --------- ----
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz.ca/familie/
------------ --------- --------- --------- ----

Devenez un meilleur amigo grâce à Yahoo! Courriel
http://cf.promos. yahoo.com/ courriel/ visiteguidee2/

4b. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
danielmalanjacobs
Mon Jun 29, 2009 11:23 am (PDT)

Beste Christo

Ek kon nie 'n verwysing na Lombaardsdam kry in Breytenbach se vyf dele Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 nie. Daar is wel heelwat verwysings na Lombaardskop.

Groete

Daniel
www.gendata.co.za

2009/6/29 MontXsuZ-point-ca <montxsuz@yahoo.com>:
>
>
> Beste lyslede en ABO historici
>
> Volgens die Oorlogsmuseum in Bloemfontein is my oupa gevange geneem op 24
> September 1901 by Lombaardsdam in die Vrystaat. Daarna is hy gestuur na 'n
> krygsgevangene kamp, maar die museum rekords dui nie aan watter kamp nie
> (Indië volgens sy eie oorvertelling). Dit was kort na sy 18de verjaardag.
> Die res van sy familie (ouers, broers, susters) is in Vrystaatse
> konsentrasiekampe geinterneer.
>
> Ek wil graag meer weet oor die omstandighede van sy gevangenisneming en die
> kamp waarheen hy gestuur is.
> - Wat het gebeur op 24 September 1901 by Lombaardsdam? (Ek het die nuwe
> Historical Dictionary of the Anglo-Boer War - Franjohan Pretorius aangekoop
> waarvan Charlie Els gepraat het, maar kon niks wyser word oor hierdie vraag
> nie. So waarskynlik geen groot veldslag nie.) Of het die Ingelse maar net
> 18-jariges voor die voet gevangene geneem?
> - Waar is Lombaardsdam? (My google search vind 'n Lombardsdam (een "a") naby
> Luckhoff - die regte area, want my oupa het in die
> Bethulie/Philippolis/Furesmith wereld gewoon).
> - Hoe vind 'n mens uit watter kamp iemand in was as die Oorlogsmuseum
> rekords dit nie aandui nie?
>
> Op 1 Augustus 1902 was hy terug van Indië (?) af, want toe is hy opgeneem in
> die Oranjerivier Konsentrasiekamp (volgens die kamprekords), waar die res
> van sy familie ook aangehou was teen daardie tyd. Dis die kamp naby
> Hopetown, Noord Kaap. Datum van ontslag word nie aangedui nie.
>
> Hopelik kan iemand 'n lig werp.
>
> Dankie en Groete
> Christo

>
> ------------------------------------------
> Christo van Rensburg
> Sydney, Australia
> ------------------------------------------
> Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
> Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
> (1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
> http://www.montxsuz.ca/familie/
> ------------------------------------------
>
> Devenez un meilleur amigo grâce à Yahoo! Courriel
> http://cf.promos.yahoo.com/courriel/visiteguidee2/
>

>
>

--
www.gendata.co.za

4c. ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Stephan Botha" gsbotha@absamail.co.za   gsbotha
Mon Jun 29, 2009 12:05 pm (PDT)

Genl. Smuts se kommando het op 3 September 1901 vanuit hierdie gebied die Kaap ingeval.

Kommandante Kritzinger en Brand het steeds in die Zastron area bedrywig gebly. Hulle het op 17 September 1901 van mekaar geskei. Kritzinger het suid getrek na die Oranje rivier en Brand het noord getrek.

Op 20 September 1901 vind daar 'n geveg plaas tussen Kritzinger se kommando en 100 Lovat's Scouts onder kol. Andrew Murray by Quaggafontein. Kritzinger se mense het 'n besliste oorwinning behaal.

(Bron: The Anglo-Boer War - A Chronology deur Pieter G. Cloete.)

Ek vermoed jou oupa kon dalk van hierdie kommando gewees het. Die manne het maar gereeld uit mekaar gespat om uit die hande van die Engelse te bly. Die Engelse het hulle gewoonlik goed agterna gesit nadat van hulle mense die spit afgebyt het. Hy was seker deel van so 'n splintergroep wat by Lombaardsdam gevang is.

Hoop dit help so bietjie.
Groete
Stephan Botha
GGSA NW Tak

4d. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa
Mon Jun 29, 2009 12:13 pm (PDT)

Beste Christo en ABO Historici,

Een van my Vermeulens, naamlik Petrus Jan Hendrik VERMEULEN, 'n 18 jarige,
is ook te Lombardsdam, OVS, gevangene geneem, maar op 14 Februarie 1900.

Die ABO museum rekords toon sy verwysing/magnommer as 32510.

Hy was volgens die rekords gestuur na die Sialkot kamp.

Petrus en sy ouers was van die plaas Bruintjieskraal, Fauresmith.

Sy pa is op 10 Augustus 1901 gevangene geneem. Sy moeder is in die oranje
Rivier Konsentrasiekamp oorlede, waar ook sy broer en susters aangehou was.

Dit blyk dus dat daar wel van die kommandolede te Lombardsdam en waarskynlik
op meer as een geleentheid gevangene geneem is.

Groete

Johan Vermeulen

4e. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com danielmalanjacobs
Mon Jun 29, 2009 1:33 pm (PDT)

Beste Christo

In aansluiting by Stephan se boodskap. Daar is 'n Ds. Macdonald wat 'n biografie oor Genl. Kritzinger geskryf het. Die boek van AV Oosthuizen Rebelle van die Stormberge wat baie inligting oor Kritzinger bevat het ongelukkig nie 'n indeks nie.

Groete

Daniel
www.gendata.co.za

2009/6/29 Stephan Botha <gsbotha@absamail.co.za>:
>

>
> Genl. Smuts se kommando het op 3 September 1901 vanuit hierdie gebied die
> Kaap ingeval.
>
> Kommandante Kritzinger en Brand het steeds in die Zastron area bedrywig
> gebly. Hulle het op 17 September 1901 van mekaar geskei. Kritzinger het suid
> getrek na die Oranje rivier en Brand het noord getrek.
>
> Op 20 September 1901 vind daar 'n geveg plaas tussen Kritzinger se kommando
> en 100 Lovat's Scouts onder kol. Andrew Murray by Quaggafontein. Kritzinger
> se mense het 'n besliste oorwinning behaal.
>
> (Bron: The Anglo-Boer War - A Chronology deur Pieter G. Cloete.)
>
> Ek vermoed jou oupa kon dalk van hierdie kommando gewees het. Die manne het
> maar gereeld uit mekaar gespat om uit die hande van die Engelse te bly. Die
> Engelse het hulle gewoonlik goed agterna gesit nadat van hulle mense die
> spit afgebyt het. Hy was seker deel van so 'n splintergroep wat by
> Lombaardsdam gevang is.
>
> Hoop dit help so bietjie.
> Groete
> Stephan Botha
> GGSA NW Tak
>

>
>

--
www.gendata.co.za

4f. ABO: 16 September 1901, Tweespruit, OVS
Posted by: "Martin Knoetze" brakenjan@xplornet.com lovegenaca
Mon Jun 29, 2009 6:22 pm (PDT)

Nog 'n ABO vraag.
My oupa grootjie is op tweespruit (OVS) gevang en na Indië gestuur, kamp
Shahjahanpur. Is daar enige iets opgeskryf oor enige slag by Tweespruit?

Hy was nogal 'n entjie van sy plaas af - hy het op Roodeplaats naby
Pretoria geboer voor die oorlog.

Martin

4g. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com arielrudolph
Mon Jun 29, 2009 10:21 pm (PDT)

Die boek se naam is "In the Shadow of Death".Dit is geskryf deur Gen.
P.H.
Kritzinger self saam met Mr. R. D. McDonald.
As iemans daarin belangstel kan ek 'n elektroniese kopie aanstuur.

Groete
Ariel

2009/6/29 Daniel Jacobs <danielmalanjacobs@gmail.com>

> Beste Christo
>
> In aansluiting by Stephan se boodskap. Daar is 'n Ds. Macdonald wat
'n
> biografie oor Genl. Kritzinger geskryf het. Die boek van AV
Oosthuizen
> Rebelle van die Stormberge wat baie inligting oor Kritzinger bevat
het
> ongelukkig nie 'n indeks nie.
>
> Groete
>
> Daniel
> www.gendata.co.za
>
> 2009/6/29 Stephan Botha <gsbotha@absamail.co.za>:
> >
> >
> > Genl. Smuts se kommando het op 3 September 1901 vanuit hierdie
gebied die
> > Kaap ingeval.
> >
> > Kommandante Kritzinger en Brand het steeds in die Zastron area
bedrywig
> > gebly. Hulle het op 17 September 1901 van mekaar geskei. Kritzinger
het
> suid
> > getrek na die Oranje rivier en Brand het noord getrek.
> >
> > Op 20 September 1901 vind daar 'n geveg plaas tussen Kritzinger se
> kommando
> > en 100 Lovat's Scouts onder kol. Andrew Murray by Quaggafontein.
> Kritzinger
> > se mense het 'n besliste oorwinning behaal.
> >
> > (Bron: The Anglo-Boer War - A Chronology deur Pieter G. Cloete.)
> >

> > Ek vermoed jou oupa kon dalk van hierdie kommando gewees het. Die manne
> het
> > maar gereeld uit mekaar gespat om uit die hande van die Engelse te bly.
> Die
> > Engelse het hulle gewoonlik goed agterna gesit nadat van hulle mense die
> > spit afgebyt het. Hy was seker deel van so 'n splintergroep wat by
> > Lombaardsdam gevang is.
> >
> > Hoop dit help so bietjie.
> > Groete
> > Stephan Botha
> > GGSA NW Tak
> >

> >
> >
>
>
>
> --
> www.gendata.co.za
>
>
> ------------------------------------
>
> SAGenealogie is ‘n poslys vir die bespreking van genealogiese en
> genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die
> voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede
> wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie,
> word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die
> lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle
> vir verbetering moet gestuur word aan:
> SAGenealogie-owner@yahoogroups.com
>
> Besoek ons webblad by:
> http://www.geocities.com/sagenealogie/
>
> Yahoo! Groups Links
>
>
>
>

4h. Re: ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Rina Venter" rinav@telkomsa.net   venterrina

Tue Jun 30, 2009 12:45 am (PDT)

Goeiemore Ariel,

Sal jy asseblief vir my 'n kopie stuur. Ek sal dit baie waardeer.

Vriendelikke groete
Rina Venter

----- Original Message -----
From: "Ariel Rudolph" <ariel.rudolph@gmail.com>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Tuesday, June 30, 2009 7:19 AM
Subject: Re: [SA-Gen] Re:ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS

Die boek se naam is "In the Shadow of Death".Dit is geskryf deur Gen.
P.H.
Kritzinger self saam met Mr. R. D. McDonald.
As iemans daarin belangstel kan ek 'n elektroniese kopie aanstuur.

Groete
Ariel

4i. Re : [SA-Gen] ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "MontXsuZ-point-ca" montxsuz@yahoo.com   montxsuz
Tue Jun 30, 2009 7:40 am (PDT)

Dankie aan Stephan en almal wat antwoorde en wenke op my vraag gestuur het. Odgn boek klink vir my 'n goeie komplement tot die "Historical Dictionary".

Ek weet ook nou effe meer oor Lombaardsdam. Met iemand se hulp het ek uiteindelik toegang tot digitale topografiese kaarte gekry. Lombardsdam is heel duidelik teen 1:50000.
Dit is 'n plaas omtrent 15km noord van die Vanderkloofdam (PK le Rouxdam) in die Oranjerivier, en omtrent 20km suid van die dorpie Luckhoff (waardeur ek in Februarie gery het!).
Daar is sommer baie koppies in die area (met name soos "Pramkoppies" en "Hoorniet"), goed vir guerilla oorlog of wegkruip. Die enigste "dam" op die plaas lyk vir my maar klein.

Ek is redelik seker dit is die regte Lombaardsdam, want heelwat plase geassosieer met my familie lê in die area, naby die Oranjerivier aan die OVS kant. Ongelukkig weet ek nog nie watter kamp in Indië my oupa in was nie.
Quaggafontein? Daar lyk my is een naby Zastron, en nog een naby Bloemfontein volgens Google. Zastron is so 250km oos van Luckhoff soos die kraai vlieg. Ek weet nie hoe ver mens per dag met 'n perd kan ry nie?

Groete
Christo

-------------------------------------------
Christo van Rensburg
Sydney, Australia
-------------------------------------------
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz.ca/familie/
-------------------------------------------

________________________________

De : Stephan Botha <gsbotha@absamail.co.za>
À : SAGenealogie@yahoogroups.com
Envoyé le : mardi 30 juin 2009, 05 h 04 min 33 s
Objet : [SA-Gen] Re:ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS

Genl. Smuts se kommando het op 3 September 1901 vanuit hierdie gebied die Kaap ingeval.

Kommandante Kritzinger en Brand het steeds in die Zastron area bedrywig gebly. Hulle het op 17 September 1901 van mekaar geskei. Kritzinger het suid getrek na die Oranje rivier en Brand het noord getrek.

Op 20 September 1901 vind daar 'n geveg plaas tussen Kritzinger se kommando en 100 Lovat's Scouts onder kol. Andrew Murray by Quaggafontein. Kritzinger se mense het 'n besliste oorwinning behaal.

(Bron: The Anglo-Boer War - A Chronology deur Pieter G. Cloete.)

Ek vermoed jou oupa kon dalk van hierdie kommando gewees het. Die manne het maar gereeld uit mekaar gespat om uit die hande van die Engelse te bly. Die Engelse het hulle gewoonlik goed agterna gesit nadat van hulle mense die spit afgebyt het. Hy was seker deel van so 'n splintergroep wat by Lombaardsdam gevang is.

Hoop dit help so bietjie.
Groete
Stephan Botha
GGSA NW Tak

------------------------------------

SAGenealogie is `n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/
Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

Découvrez les photos les plus intéressantes du jour.
http://www.flickr.com/explore/interesting/7days/

5. David Stephanus BRINK
Posted by: "Verna Fourie" verna.fourie@gmail.com verna.fourie
Mon Jun 29, 2009 12:44 pm (PDT)

Naand vriende,

Is daar dalk iemand wat my kan help me inligting oor
David Stephanus BRINK geb 1863 en oorl 1931.

Dit is die enigste inligting wat ek oor hom het en sal dankbaar wees
vir
enige inligting.

Ek dink die spelling is korrek. ?????

Groete
Verna Fourie
Pretoria
verna.fourie@gmail.com

6a. Re: I'm so sorry
Posted by: "Marianne Van Beek" mariannevanbeek@ymail.com
mariannevanbeek@ymail.com
Mon Jun 29, 2009 3:28 pm (PDT)

Hi Karin

Dank je voor je mailtje. Ik heb heel veel positieve reacties gehad.
Fijn om zo welkom te zijn. Inmiddels heb ik mijn email naam verandert
in mijn echte naam, nu kunnen er geen vergissingen meer zijn.

Lieve groetjes uit Holland
Marianne

---

From: Karin Serfontein <kss@mweb.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Monday, June 22, 2009 9:07:58 AM
Subject: RE: [SA-Gen] I'm so sorry

Beste Marianne,

Wees verseker dat ons 'n vriendelike groep is en beslis nie aanstoot geneem
het of sal neem nie.
Die tale wat so verskil van mekaar maak dit soms moeilik, veral dan Afrikaans en Nederlands.

Geniet 'n baie mooi dag daar in Nederland,

Groete vanuit Suid Afrika,

Karin.

---

From: SAGenealogie@ yahoogroups. com [mailto:SAGenealogie@ yahoogroups. com] On
Behalf Of mispoes@ymail. com
Sent: 21 June 2009 11:56 PM
To: SAGenealogie@ yahoogroups. com
Subject: [SA-Gen] I'm so sorry

Beste Allemaal

Vandaag kreeg ik een mailtje waarin mij uitlegde dat mijn mailnaam niet netjes is in het Zuid-Afrikaans. De betekenis van die naam is voor mij iets
héél anders dan het in SA is. Dat spijt me zeer. In het Hollands is het een
onschuldige naam. Helaas is mijn kennis van het Afrikaans te gering om dat
verder te kunnen beoordelen.

Héél veel moeite heb ik vandaag dan ook gedaan om te proberen deze mailnaam
te veranderen, jammer, maar dat lukt me niet! Het enige wat erop zit is om
een ander account te nemen. Niet erg, maar wel een heel gedoe met het omzetten van mailtjes en groups. Toch ga ik ermee aan de gang.

Zodra dat gelukt is, zal ik hier een adreswijziging zetten.

Mijn excuses voor als ik ongewild iemand beledigt heb, dat is nooit mijn
bedoeling geweest.

Hartelijke groet
Marianne

6b. Re: I'm so sorry
Posted by: "Karin Serfontein" kss@mweb.co.za

Mon Jun 29, 2009 10:54 pm (PDT)

Hi Marianne,

Ek het vanoggend gewonder hoe dit met jou gaan en ek is bly dat jy
terug is.

Baie welkom en soos ek gesê het ons is 'n vriendelike groep.
Jy sal vind almal is baie behulpsaam en ek is seker jy gaan vind waarna
jy
soek.

Hier is dit baie koud vanoggend,

Geniet 'n wonderlike dag daar in jou mooi wêreld,

Lieve groetjes uit SA,

Karin.

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Marianne Van Beek
Sent: 30 June 2009 12:29 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] I'm so sorry

Hi Karin

Dank je voor je mailtje. Ik heb heel veel positieve reacties gehad.
Fijn om
zo welkom te zijn. Inmiddels heb ik mijn email naam verandert in mijn
echte
naam, nu kunnen er geen vergissingen meer zijn.

Lieve groetjes uit Holland
Marianne

________________________________

From: Karin Serfontein <kss@mweb.co. <mailto:kss%40mweb.co.za> za>
To: SAGenealogie@ <mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
yahoogroups.com
Sent: Monday, June 22, 2009 9:07:58 AM
Subject: RE: [SA-Gen] I'm so sorry

Beste Marianne,

Wees verseker dat ons 'n vriendelike groep is en beslis nie aanstoot
geneem
het of sal neem nie.
Die tale wat so verskil van mekaar maak dit soms moeilik, veral dan

Afrikaans en Nederlands.

Geniet 'n baie mooi dag daar in Nederland,

Groete vanuit Suid Afrika,

Karin.

_____

From: SAGenealogie@ yahoogroups. com [mailto:SAGenealogie@ yahoogroups. com]
On
Behalf Of mispoes@ymail. com
Sent: 21 June 2009 11:56 PM
To: SAGenealogie@ yahoogroups. com
Subject: [SA-Gen] I'm so sorry

Beste Allemaal

Vandaag kreeg ik een mailtje waarin mij uitlegde dat mijn mailnaam niet netjes is in het Zuid-Afrikaans. De betekenis van die naam is voor mij iets
héél anders dan het in SA is. Dat spijt me zeer. In het Hollands is het een
onschuldige naam. Helaas is mijn kennis van het Afrikaans te gering om dat
verder te kunnen beoordelen.

Héél veel moeite heb ik vandaag dan ook gedaan om te proberen deze mailnaam
te veranderen, jammer, maar dat lukt me niet! Het enige wat erop zit is om
een ander account te nemen. Niet erg, maar wel een heel gedoe met het omzetten van mailtjes en groups. Toch ga ik ermee aan de gang.

Zodra dat gelukt is, zal ik hier een adreswijziging zetten.

Mijn excuses voor als ik ongewild iemand beledigt heb, dat is nooit mijn
bedoeling geweest.

Hartelijke groet
Marianne

7. Potgieter trek
Posted by: "Martin Knoetze" brakenjan@xplornet.com   lovegenaca
Mon Jun 29, 2009 6:30 pm (PDT)

Naand almal

My Knoetze voorgeslag het op Boshof in die OVS gewoon voordat hulle afstammelinge verder noord getrek het en by Cullinan gevestig het.

Volgens modelingse oorlewering vanuit die familie, het my Knoetze voorgeslag saam met die Potgieter trek uit die Kaap provinsie getrek en in die Boshof omgewing gevestig. Moeilik om te bepaal of die storie waar is.

Wat ek graag wil weet, was daar al 'n poging aangewend om, of bestaan die name van mense wat saam met die onderskeie trekke gegaan het. Indien
wel, waar kan ek so iets kry.

Groetnis
Martin

8. [KOERANT]BEELD-BEZUIDENHOUT Abrahamb [75]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Mon Jun 29, 2009 11:37 pm (PDT)

'Ek voel net pyn soos honde vleis uitskeur'
Jun 29 2009 09:59:02:390PM - (SA)Mia Willemse

Vier bokserhonde het 'n bejaarde man eergistermiddag in Pretoria aangeval en onder meer 'n stuk van sy kuit uitgebyt.

Mnr. Abraham Bezuidenhout (75) het erge bytwonde aan sy regterbeen, albei arms en gesig opgedoen. Die honde het selfs 'n klos van sy hare uitgetrek, het Bezuidenhout gister in sy hospitaalbed in die Kalafong-hospitaal in Pretoria-Wes vertel.

Hy het eergister 'n entjie gaan stap terwyl hy by sy skoondogter in Claremont in Pretoria-Wes gekuier het.

Die honde was glo in 'n erf op die hoek van Pretoria- en Klein Bremmerstraat ('n systraatjie langs Bremmerstraat). Dis direk oorkant 'n laerskool waar daagliks kinders verbystap.

Volgens Bezuidenhout was die erf se skuifhek op 'n skrefie oop en het een van vier bokserhonde hom bestorm.

"Ek het geskree: 'Voertsek, voertsek,' maar die verdomde honde weet mos nie wat 'voertsek' beteken nie. Al vier het my toe bestorm en begin byt. Al wat ek kon voel, was die pyn van my vleis wat uitgeskeur word. Ek het net my gesig en nek toegehou."

Mnr. Tony Young (31), 'n duikklopper van die omgewing, het die honde met 'n graaf van Bezuidenhout verwilder, nadat sy sewejarige dogtertjie eerste gesien het Bezuidenhout word aangeval.

Young het vertel hy het die "oom" op die sypaadjie gesien en dadelik na 'n graaf gegryp om die honde te verwilder.

"Een van die honde het my en my dogtertjie ook bestorm. Ek het hom met my graaf deur sy gesig geslaan."

Nadat Young en ander mense die honde verwilder het, het hulle handdoeke op Bezuidenhout se wonde gesit. Hy het baie bloed verloor en is onder meer aan die polse gebyt.

Die eienaar van die honde, wat nie sy naam wil laat publiseer nie, het gesê toe hy omstreeks 08:00 eergister by sy huis weg is, was al sy hekke gesluit en al sewe sy honde binne die erf.

Hy het gesê hy weet nie hoe die honde uitgekom het nie en dat hulle nog nooit tevore iemand gebyt het nie. Die man het bespiegel dat iemand sy erf dalk onregmatig probeer binnekom en die hek oopgelos het.

Me. Pam Zeiler van die Bokservereniging van Suid-Afrika, het gesê dié honde is gewoonlik nie aggressief nie en dat dit baie ongewoon is dat hulle iemand aanval.

"Hulle is sosiale honde wat daarvan hou om deel van 'n familie te wees."

Me. Sophia Bezuidenhout, Bezuidenhout se skoondogter, het gesê hulle wil 'n klag by die polisie indien sodra haar skoonpa uit die hospitaal ontslaan word.

9. [KOERANT]BEELD-DE VILLIERS Willem [60]
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Mon Jun 29, 2009 11:37 pm (PDT)

Marietie Louw-Carstens

Polokwane (Pietersburg). - 'n Bekende dokter van Louis Trichardt is eergisteraand hier in die Limpopo Medi-Clinic dood.

Dr. Willem (Wim) de Villiers (60) is dood nadat hy sowat 'n jaar lank kolonkanker gehad het. Hy het nog tot Vrydagoggend pasiënte gesien.

In 1975 het hy by sy pa, dr. Willem (ou Wim) de Villiers sr. se mediese praktyk in Louis Trichardt begin praktiseer. Sy pa het die praktyk toe al meer as 30 jaar bedryf. De Villiers sr. is in 1987 dood, waarna sy seun die praktyk in Ruhstraat oorgeneem het.

De Villiers se vrou, Marica, het gesê haar man het sowat 'n jaar gelede besef hy het kolonkanker. Hy het niemand vertel nie. "Hy het my eers in Mei daarvan gesê."

De Villiers wou ook nie behandeling gehad het nie.

Volgens sy vrou het hy die laaste paar maande baie gewig verloor. Die afgelope maand kon hy slegs verdunde kos inneem. Vrydagoggend het hy gaan werk, maar teen 10:30 erge pyn gehad en huis toe gegaan.

"Hy het geweier dat ek hom hospitaal toe vat en het gekrul van die pyn."

Mev. De Villiers, 'n fisioterapeut, het Saterdag in die vroeë oggendure met haar man na die Limpopo Medi-Clinic in Polokwane gejaag. Hy het kort voor 05:00 'n noodoperasie ondergaan vir 'n groot obstruksie in sy kolon.

Die kanker het al na sy lewer, blaas en niere versprei. Hy is in die waakeenheid behandel en moes kort-kort met morfien ingespuit word vir erge pyn.

"Hy het swaar gekry en drs. Dawid Cronjé (chirurg) en Pierre Burger (internis) het gedoen wat hulle kon, maar hy is Sondagaand 20:03 weg."

'n Roudiens word oormôre 11:00 uit die NG kerk Soutpansberg gehou.

De Villiers sal veras word.

10. Indeksering Sterftekennise
Posted by: "LS" capeyamu@gmail.com ldsvoboda
Tue Jun 30, 2009 12:01 am (PDT)

Hallo Dennis
Ek is 'n redelike nuwe lid en is nog besig om stelselmatig deur al die 'posts' te werk. Daarom het ek eers vandag afgekom op hierdie projek.

As 'n 'buitelander' is ek verheug oor die projek en hoe dit iemand soos myself sal help, so as jy nog hulp soek, is ek bereid om te help.

Vriendelike groete
Lizette

11. [KOERANT]VOLKSBLAD VISTA-MARX Tom [71] en Marion
Posted by: "TEIR Elizabeth" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Tue Jun 30, 2009 3:24 am (PDT)

Brand verwoes huis
Jun 25 2009 01:53:04:637PM - (SA)
Gerrie van Eeden

"Die mense wat nog op dié dorp oor is, is waarlik vasbyters," so sê mnr. Tom Marx van Kerkstraat in Welkom nadat sy huis Donderdagaand afgebrand het.

Die verwoestende brand het omstreeks 17:50 ontstaan en toe die brandweer uiteindelik teen 18:20 opgedaag het, was die huis amper verwoes. Die brandweer het die oproep oor die brand eers om 18:15 ontvang en was binne etlike minute op die toneel.

Daar was egter net drie lede van die brandweer op die toneel en een lid wat af was, het ook opgedaag en volgens omstanders gehelp.

Marx, wat Vrydag ná die ramp sy 71ste verjaardag gevier het, en sy vrou, Marion, het volgens Marx alles verloor.

Dit wat nie deur die brand verwoes is nie, het weens die brandbestryding waterskade gekry. Net die kluisinhoud is nie beskadig nie.

Marx en sy vrou woon op die oomblik by die bure en die versekeringsmaatskappy het reeds 'n bedrag aan hulle betaal om tydelik ander verblyf te kry, maar hul bure en vriende het goedhartiglik aangebied dat hulle daar kan bly sodat hulle na hul drie honde en vyf katte kan omsien.

Die een kat, wat volgens mev. Marx al 19 jaar oud is, word sedert die brand vermis. Volgens Mnr. Marx neem hulle gereeld rondloperdiere van die park oorkant hul huis in en sorg dan vir hulle.

Die brand is na bewering veroorsaak deur 'n elektriese kortsluiting in die buitekamer wat as stoorkamer gebruik is. Die Marx'e het hulle gereed gemaak om die Twintig20-krieketwêreldbekerwedstryd tussen Suid-Afrika en Pakistan op televisie te kyk toe hulle agtergekom het die kamer is aan die brand.

Hulle het met 'n brandblusser en die boorgat se tuinslang probeer om die brand onder beheer te kry.

LG-sekuriteit, wat die huis oppas, was binne minute ook op die toneel en het probeer help.

Die storie het darem 'n silwerrandjie en ER24 se personeel en Pick 'n Pay het Vrydag aan mnr. Marx 'n verjaardagkoek en basiese kruideniersware geskenk

12. Begrafnis Brief
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Tue Jun 30, 2009 4:46 am (PDT)

Ek was vandag by my goeie vriendin se begrafnisdiens. Hier is haar besonderhede:

Mara du Toit (gebore Greyling)
1 Februarie 1953 - 24 Junie 2009

Diens gehou in die Ou Apostoliese Kerk, Durban Noord. 30 Junie 2009 om 10:00
Diens gelei deur Oudste Reynecke en Priester van As.
Draers;
Bennie Gretling Broer
Gerhard Greyling Broer
Martin Kirsten Swaer
Carel Muller Neef
Kevin Reynecke Vriend
Norman Reynecke Vriend

Groete
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

13. Gemsbokvlakte, Kerkhowe op plase
Posted by: "christo_heymans" cheymans@mweb.co.za   christo_heymans
Tue Jun 30, 2009 5:46 am (PDT)

Beste lyslede,
ek het so twee weke gelede besoek afgelÃª in die Gemsbokvlakte, suid van Tosca, so 100 kilometer suid van die Botswanagrens, soos 'n kraai vlieg. Die excelleÃªr het ek op SAGEN op yahoo gelaai. Al die kerkhowe is in die omgewing van S25 53.383 E24 26.655.
Die grafte van Maria Lee (moordenaares), NÃ©Ã© Van Niekerk, se ouers is ook in die omgewing.
Sekere fotos het ek Fotki gelaai, maar as daar belangstelling is, sal ek die fotos aanstuur, dit sal tyd neem, aangesien die leÃªrs 2.9mb elk is.
Grte.
Christo.

14a. Re: Ausker familie van Frankfort, OVS
Posted by: "Lucas Rinken" lgrinken@iburst.co.za   lucasrinken
Tue Jun 30, 2009 6:23 am (PDT)

Dag Fanie,
e-SAGI bevat net een - Louis Ausker X Cornelia Margaretha
Grobler/Grobbelaar.

Geen verdere besonderhede behalwe haar ouers.

Groetnis,

Lucas

On Sun, 28 Jun 2009 20:28:06 +0200, Fanie Buys <sbbuys@mweb.co.za>
wrote:

> Hallo Lyslede
>
>
> Is daar iemand wat al navorsing gedoen het oor die AUSKER familie van
> Frankfort in die Oranje Vrystaat ?
>
>
> Groete
>
>
> Fanie Buys
>
> Posbus 2924
>
> Sasolburg
>
> 0829296695
>
>
>
>

>

--
Using Opera's revolutionary e-mail client: http://www.opera.com/mail/

15. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 29 Junie 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Tue Jun 30, 2009 7:32 am (PDT)

In Memoriam
VAN ZYL, Theuns. *29 Junie 1947. Jou eerste verjaarsdag in die Hemel.
Vrou Marie, kinders, kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 29/06/2009)

Hester Marx Loerie

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3871

Datum: Tuesday, June 30, 2009

Daar is 3 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Fw: [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 30 Junie 2009 From: P Marx
2a. ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS From: Berna Julietta van de Venter
3a. VAN RENSBURG Dilemma From: Johann Hanekom

1. Fw: [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 30 Junie 2009
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Tue Jun 30, 2009 7:49 am (PDT)

----- Original Message -----
From: P Marx
To: BUITENPOSTEN-L@rootsweb.com
Sent: Tuesday, June 30, 2009 4:47 PM
Subject: [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 30 Junie 2009

Sterfgevalle
HAYWARD, Fred. Tragies +Sondag 28 Junie 2009. Ouers Fred en Marié. (Die Burger Oos-Kaap 30/06/2009)

MILNE, David Peter. +26 Junie 2009. (Die Burger Oos-Kaap 30/06/2009)

SLABBERT, Sarah Maria. +Donderdag 25 Junie 2009 87 jaar by Valleihof, Kirkwood.
Ons ma, ouma en oumagrootjie. Begrafnisdiens Dinsdag 30 Junie 2009 11:00
NG Kerk Parkheuwel, Adcockvale, Port Elizabeth. Forest Hill-begraafplaas.
(Die Burger Oos-Kaap 30/06/2009) J T Schooling, Kirkwood 042 230 0508 / 082 718 2717

Dankbetuigings
PAXTON, Kosie. Dankie vir onderskraging tydens heengaan van ons geliefde Kosie.
Rienie en PAXTON-familie.

In Memoriam
CLOETE, Flip. Vandag nege jaar oorlede. Susie en kinders. (Die Burger Oos-Kaap 30/065/2009)

Hester Marx Loerie

2a. ABO: 24 September 1901, Lombaardsdam, OVS
Posted by: "Berna Julietta van de Venter" bernajul@telkomsa.net
capricornjump
Tue Jun 30, 2009 8:08 am (PDT)

Goeie middag Ariel

Ek sal ook so 'n kopie van hierdie boek waardeer. Ek het ook 'n
oupagrootjie en broers wat gevangene geneem is maar waarheen weet ek
nog nie
Ek moet nog weer met Elria in verbinding tree om dit te probeer
vasstel.
Ek het egter op die oomblik baie hooi op my vurk en is siekerig. Die
vingers is skoon styf van koue, sjoe, sukkel met tik.

Die Ds MacDonald prikkel nou weer my nuuskierigheid ook hoor. Daar was
'n
Ds André MacDonald by die Brandfort Oos-gemeente, NG Kerk. Die einste
dominee André was springbok agsteman. Hy het saam met Dr Danie Craven
gespeel daardie dertigerjare maw as ek nou reg onthou 1933 - 1937
daardie
tydperk. Ek was 'n baie jong dogter toe hy Ds was van my oupa-hulle
hier in
die sestiger- vroeg, sewentigerjare. Nodeloos om te sê hy het nie lank
daarna afgetree. Sy een dogter was ons musiekonderwyseres hier rondom
1973
toe ek in St 5 was. Ek wonder net of dit dieselfde dominee was. Hy was
'n
groot gees. Daniël praat van dominee maar Ariël se boek is Mr RD en
sover
ek kan onthou was ds André JAJ, dis nou sy voorletters.

Ieder geval ek stel belang in die boek, in die elektroniese kopie.

Pasop net vir al die wintersiektes, veral diegene wat vatbaar is vir
verdere komplikasies wat onderliggende chroniese siektes het.

Vriendelike groete
Berna
----------

Goeie middag Ariel

Ek sal ook so 'n kopie van hierdie boek waardeer. Ek het ook 'n
oupagrootjie en broers wat gevangene geneem is maar waarheen weet ek
nog nie
Ek moet nog weer met Elria in verbinding tree om dit te probeer
vasstel.
Ek het egter op die oomblik baie hooi op my vurk en is siekerig. Die
vingers is skoon styf van koue, sjoe, sukkel met tik.

Die Ds MacDonald prikkel nou weer my nuuskierigheid ook hoor. Daar was 'n
Ds André MacDonald by die Brandfort Oos-gemeente, NG Kerk. Die einste
dominee André was springbok agsteman. Hy het saam met Dr Danie Craven
gespeel daardie dertigerjare maw as ek nou reg onthou 1933 - 1937 daardie
tydperk. Ek was 'n baie jong dogter toe hy Ds was van my oupa-hulle hier in
die sestiger- vroeg, sewentigerjare. Nodeloos om te sê hy het nie lank
daarna afgetree. Sy een dogter was ons musiekonderwyseres hier rondom 1973
toe ek in St 5 was. Ek wonder net of dit dieselfde dominee was. Hy was 'n
groot gees. Daniël praat van dominee maar Ariël se boek is Mr RD en sover
ek kan onthou was ds André JAJ, dis nou sy voorletters.

Ieder geval ek stel belang in die boek, in die elektroniese kopie.

Pasop net vir al die wintersiektes, veral diegene wat vatbaar is vir
verdere komplikasies wat onderliggende chroniese siektes het.

Vriendelike groete
Berna

3a. VAN RENSBURG Dilemma
Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org   johann.hanekom
Tue Jun 30, 2009 9:10 am (PDT)

Liewe Lysgenote

Ek is besig om inligting in my databasis aan te suiwer, en ontdek dat sekere
inligting wat ek aan Lucas Rinken verskaf het vir insluiting in e-SAGI
korrup is - en nie net 'n bietjie nie.

Vir die wat enige weergawe van e-SAGI besit, gaan dit om RIN 368229, sy
voorsate en nasate. Op die oomblik skyn dit of die arme man aan 'n gesplete
persoonlikheid lei, want hy is homself, sy oupa en sy kleinseun
tegelykertyd! Op een of ander manier het daar 'n sirkulêre koppeling onstaan
wat ek graag sou breek om die data reg te stel.

Ek vermoed sy ouers is Philippus Jacobus JANSE(N) VAN RENSBURG x Maria
Susanna Magdalena HANEKOM

Hyself, Nicolaas Esaias JANSE(N) VAN RENSBURG *24 Nov 1909 +1 Aug 1985
Fauresmith x 13 Jan 1933 Barkly Wes Anna Elizabeth Jacoba FOUCHE * 17 Des
1904 Calitzdorp + 22 Sep 2002 Parys, OFS

Ek het 'n lys van sy kinders, maar die is tans hoogs verdag en omdat ek geen
datums vir hulle het nie kan ek nie die lus breek nie.

Is daar 'n VAN RENSBURG/JANSEN VAN RENSBURG kenner wat my hiermee kan help?
Ek soek bevestiging van sy ouers en sy kinders

Baie dankie

Johann